# Vrye Weekblad

28 FEBRUARIE - 5 MAART 1992
R2,20 (BTW Ingesluit)

164



Sal jy 'n tweedehandse tuisland van dié man koop?

# ja is nie ja vir FW nie, **dis nee vir AP**

## Waar lê Afrikaans, op die tong of in die wet?

**Even Chris Hani**
says vote yes

**087-nommers**
laat agies opdok

**Die Kaapse Troepe**
en die China Blom

**CRICKET:** A SOBER ASSESSMENT AFTER THE VICTORY

# inhoud


## AKTUEEL

Pragmatism prevails at ANC 4
Max du Preez oor die referendum 5
Referendum nie 'n towerformule nie, sê Sampie Terreblanche 6
Cricket: The ghosts of doubt put to rest 7
'n Nuwe hoofstuk van geweld 8
Waar leef Afrikaans: op die tong of in die wet? 13
Kodesa-verklaring oor die referendum 14
This is the future, says Denis Herbstein 17
'n Stil revolusie in Afrika 26
Die grond behoort aan die gode 27

## MENSE

Die Kaapse Troepe: luister na die storie van die China Blom... 9
The roller coaster that is the New SA 16

## REIS

Selfs 'n volmaakte land soos Swede het probleme 22
Sweden's like Yeoville - at -7 degrees Celsius 23

## INTERNASIONAAL

Tronk toe omdat hulle vryheid wou hê 24
Kinderlose pare beproef Chinese tradisie 24
Australië in oproer oor koninklike besoek 25
Woestyn staar Nigerië in gesig 25

## BOEKE

'n Verdienstelike poësie-oes 29
Iets om aan te proe 29

## KONS

Breek af die mure! VWB vier groot fees 18
Gideon Mendel at the World Press Photo contest 34

## RUBRIEKE

Brolloks en Bittergal 12
Hennie Serfontein se Oor op die grond 12
Tienie du Plessis praat Groen 16
Riana Scheepers gesels dié week 31
Tim Sandham oor sport 31
Vrye Keuse 38
Nettie Pikeur se fynproe 39

## GIDSE & DIENSTE

Kleinadvertensies/Smalls 30
Dié week se TV-programme 32
Rolprentgids 36


Voorbladfoto deur David Goldblatt/Southlight


No 164


# vrydagoggend



MAX DU PREEZ

## Ek stem vir die einde van wit politiek, maar dis g'n Ja vir FW nie

EK gaan ja stem op 17 Maart. Maar my ja is nie 'n ja vir die Staatspresident of die Nasionale Party nie.

Die belangrikste rede waarom ek ja gaan stem, is omdat ek glo dit is die vinnigste manier om finaal 'n einde aan die oorheersing van wit politiek te bring.

Want as die meerderheid ja stem, dan gaan daar nie weer 'n wit verkiesing wees nie, en gaan die referendum wat oor 'n nuwe grondwet gehou gaan word, ook nie op 'n rasse-grondslag geskied nie.

Solank ons politiek op 'n rasse-grondslag gevoer word, perpetueer dit die skeiding tussen wit en swart en lei dit veral tot swart agterdog oor witmense se rol in die politiek en hul werklike agenda.

Kan jy jou indink watter luukse dit gaan wees as die leiers van die huidige regering nie elke dag oor hul regterskouer hoef te loer voor hulle iets doen nie? Hoe lekker dit gaan wees om die eerste keer werklik te voel ons is besig om aan 'n demokrasie te bou eerder as nog 'n NP-foefie? Om nie met die regse dinosourusse hoef te argumenteer oor watter reg hulle op TV-tyd, ensovoorts het omdat hulle meer as die helfte van die witmense verteenwoordig en die amptelike opposisie in die wit Volksraad is nie?

Dit was ook hoog tyd dat dit gebeur. Die klem op wit politiek in ons land is heeltemal uit pas met wat die "Nuwe Suid-Afrika" veronderstel is om te wees, en heeltemal in stryd met die gees van Kodesa.

**'N MEERDERHEID JA'S IN DIE** referendum gaan natuurlik nie beteken alle witmense is skielik tevrede met hul lot nie. Die harde regses en rassiste sal steeds met ons wees en hul bitterheid ook, so ook regse terreur.

Maar die arrogansie en valse selfversekerdheid sal soos skubbe van die Andries Treurnichts en Ferdi Hartzenbergs afval en hul voete van klei ontbloot.

Dié twee en hul kollegas in die KP-leierskap behoort nou ontmasker te word as valse profete wat weens eie magsug hul volgelinge met emosie 'n rat voor die oë draai, want as ervare politici wéét hulle daar is geen manier waarop die KP se visie die gewone witmense of Afrikaners enige sekuriteit, "selfbeskikking" of stabiliteit en 'n goeie lewe kan gee nie.

'n Ja-stem gaan baie van die raserige regse ondersteuners - maar ook die doodgewone, sout-van-die-aarde konserwatiewes - laat besef dat die wit demokrasie wat hulle so sterk ondersteun, nou wel toegepas is en hulle moet hulle daarby neerlê. En voor hulle weet, is hulle gewoond aan die nuwe omstandighede - amper soos 'n kreef in 'n bak water wat stadigaan tot kookpunt verhit word.

(Ons moenie die gewone lede van die KP se sin vir demokrasie onderskat nie. Dit was húlle, deur hul agterbanker LP's en met die hulp van Koos van der Merwe, wat die partyleiding teen hul sin verplig het om aan die referendum deel te neem.)

Selfs dit beteken nog nie dat hulle tevrede landsburgers gaan wees nie. Dié mense moet voortaan ferm maar met heelwat deernis behandel word. Entoesiasties oor nie-rassigheid sal hulle tog nooit wees nie, maar ons moet minstens probeer om hulle minder bedreigd te laat voel, anders bedreig hulle dalk die res van ons.

**EK VIND DIT BAIE JAMMER DAT** die regering besluit het om die referendum-vraag so nou om die persoon van staatspresident FW de Klerk te formuleer.

Sou dit nie veel beter vir almal gewees het nie as die vraag bloot gelees het: "Ondersteun u die voortsetting van die hervormingsproses wat in Februarie 1990 begin is en wat gerig is op 'n nuwe grondwet deur onderhandeling?"

Want my ja-stem gaan g'n 'n "Ja vir FW" wees soos die eerste NP-plakkaat in die referendum-veldtog lees nie.

Ek respekteer De Klerk vir dit wat hy tot nou vermag het, en vir die waagmoed om sy loopbaan aan die beslissing van 'n referendum te onderwerp.

Maar De Klerk bly die hoofleier van die Nasionale Party, die uitvoerende hoof van die regering, die man wat uiteindelik in beheer staan van die Weermag, die Polisie en die Nasionale Intelligensiediens. En ek het ernstige probleme met sy hantering van elkeen van dié poste, en ek het probleme met elkeen van dié instansies (party natuurlik meer as ander - een van hulle het Vrye Weekblad juis dié week weer met 'n duur hofinterdik gedreig omdat ons nog 'n aaklige vergryp opgediep het. Jammer, ons mag nie eens sê waaroor dit gaan nie.)

**AS IEMAND NOG TWYFEL OOR** waar die hart van die NP werklik lê, moes hy of sy die aand voor Potchefstroom na die debat tussen Barend du Plessis en Ferdi Hartzenberg op TV1 geluister het. Du Plessis het gesê die NP het nooit apartheid of partisie "as beginsel verwerp nie", maar dit bloot as beleid afgeskaf omdat daar te veel praktiese probleme mee was.

Met ander woorde, die lippetaal aan demokrasie en die bou van 'n gemeenskaplike nasiedom is bloot strategie wat uit nood gebore is. Nog anders gestel, die NP is eintlik maar die KP met common sense.

Ek weet op 17 Maart gaan ek baie sensitief voel as ek my swart en bruin kollegas en vriende vra hulle moet my verskoon, ek wil net gaan stem.

Maar ek sê nou al vir hulle dat hulle dit maar moet aanvaar as een van daardie laaste stuiptrekkings van apartheid. Die witmense het nog die meeste mag - regeer inderdaad die land nog alleen - en hier is 'n manier om dié toestand ongedaan te help maak. 'n Ras-gegronde metode om van rassisme ontslae te raak.

Amper soos om 'n strook gras te brand sodat 'n veldbrand nie moet versprei nie.

'n Oorweldigende ja kan 'n ongelooflike opwelling van 'n positiewe nasionale optimisme onder die meerderheid Suid-Afrikaners tot gevolg hê, iets wat ons nou bitter nodig het.

Veral swart en bruin Suid-Afrikaners het 'n duidelike sein van hul wit landgenote nodig.

Ek het nooit gedink ek sal dit aan wit landgenote kan sê nie, maar hier kom dit: Stem vroeg, stem reg, stem dikwels...

(Terloops, ek het 'n paar bottels wyn op 'n 62,5 persent ja-stem.)

# briewe

## Genoeg is genoeg

**Hendrik Jaars van Heldedal skryf:**

Kobus de la Porte van Durbanville se brief "Ryk leiers, arm mense" (VWB Briewe, 7-13 Februarie 1992) het my bloed laat kook. Dis walglik dat die briefskrywer dr Allan Boesak se persoonlikheid, rondom die beweerde aankoop van 'n erf, só uitmelk dat 'n mens wonder wat van sy selfrespek geword het.

Na al die onsmaaklikhede wat die skindertonge gevoer het rondom Boesak sedert hy van sy vrou, Dorothy, geskei het, ontstaan die vraag: Tot watter vlak het ons nou gedaal? Daar word nie met dié skrywe voorgegee Boesak is 'n engel wat nie 'n voet verkeerd kan sit nie, maar wel dat niemand die reg het om ander se persoonlikhede te beswadder nie.

As ons nie meer respek vir ander mense se private sake het nie, hoeveel het ons vir ons self oor? Eers was dit sy egskeiding, toe sy baby wat in Desember verlede jaar gebore is, en nou is dit sy huis. Genoeg is genoeg.

Dat Boesak *Die Burger* hof toe gesleep het, is 'n welkome stap. Die media is daar om 'n waghond te wees oor die belange van die landsburgers, en nie om op ons in die slaapkamer te spioeneer nie.

Ek koop gereeld *Die Burger* as ek in die Kaap is, en die indruk wat ek kry, is dat dié koerant uit pas is met die huidige verwikkelinge in die land. Die pers het lank geen vryheid in ons land gehad nie. Die bietjie wat hulle nou het (en dit sluit *Die Burger* in), kan hulle nie eers maksimaal benut nie.

Ek is trots op Boesak en ek het hoë agting vir sy intellektuele integriteit. Hy is een van ons land se toonaangewende leiers. Om hom en die Mandelas van 'n yuppie-lewenstyl te beskuldig, openbaar 'n groot mate van dwaasheid. Niemand kan hulle integriteit en deernis met die massas bevraagteken nie.

(Brief heelwat verkort - Redakteur)

## Dink voor jy doen

**Tinus de Bruyn van Yeoville skryf:**

Michael Scallan se vertolking (VWB Briewe 14-20 Febr) van my brief (VWB 10-16 Jan) laat hom juis in dieselfde argumentsgat trap as Bruwer. Miskien wantrou hy my persoonlike motiewe - dis te verstane; op papier steek mens maklik jou ware kleure weg. Laat my dus toe om die volgende te noem:

Vir Scallan en Bruwer is moraliteit 'n middeleeuse denkproses waarby vrese omgesit word in vooroordele. Dié vooroordele word dan deur outoritêre magte onderskryf as moreel korrek - om sodoende die burgery uit te buit.

Myns insiens is nóg vooroordele, nóg magsmisbruik moreel regverdig. Moraliteit as 'n intellektuele proses, maak behoorlik ingeligte besluitneming moontlik, die uiteindelike besluit berus dus nie op vrese óf plesiermotiewe nie, maar eerstens op rasionele denke. Kortom, dink voor jy doen!

Dit is boonop 'n wanopvatting dat alle individue in staat is tot volwasse intellektuele besluitneming. So 'n argument kan net in die vakuum van teoretisering werk. Dit hou nie rekening met die belange van kinders of oningeligtes nie, en ook nie met die demoraliserende uitwerking van armoede en langdurige werkloosheid nie. Dat moraliteit nie veilig is in die hande van politici nie, het die geskiedenis al voldoende bewys. Sonder beheer word die individu weer uitgebuit deur slinkse bemarking. Sinnelose waardes word geskep om as mark vir produkte te dien. Andersyds volg die individu eenvoudig populêre strominge om "in" te wees by die groep. Piet en Klaas bepaal die morele waardes van die dag.

Morele beplanning op 'n staatkundige vlak is dus onvermydelik en noodsaaklik, maar hoort in die hande van wetenskaplikes, nie politici of besighede nie. Slegs die wetenskap kan objektief en selfherstellend optree. Het moraliteit nog nie lank genoeg gedra aan pop-filosofie nie? Waar is die sosio-psigologies navorsers en ander vakkundiges? Gaan ons hul opinies in *Vrye Weekblad* kry, of gaan Suid-Afrika ook maar buig voor die verbruikersideologie van kapitalisme? Komaan! Ons het antwoorde nodig wat kan werk, nie net opinies nie.

**(Johannes Bruwer antwoord:** Die briefskrywer het my verkeerd verstaan as hy meen ek is 'n voorstander van immoraliteit. My artikel was geen loflied op De Sade nie, dit was 'n poging om te verstaan hoe 'n gewelddadige seksualiteit kan ontstaan soos dié wat hy - en ander hard-core pornograwe - beskryf. Siende dat seksuele handelinge vir De Sade net betekenisvol is indien dit 'n bepaalde taboe oortree, is dit seker nie onbillik om sy soort immoraliteit - en alle pornografie - as die regstreekse gevolg van repressie te beskou nie. Hy beskryf geen natuurlike seksualiteit nie, maar 'n seksualiteit wat deur 'n bepaalde kultuur gevorm is: die patriargie.

'n Mens kan seksuele taboes nie summier gelykstel aan moraliteit nie. In ons eie land is byvoorbeeld 'n taboe op seksuele omgang tussen wit- en swartmense ingestel met die "morele" goedkeuring van die NG Kerk, wat sodanige seksuele omgang selfs as "sondig" voorgehou het. Taboes is veranderlike kulturele skeppings - selfs al duur sommige vir millennia - en hul werklike ideologiese funksie is dikwels verskuil.

Ware moraliteit, myns insiens, is 'n lewensbeskouing wat verseker dat mense mekaar en hulself nie skade aandoen nie, maar naasteliefde bevorder. Die soort repressie wat 'n De Sade oplewer en die soort taboe wat liefde tussen mense verhinder, kan nie as onskadelik beskou word nie. Die "morele" taboe op seks tussen wit en swart was, byvoorbeeld, in dié opsig "immoreel")

## Man is dead

**Gideon Strauss of Bloemfontein writes:**

Oooh yes! That scatonomical anachronism again! Michael Scallan (VWB Briewe 14-20 Feb), I strongly suggest you follow the courageous leadership of Max du Preez and substitute "fundamentalist" for "fascist" in your vocabulary of abuse. Let us not be unfashionable.

Nonetheless, this moral fascist found your harangue against sittlechkeit both intriguing and amusing, if eventually fuddleheaded. So everybody should have their very own morality and have at it? Oh bravo! I'm sure you will find the ashes of fascist morality rekindle in your bowels when next some moral solipsist, in a fit of free and natural self-expression, liberates your video machine. Cold comfort, this freedom-loving nihilism, for the countless women subjected to a fate worse than death. Cold comfort for the victims of child and snuff pornography.

Here we are in the evening hours of the 20th century (a century which gave us the Khmer Rouge, the Gulag Archipelago, the abortion holocaust, and 6 million dead Jews) and there are still intellectualoids out there suggesting that people should "just be people", just be "natural". Astounding.

Let us face up to the facts. Man is Dead. We just couldn't crack it on our own. We need help. A postmodernity which has truly grown beyond modernism will acknowledge exactly our anxious need for a transcendent, ultrahumane morality. Be they Pagan, Muslim, Jewish or Christian, people living in the real world today agree on our dependence on someone from Beyond.

True courage is a virtue found, not in the attempted satisfactions of puerile lusts, but in an honest confrontation with and acceptance of real limits and real responsibilities. What we fascists call "morality".

# so sê hulle

"'n Mens moet baie versigtig wees, want as dit voorkom asof ons té besorg is oor De Klerk en handhawing van sy posisie, gaan dit deur die regses uitgebuit word."

***Nelson Mandela** in 'n onderhoud met* Newsweek *oor sy bereidwilligheid om staatspresident FW de Klerk te help om die regse bedreiging te neutraliseer.*

"The reason why Mengistu chose this site was to see that the body did not rise from the dead."


***Ethiopian state radio**, reporting on the discovery of Haile Selassie's secret grave underneath President Mengistu Haile Miriam's office.*

"Dêmmit man, ons moenie dat apartheid in die pad staan van so 'n goele span nie. Daai ouens het vandag 'n politieke slag met hul kolwe geslaan. Hulle het die wêreld gewys wat 'n verenigde Suid-Afrika kan doen. Ek is 'n trotse man, 'n baie trotse man."

***Steve Tshwete** oor die Suid-Afrikaanse krieketspan se oorwinning oor Australië in hul eerste wedstryd in die Wêreldbeker-krieketreeks.*

"Under no circumstances would we be here if your country smelled."

***Bob Jones**, an aide to pop singer Michael Jackson, explaining to journalists in the Ivory Coast last week that Jackson's habit of pinching his nostrils was a "nervous twitch" and not meant to imply that he didn't like the smell of his hosts.*




© 1992 SKELLEY — SAN DIEGO UNION

# het jy geweet

Suid-Afrikaners het verlede jaar 3 372 507 motors besit en 1 163 261 vragmotors en busse. Dit kom neer op 6,7 mense per voertuig.

Die VSA het in verhouding tot sy bevolking die meeste voertuie - 1,3 mense per voertuig. Die Amerikaners het verlede jaar 141 251 695 motors besit en 41 421 449 vragmotors en busse.

In Zimbabwe (26 mense per voertuig) was daar verlede jaar 264 360 motors en 66 000 vragmotors en busse.

In China (270 mense per voertuig) was daar 1 114 622 motors en baie meer vragmotors en busse - 2 812 068.


Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836-2151 en die faksnommer 838-5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 83-4879.


**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde.
**Politieke Korrespondent:** Hennie Serfontein
**Sub-redakteur:** Ryk Hattingh
**Kopieredakteur:** Johan Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Pearlie Joubert, Esma Anderson, Lucky Khuzwayo,

**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Irene Zulu
**Kantoor-assistent:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R2,20 (BTW ingesluit) Dit kos R110 (BTW en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (BTW ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopsbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter of Irene Zulu by (011) 836 2151.

# Pragmatism prevails at ANC

## The ANC has shown pragmatism in its handling of the potentially explosive issue of a whites-only referendum, believes HENNIE SERFONTEIN



Cyril Ramaphosa

**ONE** of the significant developments in the first week of the referendum campaign was the ANC leadership's swift about-face on its intitial response to State President FW de Klerk's call for a referendum of the white election.

The *volte face* reflected a pragmatic realism and a shrewd understanding that in a period of often confusing transition, the rules of "realpolitik" apply.

What the ANC grasped is that, in such a political climate, a blind commitment to puristic ivory tower principles can often prove strategically counterproductive.

Initially, in a joint statement issued by the ANC-Cosatu-SACP alliance in the first flurry of reaction to the announcement last Friday, the referendum was categorically condemned: "The ANC, Cosatu and SACP reject the notion of racial and ethnic referendums, and any exercise aimed at giving Whites a veto over the future of our country...

"A whites only referendum is not only the hallmark of racism, but also has the effect of delaying movement towards peace and justice for all our people."

From the above and other statements it is clear that they had not immediately grasped the real nature and significance of the present referendum, nor its crucial significance as a strategy to defeat - once and for all - the right wing through the ballot box.

But, over the weekend a process of intensive reassessment was embarked upon amongst the leadership of the ANC and its allies.

On Sunday night there was also contact between some top ANC leaders and certain NP cabinet ministers in the form of one of a series of regular private bilateral meetings designed to monitor the Codesa proceedings and to deal with other contentious issues arising.

The referendum issue was obviously discussed, with the NP explaining its strategy and pointing out that this referendum was not conceived as a means to testing electoral opinion on proposed constitutional changes - something which the ANC rejects if conducted on racially separate lines, but in fact a beast of a different and more aggressive political colour.

**ONE CONSEQUENCE OF THESE** discussions was that Cyril Ramaphosa, secretary general of the ANC, at a Monday afternoon press conference, refused to comment on the referendum, on the question announced by De Klerk, or on whether whites should vote or not.

De Klerk and his advisers had had three days in which to think about framing the question and working up a strategy, Ramaphosa noted and said the ANC also required time to assess the situation - which was eventually discussed by a working committee of the NEC on Wednesday.

However, by this time the ANC fully understood the crucial importance of the referendum, not only for the NP - its partner in the negotiating process represented by Codesa - but also for South Africa as a whole.

Equally well understood was that although the referendum itself is addressed to whites, South African politics are inextricably intertwined. Whatever the ANC and its allies do and say, or do not do or say, will have a profound impact on the white electorate.

Thus Beeld on Tuesday published a full page interview with ANC president Nelson Mandela. It dealt at length with the fears of Afrikaners about aspects of ANC policy and future plans. The purpose was crystal clear: Mandela wanted to allay white fears and to counter the distorted anti-ANC propaganda of the CP.

He was obviously proceeding from the realisation that the referendum is as much about the ANC as it is aboout the NP and its policies. Without actually saying it, Mandela was urging whites to vote yes.

**MOREOVER IN PRIVATE DISCUSSIONS** with leading members of the ANC and SACP at Codesa earlier this week, it was very clear that they now understood the importance and implications of the referendum.

They admitted that previously announced plans for mass actions in this period would be counter-productive. But, they explain, they are caught in a Catch-22 situation, because their followers do not understand the nuances of the referendum and are demanding some form of protest action.

I understand that one of the most senior ANC leaders had given an astonished white journalist a terrible dressing down a few days ago. Believing he would impress the ANC leader, the journalist explained from a puristic ideological perspective that he would of course not touch the referendum with a barge pole, and would instead abstain from voting.

The ANC man angrily told him bluntly that it was the duty of every white supporting the negotiating process, to go and vote - and to vote yes.

This is exactly what Chris Hani, the leader of the SACP and member of the ANC NEC said in an interview with VWB on Tuesday, even before the ANC leadership had finally drafted its response.

Then on Wednesday the ANC-Cosatu-SACP-alliance in a joint statement effectively came out in support of De Klerk stating: "We call on all those who consider negotiations the best vehicle to usher in a peaceful future for all of us to do everything in their power to defend the process." It said the negotiating process needed to be defended as it was under threat of the rightwing.

Subsequently Ramaposa in a radio interview said the rightwing threat forced the ANC to urge whites to vote yes, as a CP victory would lead to civil war.



Alex Boraine

# Stem ja, sê Boraine

ALEX BORAINE, uitvoerende direkteur van Idasa, doen 'n beroep alle blankes om ja te stem in die komende referendum.

Hy sê: "Ons is werklik by 'n kruispad. Die oorgrote meerderheid van die swartmense ondersteun reeds onderhandelings. Nou is dit tyd vir die blankes om hul gewig by die onderhandelingsproses in te gooi."

Boraine sê 'n aparte wit referendum is onafwendbaar op dié tydstip en swartmense steun reeds onderhandelings. "Die referendum sal blankes ook tot dié proses verbind."

Die enigste manier waarop pres FW de Klerk die referendum kan regverdig, sê Boraine, is nie om te sê hy is beter as Treurnicht nie, maar om te sê hy benodig 'n groot wit meerderheid om hom in staat te stel om die onderhandelingsproses te versnel.

Boraine sê hy hoop die referendum sal 'n ope, nie-rassige algemene verkiesing bespoedig.



Frederik van Zyl Slabbert

# 'An opportunity to escape the past'

The referendum is "a racial device to get rid of a racist past," says Dr Frederik van Zyl Slabbert, co-director of Idasa.

His reaction on State President De Klerk's announcement was: "The white referendum introduces no new principle in the negotiations. It is a racial device to get rid of a racist past - something which the ANC in particular has been actively supporting De Klerk in doing ever since his 2nd February speech. They, and others, which have an interest in effective negotiations towards a non-racial democratic outcome should urge whites to support De Klerk in the referendum, or at least refrain from messing up the climate prior to the referendum.

"One suspects that De Klerk government has not consulted widely with interested parties inside/outside Codesa on the how and what for's of this referendum. If so, one despairs at when they will ever learn what multi-lateral politics is all about. If they have done so and organisations and movements still wish to increase the political temperature through protest, confrontation and mass mobilization, one wonders when the realities of power politics will penetrate our negotiated transition.

"The CP is devoid of any vision and bankrupt in policy to deal with the current dynamics. It is extremely difficult to see how they can win a referendum. For South Africa to go forward is difficult - to go back is impossible. This is the crux of the choice between De Klerk and Treurnicht. For whites it is no choice - it is an opportunity to escape the past."

## Die stryd gaan oor die paar honderdduisend twyfelaars

# 'n Golf van welwillendheid aan die einde van die reënboog

**'n Sterk "Ja" in die referendum kan Suid-Afrika op 'n golf van nasionale welwillendheid plaas wat rasseverhoudinge 'n hupstoot sal gee en goeie nuus sal wees vir buitelandse beleggers, glo MAX DU PREEZ**

**DAAR** is versigtige, vroeë optimisme dat selfs meer as 60 persent van die wit kiesers op 17 Maart "Ja" gaan stem vir die Kodesa-proses om 'n nuwe demokratiese bestel uit te werk.

Die stryd om dié paar honderd duisend stemme wat nie harde regses is nie, maar ook nie getroue volgelinge van Staatspresident FW de Klerk en sy party nie, het dié week afgeskop.

Die eerste week van die veldtog behoort ongetwyfeld aan die Ja's.

Die Konserwatiewe Party en sy bondgenote verder regs het sleg weggespring. Die partyleiding wou eers die referendum boikot, maar is deur die koukus verplig om die uitdaging te aanvaar.

Dit het die gevoel onder die publiek laat ontstaan dat die party verdeeld, en die leiers wankelrig en bang vir 'n demokratiese toets is.


Die AWB se flater was nog groter. Eugene TerreBlanche het in die bestek van 'n paar uur van 'n volstrekte weiering om deel te neem omgeswaai na geesdriftige deelname.

Die AWB, die Boere-Weerstandsbeweging en ander ekstremistiese groepe se deelname aan die een kant, maar dreigemente tot oorlog as hulle verloor aan die ander kant, kan ook heelwat gewone mense afskrik wat andersins nee sou gestem het, want die persepsie bestaan nou dat die KP in alliansie met al dié groepe is. Net 'n baie klein minderheid witmense steun geweldpleging in dié stadium.

**AAN DIE ANDER KANT** van die munstuk het dit goed gegaan dié week.

Die onverwagte groot krieketoorwinning oor Australië - die eerste groot internasionale sportmededinging in jare - het 'n euforie onder wit Suid-Afrikaners meegebring wat gou deur die regering en die SAUK aan die referendum gekoppel is: As dit nie vir FW was nie, was dié oorwinning nie moontlik nie; en as die KP wen, sal dit weer nie moontlik wees nie.

Die uitwerking van internasionale sportoorwinnings op die nasionale psige moenie onderskat word nie. Daarvoor is genoeg bewyse in die geskiedenis van ander lande, of dit nou sokker, rugby of krieket is. Suid-Afrika is boonop 'n sportmal




land.

As die Suid-Afrikaanse krieketspan die meeste van sy wedstryde in die volgende twee weke wen, kan dit 'n hele klomp twyfelaars se koppe draai.

Die ANC se nuwe, meer pragmatiese houding jeens die referendum kan ook help, en so ook die besef in die geledere van die leierskap dat uitsprake en handelinge in die volgende weke behoorlik oorweeg moet word sodat dit nie mense onnodig die harnas in jaag nie. Gelukkig is die skool van denke in die swart gemeenskap dat 'n nee-stem wenslik is omdat daar dan na 'n gewapende stryd teruggegaan kan word, baie klein en sonder invloed.

**SOWEL DIE ANC SE HOUDING** as dié van progressiewe wit leiers soos Van Zyl Slabbert, Alex Boraine, Beyers Naudé en natuurlik die Demokratiese Party, beteken ook dat die wit kiesers op die linkervleuel waarskynlik meestal sal gaan stem.

Die NP se groot voordeel is natuurlik dat hy nie net genoeg geld - meer as R100 miljoen - het om 'n groot openbare veldtog te voer nie, maar dat alle meningsvormende koerante agter 'n ja-stem staan. En dan is daar die SAUK wat met sy radio en televisie die stryd gaan voer. Die KP daarenteen het net hul eie lyfblaadjie, Patriot. Selfs The Citizen vra vir 'n ja-stem, al is dit nie met veel geesdrif nie.

Die boodskap van al dié media is dat 'n KP-oorwinning sal lei tot burgeroorlog, terrorisme, nuwe sanksies en boikotte en dus ekonomiese verval. Die uitlatinge van swart leiers hieroor en die verklarings deur Westerse regerings oor sanksies en boikotte maak dié aansprake geloofwaardig.

**IN 'N POGING OM** dié spook dood te slaan, sê KP-leiers soos Andries Treurnicht en Koos van der Merwe nou dat die KP nie regtig die horlosie wil terugdraai na Verwoerd nie. Hulle sal byvoorbeeld nie summier die ANC weer onwettig verklaar nie, en sal nie die paswette sommer terugbring nie.

Hierop kan twyfelaars op twee maniere reageer: Dat dit 'n erkenning is dat apartheid nie meer 'n opsie is nie, wat beteken onderhandeling is die enigste uitweg; of dat 'n mens dan maar net sowel ja kan stem, want die KP gaan tog nie veel anders kan doen as wat die NP nou doen nie.

Maar terwyl die land asem ophou vir wat kan gebeur as daar 'n nee-stem is, lê daar 'n baie aanloklike eerste prys en wag in die geval van 'n sterk ja-stem: 'n golf van welwillendheid onder alle Suid-Afrikaners wat rassisme 'n sterk bloedneusen 'n welkome inspuiting vir Kodesa kan gee, wat binne enkele maande op 'n oorgangsregering moet ooreenkom.

Dié nuwe geesdrif vir die toekoms sal ook in die ekonomie neerslag vind, en boonop kan dit daardie ekstra hupstoot gee aan weifelende buitelanders om hul geld hier te kom belê.

'n Oorweldigende ja-stem behoort ook finaal alle vrese van 'n staatsgreep deur die polisie en weermag van die tafel te vee, want sonder die steun van die meeste witmense kan dit nie eens 'n vae moontlikheid wees nie.

Dit beteken ook, natuurlik, dat die praatjies oor 'n staatsgreep wat deesdae so algemeen in die generaals se teekamers gehoor word, dalk werklikheid kan word as daar 'n gelykop-uitslag is of as die neestemme wen.

## Stem ja vir 'n toekoms, sê Hani

**CHRIS HANI**, die SAKP-leier en 'n senior lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC), het 'n dringende beroep op alle witmense gedoen om ja te stem in die komende referendum.

Veel meer is op die spel as FW de Klerk of die NP, sê hy, want die referendum is deurslaggewend wat die onderhandelingsproses betref.

"Dis uiters belangrik dat alle witmense deelneem aan die referendum en ja stem," sê Hani. "Om nee te stem is nie eens 'n opsie nie."

Witmense het die plig om te gaan stem, sê Hani, "sodat hulle deur hul deelname kan help om 'n positiewe uitslag te verseker. As genoeg witmense nie ja stem nie, sal die alternatief - om John Vorster se woorde te gebruik - te afgryslik wees om aan te dink.

"Om ja te stem, beteken nie jy stem ja vir die regering en vir De Klerk nie. As jy 'n liberale of progressiewe witmens is, behoort jy ja te stem: ja vir onderhandelings, ja vir Kodesa, en uiteindelik ja vir ons land, Suid-Afrika.

"Dit sou vir ons almal lekker gewees het om niks te doen te hê met 'n afsonderlike wit referendum nie," sê Hani. "Maar die probleem van die regtervleuel is nie meer die probleem van een kant of een party nie. Ons hele land word daardeur geraak en dit het ons almal se probleem geword. Die tyd het aangebreek om beslis néé te sê vir dié mense."

Die uitslag van die referendum "sal ons toekoms raak", waarsku Hani. "Ons moet besef dis nog steeds die witmense wat die land regeer, wat in beheer van die veiligheidsmagte is en wat die ekonomie beheer. Die witmense is dus 'n belangrike groep in die land en ons kan dit nie bekostig om onverskillig te staan jeens hul vrese nie."

Die toekoms van die land hang nie van die witmense of van die swartmense af nie, sê Hani, "maar van ons almal se samewerking". - HENNIE SERFONTEIN

# Nou ja, nou nee... nou wat de hel!??

**So you think there's a fairly basic difference between yes and no and cement and coca cola? So did HUFF PRYCE until he spoke to IFP Sandton chairman, Dr Ed Benard. Now he's not so sure any more.**

**ADMID ALL** the oversimplifications of referendum-speak, it is comforting to know that some people still appreciate the infinite subtleties of language.

One of these is Dr Ed Benard Sandton IFP branch chairman, who, in a statement sent to Vrye Weeblad late on Wednesday night, said he would not be voting in the referendum on reform later this month because: "As one of 3 000 IFP branch chairmen, I did not believe it would be correct for me to vote when my leader who is of Zulu royalty is denied a vote."

At the same time though, Benard went out of his way to say that nothing would be foisted on IFP supporters in general. "The IFP is a democratic party and we do not tell our members to do anything," he said.

Hours later his royal leader put out his own statement, calling on all eligible IFP members to vote yes.

Also in his statement, Benard launched into (what read like) a series of criticisms of Codesa itself, asking whether it is really worth pursuing in its present formand suggesting: "Perhaps President de Klerk is pushing too far, too fast. His wooing of the ANC may have alienated him from his electorate."

Specifically what galled Benard was media speculation to the effect that the government and the ANC are busy putting together deals to form an extra-parliamentary pact or a de facto government of national unity which will effectively sidestep Codesa to function as a form of interim government.

He warned, in somewhat chilling tones: "The IFP does not necessarily support President de Klerk, the IFP supports true reform."

The IFP has reportedly been pursuing talks behind closed doors with the CP and various other homeland leaders with a view to exploring the possibility of forming a kind of "homelands alliance".

If you are getting confused, never mind. On Thursday, after discusions with the IFP top-leadership and taking cognisance of Buthelezi's pronouncement, Benard contacted VWB to clarify any "misunderstandings" which may have arisen from his initial statement.

Actually, Benard explained: "The IFP supports the process of reform completely, and would be supporting a yes vote in the referendum" and his party had great admiration for De Klerk's calling of a referendum.

"But we would admire President de Klerk more if he called the referendum off," Benard went on. "The IFP appeals to President de Klerk and Dr Treurnicht to sit down in a Codesa-like manner to sort out their differences."

After all, he concluded, both de Klerk and Treurnicht are men deeply committed to reform.

Nou ja, or should that read nou nee.

# Almal wat ja stem, moenie as **jabroers** beskou word nie



**Die land verkeer in 'n ernstige krisis. Wie dit ontken, ken nie die aard van die Suid-Afrikaanse politiek nie. Diegene wat dink die referendum gaan 'n towerformule bied wat die goue poorte na die Nuwe Suid-Afrika oopsluit, bluf hulself, sê SAMPIE TERREBLANCHE, politieke ontleder en professor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch**

**SELFS** al wen die NP die referendum kan dit boemerang. Dit kan die groot verdeeldheid - en die wederkerige haat en wantroue - wat reeds in blanke geledere bestaan, soveel te meer vererger.

Dit kan ook tot groter opstand vanuit ver-regse kringe lei en die stabiliteit ondermyn.

Dit staan bo twyfel dat die KP en die ander ver-regse groepe se beleidsrigtings rondom partisie en selfbeskikking heeltemal onrealisties is. Dit gaan teen die grein van dit wat ekonomies haalbaar is. Die beleid van apartheid was volledig gegrond op die gebruik én die misbruik van goedkoop swart-arbeid ter wille van blanke bevoorregting. Dit het tot 'n noue vervlegting van die ekonomiese belange van blankes en swartes gelei.

'n Groot getal blankes sal hulle slegs van dié geïntegreerde eenheid-ekonomie kan "losmaak" as hulle bereid is om na die armoedige en primitiewe bestaan van 'n soort natuurekonomie terug te keer.

Hoewel die KP hulle met hoogklinkende retoriek oor "selfbeskikking", "eie grondgebied" en die "wil van die volk" bedien, is dié bloot deursigtige pogings om die party se ekonomiese "groepselfsug" te probeer verdoesel. Die ver-regses se benadering het baie opvallend meer met ekonomiese verarming as met politieke regte van swartmense te make. Die ver-regses het 'n tipies kleinburgerlike benadering wat deur kortsigtige "groepselfsug" hulle klein gevestigde belange probeer beskerm ongeag die nadelige gevolge wat hulle optrede vir die groter Suid-Afrikaanse geheel sal hê.

Wat betref die referendum oor 'n keuse tussen die KP en die NP, behoort 'n ja-stem uitgebring te word. En aangesien die referendum bedoel is om 'n hervormingsmandaat - weliswaar vir die eerste keer - aan De Klerk te verleen, behoort die stem ook ja te wees. Maar 'n ja-stem in die referendum kan vir baie blankes nie onvoorwaardelik wees nie. 'n Ja-stem kan nie beteken dat almal wat só stem 'n blanko-tjek aan De Klerk uitskryf nie. Die bou van 'n demokratiese tradisie verg dat al diegene wat ja stem nie as jabroers beskou sal word nie.

**BAIE VAN DIEGENE** wat ja gaan stem, kan nie anders as om dit met groot voorbehoude en 'n baie swaar gemoed te doen nie. Die redes daarvoor is voor die hand liggend. Eerstens is daar nog te veel fout met die NP en sy beleidsrigtings. Sy leiersfigure is nog te hooghartig en beterweterig en hulle dink al te veel dat hulle bo kritiek verhewe is. Tweedens is die hervormingsproses wat op 2 Februarie 1990 van stapel laat loop is, veels te vaag en onsamehangend. Dit is pateties om te aanskou hoe die NP oor die afgelope twee jaar van een "model" na 'n ander "model" gespring het, maar steeds in gebreke bly om die implikasies van demokratisering vierkantig in die oë te kyk en sy kieserskorps in te lig oor die onvermydelike opoffering wat dit gaan verg. Die NP hou aan om klein selektiewe partypolitiek te speel terwyl hy hom eintlik met ware hervormingspolitiek moet besig hou.

Die NP bly naïef genoeg om te dink sy hervormingsproses gaan op 'n Groot Koopsie (waar die NP steeds die pas sal aangee) uitloop. Dit is tyd dat die NP wakker word en hom doelbewus beywer vir 'n vrywillige Groot Koalisie waarin hy hoogstens die rol van tweede viool sal speel.

In die derde plek is daar ook fout met die té prominente rol wat De Klerk in die hervormingsproses en die referendum probeer speel.

Suid-Afrika het reeds die ongelukkige ervaring van 'n "Imperial State President" gehad. Ons kan beslis nie 'n tweede keer deur só 'n nagmerrie gaan nie. Dit rym nie met die demokratiese tradisie wat ons vir die toekomstige staatshoofde moet probeer vestig nie.

**DIT IS 'N MAGTIGE IRONIE** dat De Klerk sy grootste fout gedurende sy grootste uur gemaak het. Die beleidsinisiatiewe wat hy op 2 Februarie 1990 aangekondig het, was ongetwyfeld die verdienstelike wending wat in dié eeu in Suid-Afrikaanse politiek ingetree het. Maar sy aanspraak - waarmee hy steeds volhou - dat sy toespraak in ooreenstemming was met die mandaat wat hy tydens die algemene verkiesing van September 1989 van die blanke kiesers verkry het, is eenvoudig nie waar nie. Ek stel voor 'n kommissie word benoem om die NP en De Klerk se optredes in die twee maande vóór die verkiesing te bestudeer op soek na die "suurdeeg" van die toespraak van 2 Februarie. So 'n kommissie sal vergeefs soek. Met sy aanspraak as sou hy 'n mandaat vir hervorming het, het De Klerk in 1990 die NP van die geleentheid - nee, die verantwoordelikheid - ontneem om die blankes van die noodsaak van demokratiese hervorming te oortuig. In plaas daarvan om die NP se "nuwe beleid" aan die blankes te probeer "verkoop", het dié party hom sedert Februarie 1990 besig gehou om sy "nuwe man", FW de Klerk, te probeer "verkoop".

Die slagspreuk was "FW sal deliver". Die NP-regering het sito-sito die De Klerk-regering geword. Ons het skielik met 'n persoonlikheidskultus te make gekry soos wat die land nog nooit beleef het nie.

Die NP se strategie om De Klerk as "hervormer" aan te bied eerder as om hom met die inhoudelike aspekte van hervorming besig te hou, het aanvanklik goeie resultate vir die NP opgelewer.

Dié strategie het egter sedert Julie 1991 probleme begin ondervind. De Klerk se aansien is deur die Inkathagate-skandaal en tydens sy botsing met Mandela by Kodesa 1 ernstig geknou. Die tussenverkiesing wat die NP verloor het, het De Klerk se beeld en status ook geskend. De Klerk maak hom ook in (hopeloos te veel) uitsprake aan allerhande vaaghede en teenstrydighede skuldig. Hy belowe "standaarde" sal gehandhaaf word, terwyl byna alle Suid-Afrikaners vir etlike jare al 'n daling in hul lewenstandaarde ervaar. Hy gee hoog op daaroor dat die "kern-gesonde waardes waarop die sukseslande" van die wêreld gebou is, ook in die Nuwe Suid-Afrika teenwoordig sal wees. Maar hy vertel nie aan sy ondersteuners dat een van die belangrikste "waardes" van die sukseslande 'n goed-ontwikkelde welsynstelsel en regstellende optrede is nie. Hy belowe "magsdeling sonder oorheersing" terwyl enigeen wat iets weet van die politieke magspel, ook weet só 'n wonderbaarlike "ewewig van politieke kragte" is 'n onrealistiese pypdroom.

**DIT IS BITTER JAMMER** die vraag wat in die referendum gevra gaan word, verwys spesifiek na die inisiatiewe van die Staatspresident wat op 2 Febraurie 1990 begin het. Dit laat die vermoede ontstaan dat die referendum nie gehou word om aan die NP-regering 'n mandaat vir demokratiese hervorming te gee nie, maar om De Klerk se beeld so te "herbou" dat die NP weer op die golf van 'n "FW sal deliver" kan ry. Indien De Klerk 60 persent ja-stemme kry, sal hy waarskynlik minder toegeeflik by Kodesa wees. Dit kan die aanvang van die tussentydse regering vertraag.

Dit wil voorkom of die Staatspresident en die NP hulle nie kan vereenselwig met die hoë status wat De Klerk in die buiteland geniet en sy kwynende status wat hy (én die NP) in Suid-Afrika geniet nie. Soortgelyke ervaringe van genl JC Smuts, Mikhail Gorbatsjof en George Bush bied nie voldoende troos vir hulle nie.

Dit is jammer De Klerk en hy die De Gaulle-kaart so opsigtelik speel probeer voorgee dat chaos sal intree as hy sou bedank. In die geval van De Gaulle én Gorbatsjof het dié strategie geboemerang.

**DIE KRISIS WAARIN DIÉ LAND** verkeer is so ernstig dat die politiek en hervorming oor konkrete en substantiewe beleidsaangeleenthede behoort te gaan en nie besig moet wees met speletjies rondom die bou van persoonlikheidskultusse nie.

Dit is van deurslaggewende belang dat die ja-stemme 'n groot meerderheid in die referendum sal behaal. Dit is waarskynlik van ewe groot belang dat sowel die NP as De Klerk deur die referendum ontmasker en gelouter sal word. Die twyfelagtige spel van die NP en De Klerk dat die hervorming net oor magsdeling en nie oor demokratisering gaan nie, behoort ontmasker te word.

Die belofte dat die "standaarde" van die blankes ongeskonde gehandhaaf gaan word en dat daar geen magsoordrag gaan plaasvind nie, behoort ook ontmasker te word. Net so behoort die NP van sy morele hofvaardigheid ontneem te word.

Dié krisistyd vereis veel groter nederigheid en ootmoed van die regering van die dag. Dit is wel waar dat die NP een of ander tyd vir 'n mandaat moes vra. Dit is egter jammer dat dit nie in 1990 gebeur het nie. Dit is nie nou tyd vir die NP om vir ou laas 'n geleentheid te skep waar hy met sy kenmerkende en hoogs irriterende kragdadigheid oor 'n oorwinning kan kraai nie.

**TEN SLOTTE MAG** ons nie nalaat om ons te bekommer oor die groter verdeeldheid en die groter haat wat deur die referendum in blanke geledere veroorsaak gaan word nie.

De Klerk is nie bereid om skuld vir die aaklige gevolge van apartheid te aanvaar en om hom tot regstellende optrede te verbind om daarvoor te kompenseer nie. 'n Mens wonder of hy ná die referendum bereid sal wees om sy en die NP se skuld aan die dieper kloof - en die groter wederkerige haat en nyd - in blanke geledere te erken. En sal hy hom tot regstellende optrede - al is dit bloot van simboliese aard - verbind om weer versoening in blanke geledere te probeer herstel?



And Steve Tshwete could not stop the tears... Ali Bacher, Tshwete and Kepler Wessels minutes after the victory (Pic: AP)

## SA cricket's triumphant return to the world game

# The ghosts of doubt put to rest

**The unknown variable, the spirit which lifts or deflates a side, became almost tangible under the bright lights of the Sydney Cricket Ground and carried the South Africans beyond their opposition. It was a game dominated by Kepler Wessels, becoming more and more clearly a reflection of his ethic as the overs passed, says MARK BEARE**

South Africa's first World Cup encounter, against the Australians in Sydney last Wednesday, was not only historic in nature but almost epic in proportions. Their resounding 9 wicket victory against the odds put paid to the naysayers and placed the team firmly on the world stage.

The one day game, as William Ledward noted in last week's VWB, reduces the differences in strength between sides. The unknown variable, the spirit which lifts or deflates a side, became almost tangible under the bright lights of the Sydney Cricket Ground and carried the South Africans beyond their opposition.

It was a game dominated by Kepler Wessels, becoming more and more clearly a reflection of his ethic as the overs passed. In several critical areas his stamp was ever present:

• His field placing was astute and sharply defined. Where it became evident in the South African innings that there was a delineation between two fielders outside the circle for the first 15 overs and five fielders out for the balance of the innings the constraints were almost imperceptible when the Australians batted. In this he was greatly supported by the accuracy of his bowling attack, but it should take no credit away from the captain's deployment of his resources in the field.

• Wessels' bowling changes were shrewdly implemented, the bringing back of Donald in the latter stages reflecting a confidence which was well placed. The decision to play Jonty Rhodes rather than a bowler, contentious at the time, was counterbalanced by the short but important use of Cronjé and by Kuiper's extraordinary big match temperament.

• Overall the discipline evident in the fielding and bowling, Pringle surprisingly notwithstanding, was exemplary. The bewildered South Africans of the Indian tour seemed far away and in their place was a team which was both sharp and keen. While individual players, particularly Rhodes, Kirsten and Cronjé, are highly skilled it would be foolish to look much further than Wessels for the reason why the players bound together as such a cohesive unit.

• The pacing of the South African response was equally impressive; Wessels' grasp of maths is no secret to his local competition and he appeared to know instinctively the runs required at every point. He gave the strong impression that, no matter what the target, he would always be able to adapt the run rate accordingly and complete the task with a modicum of time to spare.

• Finally Wessels' own batting was worthy of the Man of the Match award in itself. The way in which he works the arc between square leg and point behind the wicket can only demoralise the opposition; he helps both the good ball and the bad on its way, expending minimal effort, taking minimal risk and accumulating runs. It is almost a policy not to play in front of the wicket before he is well set and, even then, he does so rarely and somewhat ungracefully. Despite a structural weakness, due to his curious stance, to the quick ball in the blockhole and a potential weakness against spin he looked all but immovable and his fiendish grin when beaten by a delivery could have given little comfort to a ragged Australian attack.

In the face of Wessels' relentless certainty, and the enthusiastic support given him by his team, the Australians, burdened by favourite status and a recent defeat, crumbled visibly. As Allan Border noted in the post match interview with Tony Greig ,a target of 171 provides little for a bowling attack to defend. The bowlers did not look unimpressive, only Reid and Whitney being expensive in their respective spells, but there was a looseness in line and length which, bearing in mind the low target, was enough to make victory for South Africa easily achievable. The pitch was fairly helpful - the quicks got lift, the seamers movement and the spinners turn - but it did seem to ease during the course of the match. It would be inappropriate to suggest that South Africa would have had any difficulty on this form in winning but Border must have regretted the choice to bat first. Of the bowlers McDermott looked pacy enough to hurry the batsmen but the pick of the Australian attack was Peter Taylor, the off spinner. For a short period in the middle stages of the South African innings spin looked to be the only thing between the visitors and an historic triumph, but it was a moment which passed. This was thanks to Kirsten's ability to create space outside the off stump, allowing the ball to work and then playing across the line to square and late cut his way forward, and Wessels' disregard for caution when playing with the spin on the offside. The Australian batsmen, despite their great experience, never really threatened; Boon looked the most dangerous, exploiting line and length shortcomings in the early stages to strike several fine boundaries, but no-one stayed long enough to make an impression.

The South Africans excelled throughout, with all the concerns of a tense build up scarcely apparent. Donald, in trying to bowl too fast initially and smarting from a bizarre first ball decision, settled well. It was a pitch which respected ability and, in the fast bowlers category, there can be few to match Donald. He was simply too quick for the batsmen, forcing them to hurry their shots and took three well deserved wickets. Snell was a revelation; he is another who has sacrificed discipline for the extra yard of pace, but that quirk was not present in Sydney. He bowled an exemplary line and length and, aided by the life in the pitch, returned figures which reflected less than two runs per over. Pringle was disappointing, battling to find accuracy and it is a quest which will give the South Africans pause for thought for the upcoming games. McMillan seems to be stabilising on current performances. He is a highly talented and surprisingly underrated cricketer, capable of generating significant lift and movement. The nerves of the Indian tour seem to have passed and he has the potential to be a central figure in the team's future. Kuiper's performance was outstanding, bringing back memories of Eddie Barlow in his irrepressible self confidence. The fifth bowler issue remains vexed, however. The combination of Kuiper and Cronjé worked in Sydney but is not a strong option.

The batting, anchored by Wessels, was highly impressive. Hudson, after a shaky start, relaxed into his natural game and was strong all round the wicket, particularly on the on side. Wessels, as noted earlier, was imperious. The question of openers, in a game which is weighted in favour of the first 15 overs, must give the selectors cause for concern. We have already seen the use of Latham by New Zealand, Botham by England and Lara by the West Indies in the openers' berth to take advantage of a field forced to include only two in the deep. These experiments have proved to be successful for the most part. The Wessels-Hudson combination worked well with a 3.5 an over run rate - the issue facing Procter et al is what to do if the target is in excess of 4.5 per over. Kirsten was magnificent; he is a highly talented batsman, with a strong range of shots and is at his best coming in after a good start. His natural eye allows him a split second more time to play his shots and to set himself up to take advantage of the gaps. His partnership with Wessels, sprinkled with the kind of quick singles which could destroy the most hardened opponent, made the outcome seem inevitable.

This was a highly valuable, and valued, introduction to the world game at its most demanding. It was a truly magnificent performance, with the team pulling together and individuals giving of their best. The abiding impression of the game is of a disciplined professionalism, the fielding was sharp, the bowling accurate and the batting measured. As the one day game is so brief the gloom which descended on the Australians, so clearly manifested in their fielding, did not have time to lift, and the constant pressure of a buoyant South African approach made the contest appear all but one-sided. Wessels, ever cagey, was quick to point out that the side has a long way to go. But many hurdles were cleared in Sydney on Wednesday and we have reason to be more than cautiously optimistic.

# 'n Nuwe hoofstuk van geweld

**Suid-Afrika is steeds vasgevang in 'n spiraal van politieke geweld. Minstens 73 mense is die afgelope week dood. Dié geweld val saam met opsienbarende getuienis wat dié week deur 'n polisie-kaptein in die Hooggeregshof gelewer is oor die polisie se betrokkenheid by moorde op UDF-lede in Natal, en die Goldstone-kommissie het verdere getuienis aangehoor oor die SA Weermag en Inkatha se deelname aan die township-geweld**

**SUID-AFRIKA** het dié week sy ergste vlaag van geweld sedert die ondertekening van die Nasionale Vredesverdrag in September verlede jaar beleef toe minstens 73 mense landswyd vermoor is.

Die meeste voorvalle van geweld het plaasgevind by spoorwegstasies en taxistaanplekke in Randse townships terwyl daar ook 'n onrusbarende styging van geweld in Natal was.

Die uitbreek van geweld het gelei tot beskuldigings tussen die Inkatha-Vryheidsparty en die ANC wat vandeesweek oor en weer geslinger is.

Talle van die voorvalle het die gebruik van AK-47's ingesluit en die polisie sê talle van dié voorvalle was weerwraak-aanslae. Drie mans is by die Kwezini-stasie naby Johannesburg doodgeskiet en op dieselfde dag is die inwoners van 'n minibus naby Pholapark aan die Oos-Rand met AK-47's aangeval. Vier mense is in die aanval dood.

Dinsdagoggend is vier inwoners van Katlehong aan die Oos-Rand dood nadat hul minibus deur aanvallers met AK-47's aangeval is. Inkatha het kort na die aanval gesê die insittendes van die minibus was lede van die Inkatha Vryheidsparty en die ANC is die moordenaars.

Woensdagoggend is 'n minibus by Pholapark aangeval en die vier insittendes is op soortgelyke wyse doodgeskiet. Inkatha het weer eens beweer die moordenaars kom uit ANC-geledere.


'n Lid van Inkatha, wat 'n geheime vergadering van die ANC Dinsdagaand bygewoon het, het op 'n perkonferensie vandeesweek beweer dat die roete en insittendes by dié vergadering bespreek is. Inkatha het gevra vir die onmiddellike ontbinding van Umkhonto we Sizwe.

Die ANC sê in 'n verklaring hy verwerp Inkatha se aantygings en dat hy oor getuienis beskik dat afvallige lede van dié organisasie deur Militêre Inligting bygestaan word om die vredesproses te ontwrig.

Die vredesverdrag het tot dusver nog min gedoen om geweld in die land tot 'n einde te bring. Sedert 1984 is daar 12 000 mense in geweldpleging dood.

Die President van die ANC, Nelson Mandela, het dié week gesê die jongste vlaag van geweld is "georkestreer" om saam te val met belangrike deurbrake in die onderhandelingsproses.

Daar was ook dié week getuienis van wit regse geweldenaars wat 'n swartman verlede Saterdag op Vanderbijlpark doodgeslaan het. Inkatha het gewaarsku dat dié voorval landswye wraakaanvalle tot gevolg kan hê. - *Sapa*



Victory through peace... Foto: Guy Tillim/Southlight

## 'Ons wou comrades doodmaak, nie vroue en kinders nie'

**Dié week het 'n polisiekaptein in die Pietermaritzburgse Hooggeregshof erken hy het opdrag aan konstabels gegee om UDF-lede te vermoor**

**'N KAPTEIN** in die Suid-Afrikaanse Polisie het dié week in die Pietermaritzburgse Hooggeregshof erken hy het in Desember 1988 spesiale konstabels opdrag gegee om lede van die United Democratic Front (UDF) te vermoor.

Kapt Brian Mitchell het Woensdag erken hy het dié opdrag aan spesiale konstabels gegee wat in daardie stadium by 'n plaaslike Inkatha-leier, Jerome Gabela, gewoon het. Mitchell sê hy het gemeen die konstabels kan inligting by Gabela kry oor waar die UDF-lede hulself bevind.

Mitchell, kapt Jakobus van den Heever en vier spesiale konstabels staan tereg op elf aanklagte van moord en agt weens poging tot moord. Mitchell en Van den Heever ontken skuld op dié aanklagte, maar die vier spesiale konstabels het reeds erken dat hulle op 3 Desember 1988 deelgeneem het aan die aanval op roubeklaers in die Trust Feed-gebied naby Pietermaritzburg.

Die vier konstabels het getuig dat Mitchell die betrokke huis aan hulle uitgewys en gesê het dit word deur "terroriste" bewoon. Hulle het die huis met handgranate, hael- en masjiengewere aangeval.

Daar is ook getuig dat Gabela, die voorsitter van Inkatha in die gebied, die polisie gevra het om die aanval uit toe voer. Gabela, wat vrywaring van vervolging ontvang het, het getuig dat hy Mitchell gevra het om hom te help om geskille in die gebied te besleg, en dat Mitchell gemeen het dit is beter om mense dood te maak.

**NA DIE MOORDE**, sê Gabela, het hy Mitchell gevra wat gebeur het. Mitchell het glo gesê: "'n Ongelukkige voorval het plaasgevind. Jy mag nooit daaroor praat nie, want ek sal jou doodmaak."

Dié klagtes teen Mitchell en die ander polisiemanne volg nadat die konstabels verlede jaar in beëdigde verklarings erken het dat hulle aan die moord deelgeneem het en dat Mitchell en Van den Heever daarby betrokke was.

Mitchell het dié week in sy getuienis gesê sy opdrag aan die konstabels het geïmpliseer dat hulle UDF-lede moes aanval, en nie vroue en kinders in die huis doodmaak nie. Hy sê hy was geskok toe hy die oggend ná die aanval sien wie hulle doodgemaak het.

Mitchell het sy aandeel in die aanval verdedig deur in die hof te verduidelik dat die gebied in die greep van 'n burgeroorlog vasgevang was, dat hy 'n soldaat in die stryd was en aan die kant van die regering - teen die UDF - geveg het. Hy het simpatie met Inkatha gehad omdat hulle nooit deel van die "revolusionêre aanslag" was nie. Die UDF het egter die oorhand in die gebied begin kry.

Mitchell het getuig hy en die hoof van die onluseenheid in Pietermaritzburg, kapt Deon Terblanche, het in November 1988 saam met Gabela en twee Inkatha-lede na dié organisasie se kantore in Edendale gegaan. Terwyl hul gesit en wag het, het Terblanche gesê daar is "elemente" in die onluseenheid wat Inkatha aktief bystaan.

Dieselfde aand is hy aan ses spesiale konstabels voorgestel wat die UDF gehaat het. Mitchell, konstabel Willem de Wet en die ses spesiale konstabels is dieselfde aand na Trust Feed om die gebied te patrolleer.

Die aand van die aanval, sê Mitchell, het hy van die konstabels opgelaai en hul beveel om die UDF aan te val. Hulle het later dieselfde aand aan hom gerapporteer hulle het mense doodgemaak. Hy het hulle daarna beveel om 'n UDF-lid se huis te gaan afbrand.

Mitchell het aan regter Wilson gesê hy het verwag die konstabels gaan "comrades" doodmaak, nie vroue en kinders nie. - *Sapa*

## Goldstone raps brigadier

**Verdere getuienis is dié week voor die Goldstone-kommissie aangehoor oor Inkatha se beweerde betrokkenheid by township-geweld en die Suid-Afrikaanse Weermag se aandeel daarin**

**'N BRIGADIER** in die KwaZulu-polisie is dié week deur regter Richard Goldstone daarvan beskuldig dat sy getuienis vaag en weersprekend is. Die polisieman het getuienis afgelê oor die SA Weermag se opleiding van Inkatha-lede in die Caprivi in Namibia.

Brig Sipho Mathe het gesê 'n groep van sowat 200 Inkatha-lede is in die Caprivi opgelei, 78 van hulle het polisie-identiteitsboekies ontvang hoewel hulle nie volle polisiemanne was nie en 28 van hulle is bewapen vir doeleindes van die beskerming van die hoofminister.

Terselfdertyd het 'n gewese organiseerder van die Inkatha Jeugbrigade, Mbongeni Khumalo, getuig dat sy lewe bedreig word sedert hy inligting oor die geweldspiraal binne die organisasie aan die Weekly Mail en die Goldstone-kommissie verskaf het.

Die regsverteenwoordiger van die ANC, die SA Kommuniste Party en Cosatu, David Soggot (SA), het aangekondig dat hy getuienis aan die Kommissie gaan voorlê oor groepe moordbendes wat onder die beheer van Inkatha en KwaZulu-amptenare opgetree het. Soggot het nie gesê wanneer die getuienis aangehoor gaan word nie.

Soggot het in sy kruisondervraging aan Mathe gesê die groep Inkatha-lede wat in die Caprivi opgelei is, het die ruggraat gevorm van 'n Inkatha-moordbende wat onder sy eie beheer en MZ Khumalo, persoonlike assistent van hoofminister Gatsha Buthelezi, opgetree het. Mathe het dit ontken.

**MATHE HET TYDENS** sy getuienis voor die Kommissie in Kaapstad sowat twee weke gelede onderneem om dokumentêre inligting oor waar die opgeleide Inkatha-lede hul nou bevind, tydens sy getuienis dié week beskikbaar te hê.

Mathe het gesê hy het versuim om dié inligting saam te bring omdat hy vergeet het daarvan. Goldstone het gesê sy getuienis is baie vaag, terwyl Soggot hom daarvan beskuldig het dat hy met opset soos 'n dwaas probeer voorkom.

Mbongeni Khumalo het in sy getuienis gesê hoewel hy in 1989 uit Inkatha bedank het, hy nou eers sy inligting oor dié organisasie se beweerde samewerking met die SA Weermag na vore kon bring omdat hy deurgaans vir sy lewe gevrees het.

Die regsverteenwoordiger vir Inkatha, Louis Visser (SA), het aan hom gevra hoekom hy nie sy ongelukkigheid met die organisasie voor sy bedanking geopper het nie. Khumalo: "They would definitely have killed me. Without question."

Khumalo het gesê hy leef in vrees vir "Inkatha warlords" soos die Transvaalse jeugleier, Themba Khoza, MZ Khumalo en Mathe. - *Sapa*

Die **Cape Malay Choir Board** se jaarlikse koorkompetisie - die 53e - is pas verby, en die Primroses kraai steeds koning. **CHRISTELLE TERREBLANCHE** het dié feestelike geleentheid bygewoon en doen verslag

# luister na die storie van die chinablom...



DIE PRIMROSES MET HUL VOORSANGER, KOMPONIS EN AFRIGTER, ABDULLAH MAGED.

**die goeie hoop-saal** is volgepak met 8 000 mense. Buite stoei 'n skare om dalk nog 'n verlore kaartjie in die hande te kry. In die gange eet dié met kaartjies mielies, koeksisters, boereworsrolle en samoesas.

Die gehoor is afwagtend: die ouer mense in hul beste klere, die talle jongmense en kinders gemaklik in sportdrag vir die lang aand wat straks tot twee, drie uur in die nag kan aanhou.

Op die verhoog staan die ruikers proteas en ander blomme saam met die mikrofone gereed. Agter die platform 'n wapen van twee proteas en twee mense wat mekaar die hand gee - "Ex Unitate Vires". 'n Simbool van die Nuwe Suid-Afrika?

Nee. Die wapen pryk vanaand vir die 53e keer. En dit is beslis nie 'n Afrikanerkultuurbyeenkoms nie, hoewel die grootste deel van die aand op Afrikaans verloop.

Die seremoniemeester kondig op Engels aan dat 'n motor met registrasienommer so-en-so se ligte brand. Ná die verwelkomingsboodskap van die president (op Engels) verskyn die eerste groep mans (volgens die reëls meer as 25), in snyerspakke en onder luide applous op die verhoog.

Die Angeliere trek los met "Die Kaapse Wind" - 'n vierstemmige "combined chorus". Dit is die eerste van vier items wat elk van die agt kore vanaand moet sing in die hoop dat hulle saam met die punte vir hul uitrustings die hoogste totaal sal inpalm om as wenners van die Cape Malay Choir Board se jaarlikse koorkompetisie aangewys te word. En só 'n oorwinning is en bly na 'n halfeeu 'n groot eer in die Kaapse gemeenskap, vertel lede van die gehoor, wat met hul kompetisie-boekies sit en punte aanteken en gou-gou wegglip om hul foto's van die aand se kore en 'n kassetopname van die liedjies te gaan koop.

Maar wee die koor wat nie mooi sing nie! Die gehoor gesels lustig dwarsdeur en die handeklap is maar yl. Net na agt is daar eers 'n lang pouse sodat die gebede in die moskee afgehandel kan word. En dan kom die Hamediahs aan die beurt...

**"DIE MALEISE KOORSANG** strek terug tot die aankoms van slawe uit Indonesië 300 jaar gelede," sê Kashif Ernest, 'n onderwyser wat voorheen drie jaar lank president van die Choir Board was. "Baie van die slawe was politieke uitgewekenes en bekend met Hollandse patriotiese liedere. Dié liedere het deel van hul kulturele uitdrukking aan die Kaap geword."

Hulle 'n unieke lewenstyl ontwikkel - 'n mengsel van die Ooste en die Weste. "Een gevolg was dat die liedere van die Ooste vervang is deur dié van Holland, waaraanhulle hul eie improvisasies

na bladsy 10



WEE DIE KOOR WAT NIE KAN SING NIE...

## van bladsy 9

toegevoeg het. Die Nederlandse volksliedere is 'n belangrike aspek van die Kaaps-Maleisegemeenskap en kan op baie sosiale geleenthede gehoor word, veral op bruilofte, en is die enigste liedere waarin 'n Oosterse spoor nog hoorbaar is. Die voorsanger sing in kwarttone, terwyl die koor by hom aansluit in die Europese toonkaal."

'n Soortgelyke en baie gewilde genre is die minneliedere, wat ook op bruilofte gesing word. Die solo's, ofte wel minneliedere, klink vir die ongeoefende oor eerder na buitengewone verwerkings van wel, Bles Bridges, Gê Korsten, met 'n bietjie Tom Jones en 'n tikkie van The Platters ingegooi. Koormeesters erken dat ryklik geleen word van populêre liedere en dat die Afrikaanse minnesangers wel 'n groot invloed op die betrokke item uitoefen.

Die bekendste van dié genre is die tradisioneel Kaaps-Maleise lied, "Rosa", waarvan twee vername variante bestaan. "Dit kan amper as die nasionale volkslied van die Kaaps-Maleise gemeenskap beskou word," sê Ernest.

**SAAM MET DIE "COMBINED CHORUS"** en die "solo" moet elke koor ook 'n "comic song", beter bekend as die "Moppie", en die tradisionele "Nederlandse lied" as deel van sy repertoire sing. Die Nederlandse lied word ontleen aan 'n ryke versameling van oor die 700 Oud-Nederlandse volksliedjies, waarvan die Nederlanders self meestal vergeet het. Die reëls van die koorrade (buiten die Choir Board is daar nog twee ander) bepaal dat geen twee kore dieselfde lied in een kompetisie mag sing nie. Die Nederlandse liedere is reeds in die Maleise volksmond tot unieke nuwe liedere omgeskep.

Buiten die Nederlandse Lied is al die ander liedere in Afrikaans, en volgens tradisie en reëls moet elkeen splinternuut wees. Dit beteken elke koor moet elke jaar drie liedere - 'n solo, 'n combined chorus in vier stemme, en 'n Moppie - skryf en komponeer, hoewel bruikleen uit vorige liedere nie heeltemal verbied word nie.

Die Moppie is 'n verbuiging van die Hollandse "mopje", wat snaaks of komies beteken. Dit is spontane verwerkings van alledaagse gebeurtenisse. Ernest erken dit het in 'n stadium 'n bietjie vulgariteit ingesluit, maar dié element word deesdae in openbare belang 'n bietjie getemper.

**KYK 'N MENS NA DIE WOORDE** van liedjies wat die afgelope paar jaar gesing is, bly die inhoud nietemin aan die stout kant, soos "China Blom" en "Manenberg se wasbad". In die combined chorus word meestal oor die natuur en vaderlandsliefde gesing. Vanjaar was die Kaapse wind en die Nuwe Suid-Afrika die gewildste onderwerpe.

Die kore self het in die 19e eeu ontstaan, toe 'n groep, The Star of Independence Sporting Club, aan die Kaapse burgemeester geskryf het om toestemming te vra om op Nuwejaar 'n fakkellig-optog deur die strate te hou. Voor dit het groepe Maleiers elke jaar op Nuwejaarsdag op uitnodiging by huise aan die Kaap gesing. Sedertdien vorm die Nuwejaarsang van die kore - waarvan meer as 50 in die stad bestaan - deel van die stad se Nuwejaartradisie. Hulle het toe reeds as die Hollandse Troepe bekend gestaan.

**MAAR, BEKLEMTOON DIE KOORLEDE,** hulle moet nie verwar word met die Kaapse Klopse nie. Die Klopse verf hulle gesigte en dra satynpakke, terwyl die Troepe ook op hul eenderse snyerspakke en fesse beoordeel word.

"Die Klopse sing ook nie die Nederlandse lied nie," sê Ernest. "Maar die Klopse neem wel baie van die kore se gewilder komposisies oor."

Volgens Ernest is daar van die afrigters en koorlede neem ook deel aam die Klopse se Nuwejaarsoptog. Op Oujaarsaand is die tradisie steeds dat die kore van vroegmiddag af by sekere bymekaarkomplekke en op uitnodiging by huise sing, asook om deur die strate van die Bo-Kaap te marsjeer tot die volgende oggend. Dan neem die Klopse oor...

"Maar die kore is die werklike eksponent van die Maleise lied, omdat die gesamentlike gebruik van Westerse en Oosterse toonlere in die Nederlandse Lied die sang heeltemal uniek in die wêreld maak," sê die koormeesters.

Elke koor huur jaarliks sy eie orkes, en die afgelope paar jaar is die lede dikwels blank. Instrumente soos die kitaar, banjo, mandolien, tjello, viool en die ghoema, 'n soort Oosterse trom, gee die toon aan.

**ONDER AANVOERING VAN DIE** befaamde kenner van die Kaaps-Maleise gemeenskap, prof ID du Plessis, is in 1938 'n koorkompetisie in die Kaapse stadsaal gehou om die liedere bekend te stel. Dié kompetisie is deur die Red Roses gewen en was só gewild dat die Malay Choir Board die volgende jaar gestig is en die kompetisie 'n jaarlikse instelling geword het. In 1952 het ontevredenheid oor die kore se deelname aan die Jan van Riebeeckfees veroorsaak dat 'n groep weggebreek en die Koorraad gevestig het. Meer onlangs het nog 'n groep van die Koorraad weggebreek en noem hulself Tafelberg. Die drie koorrade hou hul eie kompetisies en ding nie teen mekaar mee nie, hoewel dit volgens die lede nie dui op 'n politieke of ander verdeeldheid in die gemeenskap nie. Hulle grondwette en reëls is identies. Tot baie onlangs was die vier beoordelaars almal blank. Deesdae word twee lede van die Kaaps-Maleise gemeenskap ingesluit.

**OM TWAALFUUR KOM DIE** Primroses onder luide applous uiteindelik aan die beurt. Die skare is tjoepstil tydens die sang. Tussendeur word vir Afrika gecheer - no holds barred. Daar is min twyfel dat hulle gaan wen, hoewel die Young Violets en Young Zinias hulle darem opdraandegegee het. Daarna sing die Starlites en New Orleans, en teen twee-uur begin die tog terug van die middestad na Michell's Plain, Athlone, Belhar en verder - al stryende oor wie eintlik moes gewen het en hoekom die Primroses nog steeds die beste is...

**Rosa,** wat deur die Kaaps-Maleise gemeenskap as 'n soort amptelike volkslied beskou word, word só deur die Die Cape Malay Choir Board beskryf:

"Hierdie lied betref 'n jong man en vrou wat verlief geraak het op mekaar. Die jong man het sy gevoelenheid voorgestel en vir die jong dame gevra om met hom te trou. Na drie maande het hulle weer ontmoet en besluit op 'n troudag. Altwee se ouers het bymekaargekom en toe die trou deurgesit.

"Al moet daar mense wees wat nie hou van sing nie, kan hulle nie ontstry die geskiedenis en plesier en liefde wat hierdie Liedjie altyd sal herinner."

# rosa

Laas toen ek een meisie bemin
Haar naam was Rosa Deer
Sy was noemlik sestien jaar oud
Sy was een meisie van haar woord

Koor:

En sy seg sy sal my nooit verlaat
Sy seg sy vollig my waar ek gaan.

Dit was drie maande daarna
Ontmoet ek vir Rosa op een straat.
Spraak ek met Rosa een woord.
Dit was die woord van trou afkoord.

(herhaal koor)


'N EEUE OUE KULTUUR WAT OOSTE EN WESTE OP UNIEKE WYSE KOMBINEER

Die Moppie is dié genre wat deur almal, leek en kenner, verstaan en geniet word. Hier is een van Abdullah Maged, komponis, voorsanger en afrigter van die Primroses, se onlangse komposisies:

# chinablom

Luister na die storie van die China Blom
Dit is mos die blom wat uit die Ooste kom
China Blom maak jou regop al is jy krom
China Blom laat jou flink dink al is jy dom
My Oupa het een dag my Oupa het die ander dag
Van die wonder tee gedrink.

Skielik het hy krag gekry begind toe weer
'n Vryery met die popies in die kontrei
Dit kom uit die China.

Die wonderlike blom dus 'n wonder tee
Laat dit trek vir sewe dae, met tee en asyn
Dit verwyder die pyn.

Toe my Oupa die wonder tee drink
kom Ouma nooit dink wat sy nou daar skink
Die ouman raak soe baie stout.
En vat somer aan Ouma se bout.
Oupa het vir Ouma die hele nag kastei
Ouma begrawe die blom soe dat niemand dit kon kry
Maar die kate grawe dit uit onder die grond
Nou staan die kate die hele aand rond.
En die kate wil net moow... meow...

En die kate kom weer
Jy kan maar wat broebeer.
Hulle het vir China Blom geet.
Nou is daar net een ding wat hulle weet.
Almal soe deurmekaar
want niemand kan slaap
Hoor wat die kate maak
My Oupa is soe omgekrap
Waar is sy blom Die China Blom
Hy word weer krug
Ouma moet hom sê waa dit is.
Waar daai China Blom kom
Bly Oupa brom
Die kate eet elke aand aan die blom
Die kate wil net meow...

# brolloks & bittergal

## Die man wat op sy naam sit

'n Meer gepaste wegspring vir die AWB se veldtog vir 'n nee in die referendum kon daar nie gewees het nie.

Die Slap Karwats bulder toe Dinsdag etenstyd uit die AWB gaan nie deelneem nie, en dit beteken "niemand sal kan sê die AWB het die Boervolk verraai nie".

En sy laaste brandewyntjie-oor-ete was nog nie behoorlik in sy maag nie, toe swaai hy gatom en vertel met hoeveel waagmoed en entoesiasme die AWB se ondersteuners nee gaan stem.

Stem asseblief ja of nee: Is Eugene TerreBlanche 'n bleddie swaap of is hy nie?

En die nee-stemmers moet net onthou dat hul kruisie ook steun gaan beteken aan dié handperdjie van die KP.

### Ja, maar

Daar is heelwàt mense wat bitter graag 'n stewige nee vir die KP se rassisme wil gee, maar om ja te sê op 'n vraag wat so nou aan die leier van die Nasionale Party gekoppel is, is vir hulle moeilik.

Nou wil van hulle weet of daar nie naas "ja" en "nee" ook 'n "ja maar" kan wees nie.

Maar nou hoor Brolloks dié soort ouens gaan geakkommodeer word. Daar gaan glo vier moontlike antwoorde op die vraag wees: Ja, well, no, fine.


### Dis maar moeilik

Bittergal het dié week 'n draai in Vrye Weekblad se kantore gegooi en hom in 'n gemor vasgeloop.

Die bron van dié suurgatgeid in die redaksie? Dat ons almal nou in so 'n hoek is dat ons g'n ander keuse het nie as om te gaan stem aan die kant van die Nasionale Party en al sy arrogante kroeks.

### Hou die stukkies

Bittergal hoor die KP het klaar die advertensie-agentskap Herdbuoys genader om te hoor of hulle dié advertensie van die Nasionale Vredesakkoord kan gebruik as die KP die referendum gewen het. Hulle wil net een woord daaraan verander: "peace" na "pieces"



**All leaders must help keep the pieces**

### Wag maar

Brolloks vertrou g'n politikus van g'n aard nie, en is lankal agterdogtig oor die skielike liefde wat alle partye in dié oorgangstadium vir die vryheid van die pers opgebou het.

En daar sê die intellektuele joernaal *Work in Progress,* wat deur baie gesien word as baie na aan die ANC te wees, in hul jongste uitgawe 'n ding waarmee Brolloks heeltemal saamstem: "While the ANC leadership may have the best intentions with regard to press freedom, there is no guarantee that, once in power, it will not succumb to the temptation to whip the press into line."

En dan gebruik die WIP-redakteur, Devan Pillay, die ANC se reaksie op Vrye Weekblad se onthulling oor die ANC-amptenare se moordkontrak met 'n AWB-man as voorbeeld.

Ons sal maar moet wakker bly.

### Tag, ou seun

Die hele referendum-boksemdaais het by Potchefstroom begin. En nou kan Bittergal dit nie meer help nie, dié storie moet vertel word.


Die jong kêrel en die oubasie staan by Loftus Versfeld by die krip en water afslaan. Soos mans maar soms doen, loer-loer die jongetjie so oor die oubasie se skouer. En hy sien iets wat hom baie nuuskierig maak.

Oom, sê hy half versigtig, ek kon nie help om die tattoeëermerk op Oom te sien nie. Maar wat beteken die woorde "oom van oom"?

Boetie, sê die oubasie terwyl hy afskud en wegsit, toe ek jou ouderdom was, het daar gestaan "die disselboom van Potchefstroom".

HENNIE SERFONTEIN

**het sy oor op die grond**



## R125 miljoen om Ja te finansier

DIE Nasionale Party beoog om 'n bedrag van R125 miljoen binne die volgende 14 dae vanuit die sakewêreld in te samel om sy referendumveldtog te finansier.

Volgens bronne na aan die NP is 'n bedrag van R25 miljoen binne slegs vier dae reeds ingesamel. Een maatskappy alleen het R20 miljoen gewaarborg. Verskrikte ondernemings en sakemense het hulle gewig ten volle agter die Ja-stem in die referendum op 17 Maart ingegooi.

FW de Klerk het glo binne enkele ure nadat hy die referendum verlede Donderdagmiddag uitgeroep het, twee van die top-sakeleiers in Suid-Afrika, dr Chris van Wyk en Stephen Mulholland, genader om persoonlik vir die insamelingsveldtog - die grootste in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika - verantwoordelik te wees.

Die een is Afrikaanssprekend, die ander Engels. Een is 'n bekende in die bankwese, die ander 'n sleutelfiguur in die media-wêreld.

### Goeie skuif, maar...

Al was die referendum takties 'n goeie skuif, sou dit rampspoedig vir die NP se referendum-veldtog wees indien hulle nié die Potch-uitslag ter harte neem en ernstig ontleed nie.

Dit sal ook nie help om alle blaam op andere vir die uiters swak plaaslike organisasie te plaas nie. As hoofleier, as Transvaalse leier en as sekretaris-generaal en hoofpropagandis kan De Klerk, Barend du Plessis en Stoffel van der Merwe nie een hul persoonlike verantwoordelikheid ontken nie.

Dit was immers De Klerk self wat Potchefstroom so vroeg as die begin van November verlede jaar verhef het tot 'n persoonlike toets van vertroue in sy leierskap, hervormings en onderhandelingstrategie. Hy het sake vir homself vererger deur slegs vier dae voor stemdag te sê die uitslag sou beslissend wees vir die onderhandelingsproses.

### NP uit voeling

Die skokkendste les van die Potch-uitslag vir die NP is sekerlik die mate waartoe hulle uit voeling met die menings, denke, vrese en onsekerhede van hul eie kiesers geraak het.

Kortom: die liegstem in blanke verkiesings die afgelope paar jaar is geheel en al ten nadeel van die NP - en Potch het dit bewys.

'n NP-LP vertel hoe daar enkele minute nadat die stembusse gesluit het, die NP-kantoor op Potch opgewonde aan kollegas by die Parlement laat weet het dat hulle met vier stemme sou wen.

Die meerderheid van 2 140 beteken dat meer as 1 000 tradisionele NP-ondersteuners hul ou party tydens werwing belieg het sonder dat die verroeste plaaslike organisasie dit hoegenaamd vermoed het.

Ander NP-LP's was só selfvoldaan dat hulle nog die Woensdagmiddag van stemdag weddenskappe met hul KP-kollegas aangegaan het dat die verskil tussen die twee partye nie meer as 200 sou wees nie.

### KP raai reg

Daarenteen was die KP voorspelling merkwaardig akkuraat, 'n weerspieëling van die peil van hul organisasie en inligting.

Vier weke voor stemdag sê 'n ervare KP ná 'n besoek aan Potch aan my: Die KP sal met 1 000 stemme wen. Na sy tweede besoek twee weke later sê hy dat dit gaan 2 000 wees.

Laasgenoemde voorspelling word slegs vyf dae voor die stemdag deur twee ander KP-LP's herhaal. Dit was nie net sommer uit die lug gegryp soos wat 'n mens binne een minuut met 'n stok in die donker kon aanvoel as jy met NP-amptenare praat nie.

### Powerste poging in die geskiedenis

As iemand wat reeds vir byna 42 jaar óf self aan verkiesings deelgeneem het, óf daaroor berig het, kan ek maar net sê die propagandaveldtog van die NP was een van die powerstes in die geskiedenis.

Dit is ook die mening van verskeie vooraanstaande plaaslike Nasionaliste wat wou gril oor die oud-modiese propaganda-benadering. Fritz Potgieter, oud-joernalis van die Die Transvaler in die Strydom- en Verwoerd-jare, word vir die politieke fiasko verantwoordelik gehou.

Vir weke lank was Andries Beyers die hoofteiken van die NP se persoonlike aanvalle in die plaaslike koerante. Die feit dat hy nie van Potchefstroom afkomstig is nie en sy pamflette elders laat druk het, is tot groot strydvrae gehef. Daardeur kom die KP skotvry daarvan af met geen plakkate om die verwarring en politieke klug rondom die teenstrydighede van 'n blanke tuisland aan die kaak te stel nie.

Geen plakkate oor hóé die onderhandelinge vrede bewerkstellig en dat die jong blankes nie in onnodige oorloë hoef te sterf nie.

Maar daar is plakkate wat FW bedank dat daar nou internasionale rugby en ander soort toere na Suid-Afrika sal plaasvind.

Soos 'n NP-kieser wat vir die eerste maal KP gestem het aan my sê: "Dis 'n belediging vir my intelligensie om sulke onsinnighede te verkondig terwyl ek en andere diep bevrees is oor ons toekoms as blanke Afrikaners."

Trouens, van die uitstaande aggressiewe en beredeneerde vegterstoespraak van De Klerk die Donderdag vóór stemdag, was daar weinig in die NP-propaganda te bespeur.

# Waar leef Afrikaans: Op die tong of in die wet?

Vurige pleidooie vir die behoud van Afrikaans se amptelike status in 'n nuwe grondwetlike bedeling is die afgelope jaar van Afrikaner-kultuurplatforms en in die media gelewer. Die Afrikaanse meningsblad *Insig* het in sy jongste twee uitgawes tot dié oplaaiende stryd toegetree met 'n oproep dat "Afrikaners wat hulle taal bo alles liefhet", hulle sal moet "klaarmaak om te veg daarvoor". **CHRISTELLE TERREBLANCHE** het met bruinmense gaan praat om uit te vind hoe hulle oor dié aangeleentheid voel



Jac Rabie... sal veg vir Afrikaans



Adam Small... taal is 'n mensding

VOORHEEN was daar diegene wat taal as 'n reg en eiendom van 'n volk gesien het. Die meeste Suid-Afrikaners erken vandag dat taal 'n individuele reg is en ten beste saam met ander kulturele regte as sulks in 'n grondwet beskerm kan word.

Tog lê ontevredenheid oor die moontlikheid dat Afrikaans as hoërskooltaal kan verdwyn, dat die SAUK en 'n toekomstige regering staatsake net in Engels sal bedryf, wyd in veral Wes-Kaapland. Dié gemor is tot 'n spits gedryf deur die oorreaksie in die Afrikaanse pers oor die feit dat die taal die onderspit moet delf in Kodesa. Nou word gevrees dat die taal sommer met een veeg van die onderhandelingstafel gevee kan word.

Dit is veral op die Kaapse platteland waar voorstanders van individuele regte glo dat Afrikaanse nietemin spesiale aandag vereis. Reggie Oliphant, die redakteur van Saamstaan op Oudtshoorn en amptenaar van die ANC, sê: "Afrikaans speel 'n baie belangrike rol op die platteland. Ons kan nie net aanvaar dat dit sal oorleef nie."

Oliphant meen die weerstand teen Afrikaans as "taal van die onderdrukker" het nou afgeneem en dat dit toenemend as moedertaal van die mense beskou word. "Die meeste van ons vergaderings word in Afrikaans en Xhosa gevoer, omdat relatief min mense Engels verstaan. Ek glo nie die taal het wetlike verskansing nodig nie, ons moenie vergeet nie dat dit tradisioneel 'n belangrike deel van ons politieke geskiedenis is."

Volgens die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) is Afrikaans die lingua franca van meer as 13 miljoen mense. Dit beteken een miljoen meer mense praat Afrikaans as Engels. Daarom meen die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) die taal "is miskien die belangrikste komponent van kultuur wat ons aan mekaar bind." Terselfdertyd is daar toenemende begrip dat die taal sal aanhou floreer al moet hy van sy amptelike status afstand doen.

Die deurslaggewende argument vir beskerming van die taal lê op streeksvlak. Oliphant se standpunt word beaam deur verslaggewers van Namakwanuus, 'n streekkoerant op Springbok.

Edward Mostert, een van die verslaggewers van Namakwanuus, sê hy sou 'n voorstander wou wees van die wetlike beskerming van Afrikaans, maar dat dit ongelukkig op die beskerming van minderheidsregte sou neerkom. Daarom glo hy beskerming op streeksgrondslag kan die oplossing bied.

**JAC RABIE, NP-LP VIR RYGERPARK** en nuwe leier van die Raad van Verteenwoordigers, sê hy sal vir sy taal veg wanneer om 'n nuwe grondwet beding word. "Daar bestaan hoegenaamd geen moontlikheid dat Afrikaans van die tafel gevee is net omdat dit nie die voertaal by Kodesa is nie.

"Ons praat Engels omdat dit die taal is wat deur al die afgevaardigdes verstaan word en dit sou bloot onprakties en te duur wees om alle verrigtinge in al elf landstale te vertaal.

"Afrikaans as moedertaal van 'n groot persentasie Suid-Afrikaners kan in beginsel nie afgeskeep word nie," sê Randall van den Heever, voorsitter van die South African Democratic Teachers' Union (Sadtu). Maar hy is nie ten gunste van wetlike verskansing as ampstaal nie. "Solank daar 'n demokratiese bestel is waarin individuele regte beskerm word, en solank Afrikaans gepraat word, sal die taal oorleef.

"Afrikaanssprekendes sal ook die reg moet kry om die taal op hoërskoolvlak te behou. Dit was juis die verwerping van die beginsel van moedertaal-onderrig wat in 1976 tot die Soweto-opstand gelei het," sê hy.

**PROF ADAM SMALL,** letterkundige ghoeroe en dosent in maatskaplkike werk aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), sê hy het nog nooit geglo iets moet beskerm word om te oorleef nie. "Of mense gaan hulle taal liefhê of nie. Beskerming laat beland ons altyd in die engtes, soos NP van Wyk Louw gesê het.

"Die hele begrip van 'n ampstaal is eintlik 'n onding. Taal is 'n mensding."

Hy meen egter daar moet plek vir Afrikaans by Kodesa ingeruim word. "Ek wil nou nie van my kant af Afrikaans ten koste van ander tale stoot nie. Maar ek kan dit nie help nie, ek het 'n sterk gevoel daaroor. My probleem is dat ons Afrikaanse mense maar altyd vir die Engelse mense moet inruim, hulle ter wille moet wees en dan doen hulle dit nie vir ons nie.

na bladsy 14

van bladsy 13.

"Maar dit lyk my baie dinge swig voor realisme, en ons het nie 'n opsie nie."

Oor die bykomende murmerering dat die Universiteit van Wes-Kaapland nou 'n suiwer Engelsmedium universiteit kan word, ondanks sy Afrikaanse wortels, sê Small: "Nou praat jy van 'n ander soort geneuk met amptelikheid. Hier is 'n klomp Afrikaanse mense en as ons praat van kruiskulturele ontmoeting, wonder ek of jy dit bevorder deur een taal bo 'n ander te stel."

Die UWK-besluit oor Engels is egter ver van finaal en die toepassing daarvan, indien dit deurgevoer word, sal eers oor sowat drie jaar plaasvind.

Nog 'n UWK-lektor, prof Tony Links, hoof van die Afrikaanse taalkundedepartement, glo 'n taal moet onafhanklik bly van wetlike beskerming. "Veral omdat Afrikaans so 'n sterk negatiewe politieke belading het, kan dit vir hom beter wees om sy amptelike gewaad af te skud."

**HY VREES NIE** vir die taal nie, juis vanweë die talle samewerking-ooreenkomste oor taal en kultuur wat nou met die Nederlandse koloniale gebiede gesluit word.

"Waar dit gaan oor toekomstige taalbeplanning, moet egter beslis rekening gehou word met Afrikaans. Ek sou voorstel dat taalkundiges geraadpleeg word, want politici kan nie arbitrêr oor taal besluite neem nie,"

Achmat Davids, taal- en kultuurkenner van die Bo-Kaap, meen Afrikaans het nog altyd ondanks statutêre beskerming gegroei - "eers as taal van die slawe aan die Kaap en later toe dit deur die blankes oorgeneem is.

"Om heeltemal eerlik te wees, beskerming het die taal meer kwaad as goed gedoen," sê hy. "So het dit die taal van apartheid, van bevoorregting en onderdrukking geword.

"Taal is 'n basiese mensereg vir elkeen wat sy politieke oortuigings in sy moedertaal wil uitdruk. Daarom behoort dit saam met al die ander landstale beskerm te word."

Op die ou end is almal dit eens dat Afrikaans se toekoms ten beste verseker kan word deur die praat, die skryf en die liefhê daarvan en nie deur wetlike beskerming of verskansing nie. Hulle glo nie dat "veg vir die taal" enige konflik in die onderhandelinge behoort te veroorsaak nie, tensy dit geïgnoreer word. En niemand wil die taal ten koste van die ander elf tale beskerm en bevoordeel hê nie.

Intussen het 'n verslag aan die National Education Priorities Initiative (Nepi), daarop gewys dat hoewel Engels as magtigste kommunikasiemedium 'n realiteit is, dit nie misgekyk moet word dat daar waarde in steek om Afrikaanse onderwys-infrastruktuur te behou nie. Die verslag, opgestel deur die National Language Project (NLP), meen die taal bied ook potensieel 'n toegangspunt tot bronne vir alle Suid-Afrikaners en nie net Afrikaanssprekendes is nie. Daarom word geglo dat die taal naas die ander tale ten beste benut moet word, eerder as beskerm word.




# Ons durf nie ons rug op dié geskiedkundige oomblik draai nie

**Die Bestuurskomitee van Kodesa het dié week 'n rigtinggewende verklaring uitgereik waarin 'n beroep op alle Suid-Afrikaners gedoen word om die proses van onderhandeling wat by Kodesa begin is, te ondersteun. Die redaksie en personeel van Vrye Weekblad ondersteun die inhoud en die oproep in die verklaring heelhartig, en het daarom besluit om dit net so hier weer te gee**

**ONS** vergader in Kodesa om die pad na 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika te verken. Die deur is oop vir alle politieke groeperinge om by ons aan te sluit, in die wete dat hulle enige voorstelle versoenbaar met die demokrasie kan maak in die soeke na 'n regverdige, onderhandelde skikking.

Dit is slegs deur 'n proses van reguit praat en onderhandel dat 'n vreedsame weg gevind sal word om 'n toekoms te bou waarin al ons mense kan saamwerk om vrede, geregtigheid en sekuriteit vir almal te verseker.

Dit is slegs deur dié proses dat ons kan begin om antwoorde te soek om die geregverdigde aansprake van ons verskeidenheid van volkere te bevredig in hul strewe om hul kulturele-, taal- en godsdiensregte te vestig en te beskerm.

Ons verklaar dat daar nie 'n onoorbrugbare kloof tussen eenheid en verskeidenheid is nie. Almal van ons is verbind daartoe om die pad na die vryheid van die individu te vind; 'n pad sonder die oorheersing van een groep oor 'n ander binne ons gemeenskaplike grense.

Daar is vir Suid-Afrika geen ander manier om in die interafhanklike wêreld waarin ons leef, sy regmatige plek in die galery van nasies in te neem nie.

Daar is ook geen ander manier om 'n toekoms van wanorde, aanhoudende konflik en ekonomiese verval vir elke inwoner van ons land te voorkom nie.

Alle Suid-Afrikaners - swart en wit - staan by 'n kruispad. Die onderhandelingsproses is nie maar net 'n opsie nie; daar is geen alternatief nie. Die keuse wat ons konfronteer, is om óf daaraan deel te neem, óf om onafwendbaar op 'n afgrond van chaos en burgeroorlog af te stuur.

Ons mag nie dié geskiedkundige oomblik die rug keer nie. Ons doen 'n beroep op almal in ons land wat hul eie toekoms en dié van hul kinders op die hart dra, om die proses van onderhandeling wat by Kodesa begin is, te ondersteun.

# die 087-gier laat agies opdok

**Soek jy raad? Of sommer net 'n bietjie skindernuus? Deesdae is daar 087-nommers vir alles en almal. Skakel jy 'n bepaalde nommer, kry jy telefoonrate vir ontydige ejakulasie en koue vroue, raad oor hoe om ná 'n hartaanval te leef, hoe om spanning te verlig, wat om te doen as jy homoseksueel is, hoe om te werk te gaan met depressie, geboortebeperking, eensaamheid, gesinsgeweld, ensovoorts. En dan is daar natuurlik nog Karen Botha oor haar rok en haar man.**

**PEARLIE JOUBERT en ESMA ANDERSON het 'n paar 087-nommers gebel**

SOMMIGE van die onderwerpe waartoe mens met die 087-gier oor jou telefoon toegang kan kry, klink nogal stouterig. Maar die mense wat byvoorbeeld die masturbasienommer bel in die hoop hulle kry dalk foon-seks of iets dergeliks om die koerasie op te jaag, sal die telefoon ná die eerste minuut teleurgesteld neersit.

En as hulle dit nié dadelik neersit nie, sal hulle twee keer dink wanneer die telefoonrekening aan die einde van die maand opdaag. Die boodskappe is soms tot sewe minute lank - en teen R2,25 tot R6,60 per minuut kan één oproep jou maklik R40 uit die sak jaag.

Dié nuwe idee van betaaloproepe maak glo miljoene rande - maar 'n paar oproepe later kom mens agter dis eintlik nie veel méér as 'n geldmaakstorie nie. En tog sou iemand in nood, veral wat sake soos verkragting en molestering betref, potensieel hulp van groot waarde kon kry deur 'n private, anonieme telefoonoproep.

Dié nuwe telefoondiens belowe om jou lewe te verander: jy kan jou sekslewe opknap; jou voorberei om eindelik die langverwagte orgasme te kry; verseker word dit is OK om 'n maagd te wees; vertel word hoe om jou nuwe lewensmaat te ontmoet of hoe om jou lewensmaat te kies; hoor hoe om 'n gespanne sakemens te wees én steeds 'n vurige sekslewe te hê en selfs verneem dat lopende water vir 'n man 'n "sterk ereksie" kan gee...

Die meeste van dié inligtinglyne verwys mense wat bel na sielkundiges of dokters. Hoewel Telkom en die betrokke maatskappye hul bes probeer om die lyne "skoon" en pornografie uit te hou, het 'n paar XXX-nommers, geadverteer in die kleinadvertensies van *The Star*, tog deurgeglip: "Your direct line to having the best time of your life," sê 'n soet stemmetjie - en beloof die beste "volwasse vermaak" in die PWV-gebied waarin "everything goes". En, sê sy, sy en haar span asemrowende meisies, konsentreer veral op die oorwerkte en gespanne tipes. "We even have pre- and post sports entertainment on Saturdays ... to give your team that extra moral support".

**DIE TELEFONIESE BESPREKING** van verskillende onderwerpe deur dokters, sielkundiges en die bekende dr Paul van *Sex Talk* (van TV1 en Radio 702) kan beslis nie die plek van professionele raad inneem nie Die rate en advies wat gegee word, gaan meestal oor 'n bepaalde probleem - en omdat die mense wat bel na 'n opgeneemde stem luister, kan hul unieke probleme nie bespreek word nie.

Die meeste onderwerpe wat tans in dié dienste behartig word, het met seks te doen. Dié nommers is ook die gewildste, wys navorsing.

Naas dr Paul is daar ook dr Bernard van *Healthcall*. Op sy opnames speel sagte agtergrondmusiek en sy stem kom half lui êrens uit 'n bandopname. "We seem still to have a Victorian hangover in the belief that oral sex is unacceptable," vertel hy.

Mens kan nie help om vir sommige van die bandopnames te lag nie, al word dit baie ernstig aangebied. Op die lyn "hoe om gewig te verloor" stel 'n stem eers die onderwerp bekend: "Obesity is a large subject - literally and figuratively".

Om 'n beter minnaar (manlik) te wees, sê dr Paul, is dit belangrik om nie te gou te ejakuleer nie. Maar hoe kry mens dit reg? Die bandopname sê jou wrintie die vrou moet die man se testikel ferm in haar hande neem en dit "bietjie aftrek" - "Grip firmly and pull downward".

Wat stres en seks by die uitvoerende amptenaar betref, kan mens maar net aanhaal: "There's an epidemic amongst young men between the age of 30 and 40 - they drive expensive cars, they wear expensive suits, they carry expensive briefcases and they've got no interest in lovemaking."

Die raad op dié lyne word dikwels baie ligvoets uitgedeel: "Verlief by die werk? Ek sê nie dit is goed of sleg nie, maar jy trap in 'n mynveld." En die raad is om "diskreet te wees", nie té vryerig te raak by die werk nie en, natuurlik, om nie werk en plesier te meng nie.

Een van die meer onskuldige onderwerpe (op die oog af) is die kuns van soen. Dr Paul vertel van soene wat jou laat voel of jy wegsmelt. Hy sê mans soen gewoonlik met oop oë en vroue met toe oë (sodat hulle kan fantaseer). Seks tussen mense wat mekaar nie soen nie, is haastig en sonder gevoel en aanraking. Gebeur dít met jou, sê hy, moet jy 'n volbloed-soen op die mond probeer - en kyk wat gebeur. "As your passion increases, let your lips explore other areas - the nipples, inner thighs..."


**KAREN BOTHA SE SKERP STEM** is maar een van die vele bekendes wat mens deesdae kan hoor praat oor ... hul lewens saam met hul bekende of onbekende mans; waarom hulle geskei of getroud is (byvoorbeeld Brenda Fassie); hul gunsteling flou grapppies (Tolla van der Merwe) en hul geliefkoosde kos en tydverdryf (Steve Hofmeyr oor hoender en "girls").

Een van die vermaaklikste nommers is Karen Botha "oor 'n lewe saam met Naas". Karen vertel op dié bandopname dit maak haar "só kwaad" as Naas gaan gholf speel. Sy "bestee eerder kwaliteittyd saam met Naas as baie tyd". En so al hakkelend vertel sy dat 1992 'n "lekker deurmekaarjaar" gaan wees; dat hulle mekaar "ondersteun in ons doen en late" en dat albei uitsien na 'n jaar "waarin dit lekker sal wees om vir ons land deel te neem".

En dan is daar natuurlik ook Karen oor Die Rok: "My rok was sensueel, vroulik, sexy en stylvol... My rok was iets anders - dalk bietjie kontroversieel, maar as mens 'n figuur het, waarom kan ek nie die bates wat ek het, gebruik nie? ... en ek wil net vir die sogenaamde kenners soos Nataniël sê: Ek dink nie hy kan bekostig om enigiets oor iemand anders se kleredrag te sê nie."



Steve Hofmeyr ... "Ek het 'n probleem met oulike girls."



Karen Botha ... "My rok was iets anders."

Steve Hofmeyr het drie nommers wat mens kan bel - en al drie gaan meestal oor sy fanclub-lede wat meer van hom wil weet. Hy vertel mens of dit moeilik is om 'n akteur te word; dat sy moderne huis én die sitkamer grys en wit is; dat sy huishulp vir hom baas sê; dat hy lief is vir hoendergeregte en dat hy besluit het om 'n akteur te word omdat hy nie werklik sy eie karakter verstaan nie (dit is nie duidelik of dit 'n grappie is of nie).

Een van sy fans vra: "Van my vriende het gesê dat jy 'n moffie is. Is dit waar?" Steve sê bloot "Hu-uh" en gaan dan voort oor "sosiale demokrasie": mense kan uitgaan met wie hul wil. "Ek het egter 'n probleem met oulike girls," sê hy en die luisteraar wag gespanne. "Daar is te veel van hulle." Lag, lag, lag.

Tolla van der Merwe, wat soos 'n Namakwalandse dokwerker klink, het gou gespring vir sy eie lyn en grappies. Hoe gewild dié lyn is, kan (of wil) Telkom nie sê nie, maar hier's 'n voorsmakie:

"'n Man het oor 'n rooi roubort gery. En toe stop die spietkop hom. Maar dis donker en die spietkop kom staan hier langs die lorrie en sê vir hom: Hoekom ry jy oor 'n rooi roubort? En hy sê, ai, meneer spietkop, ek is kleurblind, ek het nie gesien nie. En hy sê: Man, moenie vir my daai stories vertel nie. Almal vertel vir my daai stories van kleurblind. Hy sê: Nee, rêrig, ek ís kleurblind. Vra my meisie. Die spietkop leuen hierso in by die lorrie en sê, is dit waar dat die man kleurblind is? En sy sê: Isse baie waara baas."

Miskien ook maar goed dat Telkom nog nie die gewildheid van dié lyn kon bepaal nie...

## só werk die 087-nommers

**VOLGENS** Telkom was die aanvanklike doel met die telefoondienste om inligting te verskaf oor 'n verskeidenheid van onderwerpe - weervoorspellings, regsadvies en inligting oor politieke organisasies.

"Die sekslyne het ongelukkig die mark oorgeneem, maar ons glo die mark sal dié lyne later laat afneem en dat dié dienste toenemend na mense se verskillende behoeftes oor die algemeen sal begin omsien," sê 'n Telkom-inligtingsbeampte.

In Oktober verlede jaar het drie maatskappye met die inbel-idee begin, en dit het gou duidelik geword dat daar miljoene rande in dié besigheid steek - vandag is daar tien maatskappye.

Die belangrikste maatskappye - Parrot Publications van die Argus- en Nasionale Pers-groep, en Callnet van Times Media en M-Net - is huiwering om te sê hoeveel geld deur die dienste gemaak word, omdat die gebellery 'n nuutjie is en die meeste mense bloot uit nuuskierigheid bel.


Twee maande nadat dié dienste begin het, was masturbasie en hoe om 'n beter minnaar te wees - manlik én vroulik - die gewildste onderwerpe. En, sê die operateurs, die rede hiervoor is omdat die meeste Suid-Afrikaners geen formele seksonderrig ontvang nie.

Die magdom nommers met seksuele inligting wys hoe gewild dié dienste is. Dr Paul se diens alleen bavat 124 lyne wat verskillende onderafdelings van seks aanspreek.

In Europa is die lyne wat aanvanklik mediese en gesondheidsdienste verskaf het, grootliks deur pornografiese en gesellin-lyne oorgeneem. Om dit te probeer verhoed is sensuur-reëls ingestel wat bepaal dat seksonderrig net deur ten volle opgeleide medici behartig mag word.

groenpraatjies

# droogte is die norm in dié streek



deur **TIENIE DU PLESSIS**

**DIE** droogte laat almal sug. Die boere stap oor die dorre lande waar kurkdroë gewasse en profyt deur warrelwinde tot stof verwaai word. Nagtemperature van 25 grade Celsius maak slaap 'n onaangename ondervinding. Dan sug almal weer.

Nou moet ons weer mielies invoer. Dit gaan ons sowat twee tot twee en 'n half biljoen rand kos. Die ekonomie spiraal vinniger na onder. In Potchefstroom is daar 'n nuwe droogte wat die mense in die gesig staar. Berigte bereik die ore van stedelinge dat talle swartmense in die droë Wes-Transvaal en die Vrystaat uit die dorpe trek en werk soek op omliggende plase. Sommige is bereid om slegs vir 'n daaglikse bord kos te werk. Daar is nie 'n wolkie in sig nie. Almal bid.

El Nino en La Nina word geblameer. Osoon-besoedeling en 'n gepeuter met die atmosfeer word in die argument bygesleep. Sommige sê die reënval-stimulasie projekte van navorsers is menslike ingryping waar bo-menslike waardering (en reën) nie verwag moet word nie. Die regering en die Departement van Waterwese word gekritiseer vir onvoldoende beplanning en voorsiening in tye van waterskaarste. Die Landbank en soortgelyke organisasies kyk met kommer na die invloed van 'n gebrekkige reënval op hul inkomste. In Suider-Afrika ontsien 'n droogte g'n enkeling nie - 'n ieder en 'n elk word betrek: almal is onverhoeds betrap deur die droogte wat dié keer lyk asof dit 'n rugbreker gaan wees.

Maar genoeg van die jeremiade.

**HOEKOM IS ONS SO VERBAAS** wanneer die voorspelbare wel plaasvind? Op dié gedeelte van die planeet waar ons woon, is droogte die norm. Ons behoort eintlik verbasing uit te spreek oor die (redelike) goeie reënval van verlede jaar. Ondanks die gevaar verbonde aan vereenvoudiging van 'n komplekse gegewe, kan ons tog probeer om sekere aspekte van droogtes weer onder die loep te neem.

**'N DEFINISIE OF TWEE:**

- 'n Droogte is 'n uitgerekte en aaneenlopende droë weerstoestand (dis nie noodwendig ook warm nie - Antarktika word as een van die "droogste" plekke op aarde beskou). Dié definisie sal seisoenaal en van klimaat tot klimaat verskil. In Engeland geld die volgende:

  Absolute drought - a period of 15 or more consecutive days with a rainfall of less than 0,2mm.

  Partial drought - a period of 29 consecutive days with an average rainfall of less than 0,2mm.

  Dry spell - a period of 15 or more consecutive days, during which the rainfall does not exceed 1mm per day.
- 'n Droogte kan ook 'n tydperk wees waarin watervoorsiening nie kan voldoen aan die gewone huishoudelike, landbou en industriële behoeftes nie, ongeag die klimaatstoestande. Dit verklaar die uitspraak van Giel van Zyl van die Nasionale Mielieprodusente Vereniging, dat die gevolge van die huidige droogte waarskynlik die ergste in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse landbou is. In 1932-33 het dit miskien minder gereën as in 1991-92, maar die aanvraag na water en die aantal verbruikers was eenvoudig kleiner as vandag.

**NYWERHEIDSONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA** (sedert die sestigerjare) het 'n veel bestendiger lewering van water as landbou geëis. Koppel 'n steeds groeiende aanvraag na huishoudelike watergebruik deur 'n groeiende bevolking aan die industrieë aan die Rand, en die mense wat betrokke is by die Departement van Waterwese se kantoor vir Droogtebestuur word die belangrikste staatsamptenare in die land.

Klimatoloë in Afrika vergelyk tans twee grafieke. Die eerste grafiek toon 'n bestendige styging in die gemiddelde temperatuur van die aarde. Dié styging het in die jare sewintig begin, met vyf van die ses warmste jare (oor 'n tydperk van 100 jaar) in die jare tagtig en 'n nuwe rekord temperatuur in 1990.

Die tweede grafiek toon elke jaar sedert 1967 'n ondergemiddelde reënval in die Sahel, daardie droë stuk aarde suid van die Sahara. Die vernietigende Sahel-droogte van 1972-73 is oortref deur die droogtes van 1983-84 en 1987. Tydelike verligting in 1988-89 is gevolg deur die droogte van 1990 wat net so erg was as dié van 1972-73.

Dis kommerwekkend dat dié uiters droë jare ooreenkom met die jare wanneer die temperatuur van die aarde na nuwe hoogtes reik. In 1990 was die temperature in die oostelike Sahel gereeld vier grade bo die gemiddeld van 40 grade Celsius. Is daar 'n wêreldwye konneksie?

**GEDURENDE DIE SEWENTIGJARE WAS DIE** gedagte dat omgewingsvernietiging die droogtes in die Sahel veroorsaak het. Daar is gepraat van 'n mensgemaakte woestyn. Maar in die tagtigerjare het navorsers begin kyk na die verandering in see-oppervlaktemperature. Chris Bolland, 'n Britse weerkundige, het in 1986 'n verband gevind tussen reënval in die Sahel en die verskil tussen gemiddelde temperature van die oseane van die noordelike en die suidelike hemisfeer. Wanneer die oseane in die suide (relatief) warmer is as dié in die noorde, is daar droogte in die Sahel.

Die begrippe El Nino en La Nina het hul oorsprong in dié navorsing. El Nino is 'n warm tropiese seestroom wat ongereeld naby Oos-Indië in die Stille Oseaan ontstaan. Dié seestroom beweeg in 'n paar weke oor na die kus van Suid-Amerika voordat dit verdwyn. Op seil deur die oseane bring El Nino droogtes in Afrika en Australië, en vloede in die woestyne van Chili. La Nina is die teenpool. Dit is 'n koue stroom wat weswaarts langs die ekwator terug beweeg. In 1988 het La Nina ongewone nat toestande in Afrika veroorsaak - vloede in Khartoum!

Hoe word seetemperature met 'n styging in wêreldtemperature in verband gebring? Is die een 'n oorsaak van die ander? Hoe oud is El Nino en La Nina? Sal seetemperature in die toekoms meer algemeen gebruik word in voorspellings van droogtes en reën? Kan só 'n wydverspreide verskynsel by streek-voorspellings van nut wees? Wat kan ek en jy aan die droogte doen? Moet ons nie maar begin luister na James Lovelock nie?

Ek wonder hieroor as die grasbrande in die middel van die reënseisoen die hoëveld langs die hoofweg soos winter laat lyk.

# The roller coaster that is the New SA

## SHERRY MCLEAN, an Irishwoman who married a South African exile, came to live in South Africa recently. These are some of her first impressions of the "New South Africa"

**HAVING** left a dismal damp winter's evening in Dublin, we arrive to sunny skies, the smell of Africa and an exhilirating, hair-raising drive on the freeway. This is my introduction to the "New South Africa" and I am keen to find out how it is with an open, optimistic heart.

I am soon exposed to the buzz of the city and the streets of Yeoville where we first stayed. There seems to be a real mix of people living here but little evidence of actual social mixing. On one side of the street trendy people are enjoying a beer and chat in a European type café/bar. And what's this directly opposite - a shop full of an extensive range of weapons; sinister knuckle dusters with blades attached, shamboks and revolvers. I feel quite sick as I gaze wide-eyed at this display of violence, which in turn necessitates me to learn tedious locking systems of houses and cars.

Later, we have to report a stolen car and enter a police station to find young white police cavorting and yelping like puppies whilst bashing one another over the head with rolled up newspapers. Perhaps this is a form of relief from the enormous tension that the police must experience in their daily work here. However, their behaviour and arrogance hardly ensured confidence, especially as these exuberant "puppies" were all armed.

**I WAS EAGER TO READ** the newspaper to find out the quality of the media. To my astonishment as I peruse the classified ads of one paper, I find the "massage and escort services", which facilitate every devise and individual tastes, "good clean service, credit cards accepted."

This reminds me of a brief overnight stay in a family resort hotel in the Drakensberg, which offers pony-trekking, bowling, tennis and other sporting activities. After dinner we went to explore the bar only to be told very apologetically by the "activities organiser" that the stripper couldn't make it that night. Is this considered to be another "sporting" activity in South Africa?


Staying with the press, there is a horrific story of a non-racist male and bitch dog who mate. The male is owned by a black and the bitch by a white. The white man is so incensed at this crossing of racial barriers that he actually kills the owner of the male dog. One wonders how far the obscenities of racism have to go.

**OUR LOCAL MUNICIPAL POOL** is beautiful and free of charge and it is encouraging to see children of all races mixing so freely and happily. However, my friends from the townships inform me that there are no such services there. It seems then that both the opportunity to swim freely and with all South Africans, is still denied to those living in "reserved" areas.

I am also struck by the difference in expressions on people's faces. There are some whites who seem to be holding bitterness and fears so deeply that it is portrayed in pinched stern faces. Meanwhile black people who suffer most under apartheid, seem to have retained a sense of warmth and humour. Like the pregnant woman I saw with a T-shirt which said "It started with a kiss."

A friend described the experience of South Africa like being on a roller coaster - fast moving, from highs to lows. It feels like that for me too from pessimism around the horrors of the effects of apartheid, to the optimism in the openness and exciting commitment to change.

# this is the future, says **denis herbstein**



In the good old bad old days, the returnee journalist needed to tread warily. "What do you know about South Africa, you live 6 000 miles away, man?" We did know, of course, about the boys in Angola and the "Trojan Horse" shootings, the slow bite of sanctions and the world's real distaste for apartheid, even among Brits who adored Margaret Thatcher. These days things have changed. You have to be "there" to know what's going on.

And how they've changed. The *Cape Times* social pages feature Christmas Tinto, Fred and Sarah Carneson, Reg September, Zola Skweyiya and assorted former pariahs toasting the ANC on the Grand Parade. A touching role reversal takes place in the foyer of the Johannesburg ANC headquarters at 51 Plein Street. That ubiquitous "pas op" poster of moulded terr weapons is on the wall. The guard points to a limpet mine once favoured by MK. "That's the one we fear," he says.

So I have been working my way through white suburb and black township, ear to the ground. Most blacks I met had personal experience of violence. They were pleased enough just to get home at night and tear off a Castle. The whites, even outside the bunkers of Johburg's northern suburbs, await car theft, necklace-snatch or Kalaschnikov break-in with a nervous fatalism. They expect blacks to be violent. Suddenly the repeated mantras about tribalism seem to be coming true, never mind who's stirring it up. It seems so obvious that without the Buthelezi spanner in the works, they would all be much further down the path of negotiating a constitution.

**ON THE OTHER HAND,** talk of right-wing insurrection brings on a frisson of expectation in otherwise sane white living rooms. It seems to say, "keep the Eugene option open in case FW can't get the deal we want". In some respects, I do have a little sympathy for the Conservatives. A mere three years ago much of what they believe now was your bread-and-butter NP dogma, espoused by De Klerk and Viljoen, dissented from at risk to life and liberty. But does this mean the Far Right goes all the way? It could be decided by the weather, of course. The rains come, the harvest is good in the Western Transvaal, where separatist feeling is strong, and the fervour is washed away in a flood of juicy sweet corn. Otherwise, we shall have to wait and see if there is to be another Afrikaner war of liberation or whether resistance disappears in the puff of an ancient musket. (Enhanced graffiti on a Cape Town wall: "I love strAWB"

Two European colonial lessons might be instructive at this time. The first is the Ulster solution, wich is the worst of all possible worlds. In 1921, instead of granting home rule to the whole of the island of Ireland, the British government acceded to threats of Loyalist insurrection, and hived off the north into a Protestant-dominated enclave. For twenty years the IRA has been fighting to get the Six Counties of Ulster re-incorporated into Ireland. A small body of ruthless men and women, with limited support in the Republic of Ireland itself, have kept the British army on their toes.

In the same way, the latter-day Boers could rekindle the arts of guerrilla warfare. They have soldiers and policemen with special skills, letter bombers and CCB's, and in a disarming world, weapons are for sale at knock-down prices. It doesn't much matter that, unlike the Irish republicans, they will be fighting to stay out of a state of which they disapprove. A few determined men can do a lot of mischief.

**ALL THE MORE REASON WHY FW** de Klerk should put the matter to a referendum of the whole country (having brought in an army of civil servants to issue ID cards and establish voter's rolls as a matter of supreme urgency). He is also recommended to read a biography of Charles de Gaulle. You will remember that the Great Man was restored to power in 1958 in a coup by Algerian Europeans, the pieds noirs or "black feet" who wanted the colony to remain French? De Klerk-like, Mon General U-turned. He held a referendum, couching the question in highly formalised language. "Do you approve the Bill submitted to the French people by the President of the Republic concerning self-determination?"

FW might ask: "Do you approve of the decision taken by Codesa to include all South-Africans in the electoral process and to raise the living standards of all the country's people?" Who could say "no" to that? To be completely sure of success, he might add to the white question paper: "Are you in favour of the restoration of international rugby tours?"

Problem is that De Gaulle only got his way after the OAS (Secret Army Organisation), led by a posse of French war hero generals, had attempted a counter-coup, and then tried to assassinate him. The OAS roped in the MNA, the second-string Moslem force, issued them with arms for use against their rivals, The Algerian Liberation Army (ALN). It collapsed soon enough and the French departed to mainland Europe. In South African terms, the OAS is the AWB, the ALN is the ANC and the MNA, Inkatha. Unlike Algeria, however, there is no outside government waiting to intervene on behalf of the ANC. Wait a minute, isn't all this happening already?

This pessimistic scenario might have been influenced by an attempt to make a call from a public telephone booth outside King William's Town post office. A message flashed on the privatised screenlet: "THIS IS THE FUTURE." When I finger-tipped the tickeys in, it said: "SORRY, OUT OF ORDER." A metaphor, perhaps, for la nouvelle Afrique de Sud?

(Denis Herbstein is an anti-apartheid activist who went into exile in 1976.)

On the other hand, talk of right -wing insurrection brings on a frisson of expectation in otherwise sane white living rooms. It seems to say, "keep the Eugene option open in case FW can't get the deal we want". In some respects, I do have a little sympathy for the Conservatives. A mere three years ago much of what they believe now was your bread-and-butter NP dogma, espoused by De Klerk and Viljoen, dissented from at risk to life and liberty. But does this mean the Far Right goes all the way? It could be decided by the weather, of course. The rains come, the harvest is good in the Western Transvaal, where separatist feeling is strong, and the fervour is washed away in a flood of juicy sweet corn. Otherwise, we shall have to wait and see if there is to be another Afrikaner war of liberation or whether resistance disappears in the puff of an ancient musket. (Enhanced graffiti on a Cape Town wall: "I love strAWB"

# breek af die mure! Vrye Weekblad vier groot fees

**DIE** einde van Suid-Afrika se kulturele isolasie is rede om fees te vier. Dit beteken die mense van Suid-Afrika het die stryd teen apartheid gewen en dit lui 'n nuwe era van demokrasie en 'n oop samelewing in.

Maar 'n nuwe stryd lê vir ons voor: die bou van 'n stabiele, vredeliewende nasie uit die verskillende bevolkingsgroepe, wat weens apartheid baie vreemd vir mekaar is. Ons glo die plek om te begin is by kultuur.

Dit is die agtergrond vir die kulturele fees wat Vrye Weekblad in Maart aanbied. Ons noem dit die Breek af die Mure-Fees/Breaking the Barriers Festival en die tema is "Mense Maak Kultuur".

Die fees het ten doel om die mure tussen die verskillende kulture in ons land af te breek deur kunstenaars van alle kulturele agtergronde op een verhoog te plaas en mense die geleentheid te gee om mekaar se kultuurskeppings te begin geniet.

(Dit alles beteken natuurlik nie dit is 'n emstige, droë storie nie. Dit gaan suiwer plesier wees.)

Die fees sal egter ook 'n internasionale kleur hê, in die vorm van verskeie voorste Nederlandssprekende kunstenaars.


Ons meen die Engelssprekende Westerse invloed op die Suid-Afrikaanse kultuur was voldoende. Die enigste ander venster op internasionale kultuur waartoe ons toegang het, behalwe natuurlik vir ons bure in Afrika, was lank vir ons gesluit: die Nederlandssprekende wêreld. Deur middel van Afrikaans het die meeste Suid-Afrikaners toegang tot die kultuur van lande soos Nederland, België, Suriname in Suid-Amerika en Antille in die Wes-Indiese Eilande.

**NEDERLAND WAS EEN VAN DIE LANDE** wat die kulturele boikot die strengste toegepas het. Dié fees sal die eerste keer sedert die begin van die boikot wees dat Nederlandse kunstenaars in Suid-Afrika optree. Dié inisiatief word ondersteun deur die verskillende Suid-Afrikaanse kulturele organisasies en die Nederlandse regering. Die fees word georganiseer in oorleg met die Komitee Zuidelijk Afrika (KZA), 'n ontwikkelingsorganisasie in Amsterdam wat 'n stewige bydrae tot die stryd teen apartheid gemaak het.

Die verhouding tussen die Nederlandssprekende gemeenskappe en Suid-Afrika is in die verlede dikwels beskou as 'n stam-, bloed- of koloniale band. Ons fees sal die standpunt beklemtoon dat dié siening irrelevant en negatief geword het. Die fees wil sê dat die enigste gesonde grondslag vir nuwe kulturele kruisbestuiwing tussen die twee kulture die toegang tot mekaar se kulture is.

Die fees bestaan uit teater, kabaret, ballades en blues, storievertelling, literêre klinieke, 'n rolprentfees, 'n poster-tentoonstelling en debatte van openbare belang. Dit word gehou in die Mark-Teaterkompleks en die Afrika Kultuursentrum in Newtown, Johannesburg.

Die fees begin met 'n ope dag op Sondag 8 Maart en duur tot Saterdag 14 Maart. Daarna reis die skrywers en akademici, die rolprente, die poster-tentoonstelling en die Nederlandse kabaretkunstenaar na Kaapstad, waar die fees op Sondag 15 Maart open met die tentoonstelling in die Mayibuye Sentrum vir Geskiedenis en Kultuur aan die UWK.



**Ons verander die hele Markteater-kompleks in 'n feesterrein met 'n biertuin en musiek. Tussen 8 en 14 Maart kan jy elke dag kom plesierig wees.**

**Stem JA - ja vir 'n bietjie plesier tussen al die neerdrukkende gebeure deur!**

## teater



Die spelers van De Nieuw Amsterdam Theatergroep, wat Brecht se Antigone tydens die kultuurfees opvoer: Paulette Smit, Otto Sterman, Helen Kamperveen, Maarten van Hinte en Gerda Havertong

**De Nieuw Amsterdam Theatergroep** van Nederland bied 'n moderne weergawe van die Griekse tragedie **Antigone** *(Bertolt Brecht)* onder spelleiding van **Rufus Collins** aan. Hierdie is geen gewone **Antigone** nie. Die akteurs maak gebruik van akrobatiese beweging en die koor gebruik alles van tradisionele stam-ritmes tot moderne jazz-melodieë vir die musikale begeleiding. Die stuk speel af in 'n hospitaal vir sielsiekes, waar **Antigone** die model word vir mense wat van hul rituele en mites moet afsien ten gunste van moderne vooruitgang. Die koor vertolk die rol van die verpleërs in die hospitaal.




Die befaamde Nederlandse regisseur Rufus Collins, wat die regie doen vir die Brecht-stuk Antigone

Dié geselskap kon nie in die **Mark-Teater** geakkommodeer word nie - weens al die beweging in die stuk word 'n baie groot verhoog benodig. Die oop skuur agter die **Markteater**, deel van die Afrika-Kultuursentrum van Newtown, word nou vir dié geleentheid in 'n tydelike teater omgeskep.

**Rufus Collins** is 'n bekende regisseur in Europa. Hy het al in die groot teaterskole in Nederland en België klasgegee. Hy het ook aan Suid-Afrikaanse toneelstukke soos **Egoli** en **Amandla** gewerk terwyl dit in Europa en die VSA getoer het.

**Antigone** word van **Maandag 9 Maart** tot **Vrydag 13 Maart** om 21h15 opgevoer. Van **Dinsdag 3 Maart** tot **Vrydag 6 Maart** sal openbare kleedrepetisies gedurende die dag gehou word en alle belangstellendes is welkom.

## ballades en blues



David Kramer, hy met die blikkitaar, wat deel is van die aand van Ballades en Blues saam met Abigail Kubeka, Jennifer Ferguson, Thandie Klaasen en Johannes Kerkorrel


'n Laataand-vertoning in die **Hoofteater** by die Mark met Suid-Afrikaanse kunstenaars soos **David Kramer, Abigail Kubeka, Jennifer Ferguson, Johannes Kerkorrel** en **Thandie Klaasen**, en 'n gewilde Nederlandse groep, die **Circus Custers.** Vanaf **Dinsdag 10 Maart** tot **Saterdag 14 Maart** om 21h30.

## kabaret

Die besondere styl van **Elsabé Zietsman** word gekombineer met dié van die bekende Nederlandse kunstenaar, **Freek de Jonge. Natalia da Rocha** en **Kurt Egelhof** skryf vir dié geleentheid 'n

spesiale eg-Suid-Afrikaanse kabaret waarin tradisionele Kaapse liedjies met satiriese tussenwerpsels gemeng word. In die Hoofteater van **Maandag 9 Maart** tot **Saterdag 14 Maart** om 19h00.

## filmfees



Brigitte Doll as Charlotte in die Nederlandse film met dieselfde naam wat deel van die filmfees is. Die film, met regisseur Frans Weisz, handel oor die lewe van Charlotte Solomon.

'n Fees met van die beste Nederlandse films oor die afgelope paar jaar in die Upstairs Teater, **Maandag 9** tot **Saterdag 14 Maart**. Dit sluit in vollengte, dokumentêre en animasie-prente. Al die films het Engelse onderskrifte. Onder die films is **Gebroken Spiegels, Charlotee, In Krakende Welstand** en **De Illusionist**. Suid-Afrikaanse films soos **Mapantsula** sal ook te siene wees.

## kunsuitstalling




Die moeilike taak om wenners te kies... Mike van Graan, Hardy Botha en Matsemela Manaka bekyk die menigte inskrywings vir Vrye Weekblad se posterkompetisie. Saam met Margaret Mhlope en Andrea Vinassa (in die agtergrond) moes hulle die drie wenners kies wat altesame R17 500 aan prysgeld kry. Op bladsy 20 en 21 is afdrukke van nege van die beste inskrywings vir die kompetisie, wat die tema Nkosi Sikelel IAfrika/God Seën Afrika/God Bless Africa gehad het. Die drie wenners word op 8 Maart tydens Vrye Weekblad se kultuurfees by die Markteater in Johannesburg aangekondig. Die beste 50 inskrywings gaan tydens VWB se kultuurfees in Johannesburg en Kaapstad ten toon gestel word.

'n Uitstalling van die vyftig beste inskrywings vir ons nasionale **"Nkosi Sikelel iAfrika \ God Bless Africa \ God Seën Afrika"** poster-kompetisie in die Mark-Galery. Dié kompetisie is oor die afgelope vier maande deur Vrye Weekblad aangebied en ons het reeds 'n menigte inskrywings van mense van alle ouderdomme en van oral oor Suid-Afrika ontvang.

## storievertelling

'n Aanbieding deur van Suid-Afrika se beste storievertellers saam met deelnemers van Nederland, almal saam op een verhoog. Die Suid-Afrikaners sluit in **Gcina Mhlope, Patrick Mynhardt, Irene Stephanou, Sydney Mokoena, Lesley Nott** en **Matsemela Manaka.**



Patrick Mynhardt, een van die storievertellers

## openbare debatte

'n Reeks van debatte sal oor die middaguur gedurende die week van die fees aangebied word in die **Laager by die Mark.** Kwessies soos nasionale eenheid en kultuur, 'n taalbeleid vir die toekoms, die rol van die media in kultuur en die toekoms van bestaande nasionale monumente sal bespreek word. Sprekers van politieke, kulturele en akademiese perspektiewe sal deelneem, onder andere **Fitzroy Ngcukana,** PAC segspersoon oor kultuur; die bekende Stellenbosse filosoof, prof **Johan Degenaar; Cheryl Carolus** van die ANC; **Mothobi Motloatsi** van Skotaville-uitgewers; **Ken Owen** van die Sunday Times; prof **Elize Botha** van Pretoria, die direkteur van die SA Nasionale Gallery, **Marilyn Martin.**

## lesingreeks

Akademici en skrywers van Nederland is genooi om lesings by die universiteite in die omtrek te lewer en op te tree by werkwinkels gedurende die fees. Die Nederlandse gaste sluit in **Bert Schierbeek,** bekende digter; **Ton Ambeek,** professor in literatuur en skrywer; prof **Hein Iersel,** 'n voormalige minister van Onderwys in Suriname en kenner van die kreolisering van Nederlands; **Thea Doelwijt,** 'n feministiese dramaturg wat in Nederland woon sedert die militêre magsoorname in Suriname; en prof **Vernie February,** doserende professor by beide die Rijksuniversiteit in Leiden en die Universiteit van Wes-Kaapland.

## workshops

'n Reeks workshops oor teater, storievertelling, skryfkuns en film sal deel vorm van die fees. Dit sal aan die Nederlandse gaste en ander belanghebbende Suid-Afrikaners die geleentheid bied om bogenoemde sake in diepte te bespreek.

**"Nkosi Sikelel iAfrika / God Bless Africa / God Seën Afrika" Nasionale poster kompetisie : 50 beste inskrywings**
1. Aylmer, Micheal 2. Barry, Hedwig 3. Barry, Micheal 4. Bester, Gustav 5. Breytenbach, J 6. Breytenbach, J. 7. Buthelezi, Richman 8 Cheifitz, Jann 9. Comitis, John 10. De Lange, Elana 11. Dreyer, Benjamin 12. Du Plessis, Lu-Mari 13. Du Plessis, Esmari 14. Durr, Lynne 15. Ford, Simon 16. Gianturco, V 17. Gouws, Colleen 18. Greaves, Micheal 19. Hertell, Ernst 20. Hertell, Brigitte 21. Hoffmann, Ruan 22. Hubbert, Erika 23. Kaplan, Norman 24. Kemp, Clive 25. Lamantia, Morris 26. Lange, W. & Calitz, A 27. Letlahe, Phillimon 28. May, I. 29. May, I 30. Meyer, Rosalie 31. Meyer, Wilmari 32. Notman, Lourens 33. North, Jennifer 34. Oliver, Marcel 35. Oosthuizen, Hetta 36. Opperman, Johann 37. Perros, Dimitra 38. Rietveldt, Craig 39. Roome, John 40. Ross, Alexandra 41. Sam, Jonathan 42. Simon, Edwine 43. Skikhawe, Ashby 44. Steenkamp, Karel-Brink 45. Van der Walt, Clementina 46. Van der Westhuizen, Pierre 47. Van der Westhuizen, Ina 48. Van Rensburg, Jan Sorm 49. Van Staden, Magda 50. Von Seydlitz, Hiltrud


**Van links na Regs:** Pierre van der Westhuizen, Jann Cheifitz, John Roome, Marcel Oliver, Dimitra Perros, Micheal Greaves, Lourens Notman, Clementina van der Walt, Hiltrud von Seydlitz























# selfs 'n volmaakte land het probleme

**Die meeste Suid-Afrikaners dink aan Swede as 'n land iewers in Skandinawië wat die afgelope dekades kwaai teen apartheid te velde getrek het en waar dit baie sneeu. Maar dit is ook 'n land van dennewoude en marsepein-rolletjies, ...van sosiale-demokrasie en toenemende rassisme, sê JACQUES PAUW wat saam met kollega Lucky Khuzwayo onlangs vir twee weke deur dié land gereis het**

**DIE SWEDE,** glo kollega Lucky Khuzwayo, is 'n nasie van Jesus Christusse.


Want dit was in die noordelike dorpie van Lulea, op die grens van Lapland, waar Lucky versigtig en voel-voel teen die bult sneeu afgestrompel en op die vlakte ys tot stilstand gekom het.

"Jy staan nou op die hawe van Lulea. Jy staan op die see," het een van die inwoners gesê en saam met Lucky oor die bevrore hawe gestap tot waar 'n groot visserskuit vasgevries gelê het.

"In dié land kan mens Jesus Christus wees en op die water loop," het Lucky gesê.

Dae later het hy aan 'n mede-joernalis gesê dié Skandinawiese land is 'n vreemde plek en ver verwyder van die groen heuwels van sy geboorteplek in Natal.

Swede is 'n skoon, pragtige land van dennewoude, mere en eilande. 'n Land waar Laplanders en hul takbokke in die noorde van die land oor sneeubedekte graslande na warmer dele trek en waar die



'n Uitsig oor die ou gedeelte van Stockholm

inwoners van Stockholm hul dae in koffiewinkels met Sweedse marsepein-rolletjies verwyl.

Swede word in baie kringe as die suksesverhaal van die wêreld beskou. Dis 'n land sonder oënskynlik wanhopige armoede, krotwoonbuurte of honger mense. Sy byna 9 miljoen inwoners geniet die tweede hoogste per kapita inkomste ter wêreld (naas Japan) en gaan slaap elke aand met die wete dat onderwys op alle vlakke gratis is en indien hul werkloos sou raak, die staat in meeste gevalle vir 'n jaar lank 90 persent van hul salarisse sal betaal.

Die geletterdheidsyfer is 100 persent, mans kan verwag om 74 jaar oud te word en vroue 81. En daar is 'n televisiestel vir elke twee mense.

**JA, MAAR OOK DIÉ BYNA-VOLMAAKTE** land het sy probleme. Die ekomomie versleg en werkloosheid staan op vier persent en inflasie en kospryse styg.

Wit Suid-Afrikaners onthou Swede waarskynlik vir sy meedoënlose stryd die afgelope twee dekades teen apartheid en sy finansiering van anti-apartheid-organisasies en die ANC. Vandag nog ontvang dié organisasie sowat R60 miljoen per jaar van die Sweedse regering.

Voordat die Sweedse regering 'n visum vir my besoek aan dié land toegestaan het, moes ek 'n verklaring onderteken dat ek aan geen sportbyeenkoms gaan deelneem nie.

Suid-Afrika bly steeds aan die voorpunt van die nuus in Swede. Die uitslag van die tussenverkiesing in Potchefstroom en die aankondiging van die referendum was die hoofnuus op televisie en die vertrekte, soms berserkte gesigte van triomfantlike regses is vir minute lank aan die Swede gewys.

Rassisme self is besig om toenemend 'n probleem in Swede te word. Die land is geskud deur 'n vermeende rassis wat die afgelope maande een swartmens doodgeskiet en nege ander verwond het. 'n Huis waarin Tseggo-Slowaakse immigrante gewoon het, is opgeblaas. Volgens berigte is rassisme en Neo-Nazisme aan die toeneem.

Daar word byna weekliks opmarse teen rassisme in Swede gehou waaraan almal, ook die eerste minister, hul misnoë met brandende kerse betoon. Op sulke tye kom Stockholm tot stilstand.

**RASSISME, EN DAAROM OOK** apartheid, bly een van die belangrikste strydpunte in Swede. Dié mense is uiters ingelig en kundig oor gebeure in Suid-Afrika en altesame een miljoen mense is lede van 'n verskeidenheid van anti-apartheids-organisasies.

Dit bly steeds vreemd vir die Swede om 'n "linkse" of "verligte" Afrikaner in Swede te ontmoet en eerstehands te hoor hoe hy sy volk "verraai" het en kant saam met die "vyand" gekies het.

Groepe studente, navorsers en lektore het by verskeie universiteite en institute verstom gesit en luister wyl ek hul vertel het van my kinderjare in Waterkloof in Pretoria, van die storm wat destyds by die Universiteit van Pretoria ontketen is toe 'n blinde student 'n swart jeugdige gebruik het om hom op die kampus reg te help en van die twee jaar diensplig wat ek in die Suid-Afrikaanse Weermag in onder meer Namibia verrig het.

Benewens politici, is veral Suid-Afrikaanse letterkundiges soos André Brink, Nadine Gordimer en JM Coetzee huishoudelike name in Swede en hul boeke, vertaal in Sweeds, word oral in boekwinkels gesien.

Selfs in die noordelike gedeeltes van die land is dit glad nie vreemd om 'n vlag van die ANC of 'n plakkaat van Nelson Mandela teen 'n muur te sien pryk nie. Toe ek en Lucky in Lulea was, het studente 'n fondsinsameling vir die ANC in die dorpie gehou.

Mens kom ook weldra agter hoeveel Suid-Afrikaanse uitgewekenes die afgelope jare herberg in Swede gevind het waar baie van hulle vandag getroud is met Sweedse burgers en deel geword het van dié gemeenskap.

Die sanksiedebat word steeds vel gevoer in die Sweedse media waar die linksgesindes steeds gekant bly teen die opheffing van sanksies tot tyd en wyl die proses onomkeerbaar geword het.

**DIE ANTI-APARTHEIDSAKTIVIS EN** bekende skrywer Per Wastbërg (hy het 32 boeke geskryf!), glo die Sweedse obsessie met Suid-Afrika is 'n mengsel tussen dié mense se opregte liefdesverhouding met Afrika en hul ontsettende afkeer aan rasse-vooroordeel.

Wastbërg het my en Lucky een middag in sy asmerowende woonstel in gotiese Stockholm op 'n eg Sweedse middagmaal onthaal en vertel van sy dertig jaar lange verbintenis met Suider-Afrika waartydens hy uit beide Suid-Afrika en die ou Rhodesië gesmyt is.

Die middagete het bestaan uit waarskynlik Swede se bekendste tradisionele dis: rou salm wat in olyfolie en dille gemarineer is, en bedien is saam met room-aartappels, ook met dille, en 'n plaaslike schnaps wat soos 'n muil geskop het. Lucky se ontsteltenis was groot toe hy agterna verneem hy het rou vis geëet!

So van drank gepraat: die Swede betaal deur hul nekke daarvoor en die hele drankbedryf in dié land word deur die staat beheer. Alle drankwinkels is in staatsbesit en drankpryse word die hoogte ingejaag om mense te ontmoedig om te drink.

Daar was eers 'n koepon-stelsel in Swede waarvolgens mens net 'n bepaalde hoeveelheid drank elke maand kon koop. Dié stelsel is nou genadiglik afgestel, maar 'n bottel wyn kos steeds sowat R30 per bottel.

**SWEDE IS EEN VAN DIE DUURSTE** lande ter wêreld, veral vir Suid-Afrikaners. 'n Koppie koffie kos sowat R10, 'n ete in 'n gemiddelde restaurant R60 sonder drank, R25 vir 'n glas wyn en sowat R350 per nag in 'n gewone hotel.

Swede het 'n sosiaal-demokratiese stelsel met sowat 90 persent van die ekonomie wat deur private besit beheer word. Die sosiaal-demokratiese stelsel het tot gevolg dat individuele inkomstebelasting sowat 45 persent is.

Hoewel daar baie klagtes is oor die hoë inkomstebelasting, verduidelik ondersteuners dat dié belasting 'n soort versekering is waaruit onderwys, pensioene, gesondheid en waarskynlik Europa se beste openbare vervoerstelsel gefinansier word.

Onderwys, wat van 'n uiters hoë gehalte is, word van voorskoolse onderwys tot en met universiteit gratis voorsien. Dan is daar 'n stelsel van "people's colleges" waar mense wat vroeg uitgesak of nie hul universiteitsopleiding voltooi het nie, weer kan gaan studeer en as't ware 'n "tweede kans" kry.

Ek en Lucky het so 'n kollege in die dorpie Umea in die sentrale gedeeltes van die land besoek waar jonk en oud vir kursusse soos elektronika en joernalistiek ingeskryf het om huself van vooraf te begin bekwaam. Ook dié onderwys is verniet.

**DIE SWEDE WOON REEDS** die afgelope 5 000 jaar in hul land - langer as enige ander Europese volk. Gotiese volke uit Swede het 'n uiters belangrike rol in die disintegrasie van die Roomse Ryk gespeel.

Die Swede is in die 11e eeu deur die Christendom bekeer en 'n gesentraliseerde sentrale monargie het kort daarna tot stand gekom. 'n Parlement, verteenwoordigend van alle klasse van die gemeenskap, is reeds in 1435 in die lewe geroep en is was die eerste parlement op die Europese kontinent.

Swede het in 1521 onafhanklik geword en tydens die Napoleontiese oorloë Noorweë ingepalm, wat eers in 1905 weer sy onafhanklikheid van die Sweedse kroon teruggekry het. Swede het in die 20e eeu sy beginsel van neutraliteit ontwikkel en gevestig.

Die relatiewe vrede in Swede is wreed verongeluk toe sy eerste minister, Olaf Palme, op 28 Fewbruarie 1986 vermoor is terwyl hy en sy vrou huis toe gestap het. Vandag nog werk 'n spesiale ondersoekspan aan die oplossing van die moord, maar sonder enige sukses. 'n Polisiehoof het reeds sy werk verloor omdat die ondersoek so sloer.

Dit is moeilik om tydens 'n toer van net twee weke ware indrukke oor enige land te vestig, maar wat Swede betref, staan twee aspekte uit soos 'n paal bo water: dis absolute snert dat die Swede koud, onvriendelik en onemosioneel is. Dis van die vriendelikste mense wat ek nog op enige plek ontmoet het.

O, behoede jou as jy en jou hond in die park stap en hy doen dalk meer as om net sy been teen 'n boom te lig. Jy moet plan maak en skoonmaak! Alle karre moet gereeld meganies nagesien word en indien 'n verkeerskonstabel jou sou voorkeer en jy het nie 'n sertifikaat dat jou motor onlangs nagesien is nie, mag jy nie verder ry nie.

# sweden's like yeoville

## - at -7 degrees celsius

# says JAMES PHILIPS, better known as Bernoldus Niemand, who recently took the struggle to Mohammed

**IMAGINE** if Abba came to Yeoville and we all dressed up in Swedish costumes and sang the Swedish national anthem before the gig. (This is after we'd shown off our newly acquired Swedish dance steps). Imagine if you lived in a country where there are no poor, hungry or homeless people, and a little girl lost in the woods is a national tragedy. Yes folks, if the struggle won't come to Mohammed, Mohammed will go to the struggle.

There I was, somewhere near the Arctic Circle watching a bunch of pale people gyrating in a very un-Swedish fashion. These were the local lefties doing a support act for Tananas, and they were showing off their new African dance styles. After the African gyrations a huge choir in African prints trooped on to the stage and did some African singing (Swedes love to sing). "Nkosi ZZZikelel 'iAfrika" and Rohlala Mandela" were performed with mighty zeal, and by then the going was getting weird. These people all looked like they'd spent the day ice-skating on the Yeoville pool. This was Yeoville at -7 degrees Celsius. No normal reaction to bands from abnormal societies. Imagine if...

Tananas, the kings of rhino-documentary music performing just about as far from South Africa as you can get. The band were ably supported throughout by poet and troubador Vusi "The Voice" Mahlasela, the man with the classic African tenor. (His debut album, *When you come back*, now available from Shifty Records.)

Ostersun was the third gig I attended. The first and most Nothern was at Omskoldsvik on Wednesday evening. The audience weren't very forthcoming but then these Swedes are incredibly well behaved. This place is like Virginia on a Sunday all the time. Some muffled clapping was about as much as they could manage, but this didn't mean that they didn't enjoy it and the band were called back for more.

**THE VENUE THEY PLAYED** was a building called Musikhuset. This place is a musician's dream. In addition to the actual venue area (with its own PA) the building also houses a restaurant, practice rooms, offices, a radio station and lodgings for performers. And there's a Musikhuset in almost every town. Just one Musikhuset in South Africa would be an awesome achievement. O Baby, we've got a long way to go. Most refreshing was seeing musicians being treated like human beings for a change. Back home we're just one rung from child molesters (along with teachers, nurses, firemen and policeman). Perhaps because our folk are still besotted with warriors, sportsmen, politicians and the rich guys. Who knows?

At Omskoldsvik we were taken to an ice-hockey game. In a society that ostensibly abhors violence - don't even think of klapping your kid in Checkers here, you'll probably be arrested - this national sport is a paradox. This is sanctified violence at its bone-crushing best. Sweden is the world champs at the moment and they take this thing very seriously. It's all lasers, loud music, screaming fans and the hideous jar of colliding blonde giants crashing at the speed of light into the plastex surround. Visions of Rollerball filled my head. The visitors' supporters are confined to a cage. When the guy got carried of the ice on a stretcher and they coolly scraped up the ice stained pink with his blood, it was all too much for me. Maybe it's a hangover from the old days of rape 'n pillage, or just a chance to see some Swedish misbehaviour, but whatever the case the manne of Sweden all seemed to be having a pucking good time.


**ON THURSDAY WE TRAVELLED SOUTH** to the "Pipeline" club in Sundsvall. Driving in Sweden can get you down if you're used to breakneck SA speeds. With ice on the roads and darkness falling by 3pm, the going is incredibly tedious. We were averaging about 60 kph, so a mere 200 km journey seems like forever to a speed-maniacal South African. If you can get away before dark the frozen lakes, snowscapes and pine forests are a wonder to behold.

The audience at the "Pipeline" was smaller but less inhibited. The sound was good and the band were called back for encore after encore. I spent most of the evening in the purple dressing room, staring at a wonderful painting of a naked blonde lady sitting on a tree stump playing a fiddle. There was an art exhibition on at the club but it was incredibly dour and lifeless. Nothing like the lady with the fiddle. One wonders how a people who have "got it all" can produce such depressing art. I suppose being depressed without having anything to be depressed about can be a killer. How it kind of works is that if you want to be a punk in Sweden the government will give you safety pins. The state will pay a band everytime they practice. These people just don't know how happy they are.

Friday found us at Ostersun where the cultural exchange of the 3rd kind took place. This was the coldest day and the warmest audience. It was great to see so many kids at the gig, although they all seemed pretty stunned by their mothers' shameless display of African gyrations. The band were cooking again but most of the audience could not be moved to their feet. Reminded me a bit of Cape Town (in the old days).

**BY NOW THE LITTLE GIRL LOST** in the wood had been found, but a ten year old had been found murdered in Ostersun and her mother and brother arrested. This was mind-boggling for the Swedes. This was as unthinkable as not winning the Eurovision Song Contest. Maybe that's why they didn't feel like dancing. Crime is almost negligible in Sweden, and people leave their doors open and babies sleep outside in the fresh air unattended. There are the stolen car joyride type crimes, but these are mostly just bored young boys. One quiet night a pair of these crashed into my buddy Herbie's gate, and within minutes there were patrol cars, ambulances and fire-engines on the scene. With all the flashing lights and commotion it was like something out of ET. Herbie, who played bass with Corporal Punishment and the Radio Rats, lives in Sandviken, which is like the Springs of Sweden. We went to a disco there one night and it reminded me very much of the Riebeeck Hotel. A dance band playing covers and middle-aged drunks two stepping on the floor. For some reason girls of 18 are allowed in but the boys must wait until they are 20. What kind of "ism" is this? Were they the guys that crashed into Herbie's gate?

**FOR A YOUTH THAT ARE SUPPOSED** to be bored, these people have hundreds of local original bands. Pop music in Sweden is in a very healthy state. These people sure know how to write a good pop song, unlike the English who are too pompous to listen to European music and are busy dancing up their own assholes at the moment (according to Herbie). Radio is excellent but television is uninspiring, what with all the politicians looking like Adriaan Vlok. In this haven of socialism they even have a king, but don't really mind him because he spelt his own name wrong live on TV (by two letters).



**FROM LEFT TO RIGHT:**
SNOWMAN, JAMES PHILIPS AND FRIENDS

South Africa badly needs a new type of national service. At least a six month call-up, up and away for all. We've got to get out there and meet the rest of the family (and they've got to come out here and meet the rest of us) before we all do the final mutation. We need fresh winds through our minds and new hopes in our hearts. We need to be positive about our country, and our music is as good a place to start as any. Viva Tananas. Viva cultural exchanges of any kind.

**PS** - *For anyone who is interested, Hanepoot van Tonder is really blossoming in Amsterdam. He's playing in two big-bands, a Frank Zappa cover-version band, a Swazi band Lebombo and another bunch that go by the name of Delicious Monster. He has also featured on two CD's. Wish him well.*



Koningin Elizabeth (Foto: AFP)

# Australië in oproer oor koninklike besoek

## Koningin Elizabeth se besoek aan Australië is gekenmerk deur debatte tussen rojaliste en republikeine oor die relevansie van dié monarg vir die resessie-geteisterde Australië in 1992. ANN MOJET doen verslag

**KONINGIN ELIZABETH** van Brittanje se sewedaagse besoek aan Australië - haar 12e en mees omstrede in haar 40-jarige heerskappy - is verby, en terwyl rojaliste en republikeine mekaar nog in die media en op straathoeke in die hare vlieg, het die monarg en staatshoof van die gewese kolonie stil-stil op 'n Boeing geklim en na Londen teruggekeer.

Haar besoek - wat op 18 Februarie in Sidney begin het en 'n besoek aan Canberra om die parlement te open, ingesluit het - is gekenmerk deur debatte in die koerante en op televisie oor die relevansie van die monarg vir die resessie-geteisterde Australië in 1992.

Daar was vuurwarm woordewisselings tussen lojale rojaliste en uitgesproke republikeine - dikwels in die reën - terwyl hulle op die koningin gewag het om hul onderskeie standpunte te stel.

Eerste minister Paul Keating en sy vrou, Annita, het die meeste deurgeloop: hy vir sy voorstelle dat 'n Australië se onafhanklike toekoms by Asië berus, en sy omdat sy twee keer geweier het om die knie voor die koningin te knik.

"This, Ma'am, is an altogether different generation reflecting the profound change in our two countries and the relationship between them," het Keating voor 600 ampsdraers gesê nadat die koningin die parlement geopen het.

"Just as Great Britain some time ago sought to make her future secure in the European community so Australia now vigorously seeks partnership with countries in our own region."

**KEATING IS ONMIDDELLIK** deur die rojaliste daarvan beskuldig dat hy die republikeinse vuur aanblaas.

Die leier van die konserwatiewe opposisie, John Hewson, het dié toespraak as 'n verleentheid beskryf en gesê: "Ek was baie teleurgesteld in Paul Keating, soos ek glo die meeste Australiërs, dat hy die geleentheid gebruik het om 'n uitspraak ten gunste van die republikeine voor die koningin te maak."

Maar Keating is deur Chris Schacht, agterbanker van die Arbeiders, geprys vir, wat hy genoem het, "die eerste pro-republikeinse toespraak deur 'n Australiese eerste minister".

Schacht sê: "Ons glo Australië moet in die 21e eeu sy eie identiteit weerspieël, sy eie volwassenheid deur 'n republiek met 'n eie staatshoof."

Republikeinse sentimente het 'n verdere hupstoot uit 'n onverwagse oord gekry, die hertogin van Kent.

"Australië is nou 'n volwasse land en het niemand se hulp nodig nie. Daar sal wel nog sterk bande tussen die twee lande wees, gee nie om wat gebeur nie," het sy aan verslaggewers gesê.

Maar Liberale voorbanker John Howard sê: "Dit is 'n belediging vir die selfrespek van Australië om te sê ons moet tradisie laat vaar om ons self sodoende meer aanvaarbaar vir Asië te maak."

Dié naweek het die gewese eerste minister Gough Whitlam, wie se regering in 1975 deur die koningin se verteenwoordiger afgedank is, gesê dis onafwendbaar dat Australië 'n republiek word.

As die publiek eers die noodsaak van so 'n stap ingesien het, sê hy, is daar net 'n referendum nodig om die grondwet te verander en die woorde "koningin" en "goewerneur-generaal" met "president" te vervang. - AFP

# Woestyn staar Nigerië in gesig

ADE OBISESAN

**DUMBURI**, Nigerië - Nigerië se noordoostelike Yobe-staat is besig om deur sand ingeneem te word en in 'n woestyn te verander, sê Europese kenners en plaaslike inwoners van Dumburi, een van dié staat se dorpies wat die ergste deur woestyngroei geraak word.

Dit is die gevolgtrekking nadat dié mense na honderde huise en hutte gekyk het wat nou deur sand omring word.

"As my huis nie binne ses maande heeltemal onder die sand is nie, sal dit beteken dat Allah baie goed was vir my," sê Adamu Mshelia, 72, die pa van vyf kinders.

Dié stelling van Adamu, 'n aartappel- en broodwortelboer, weerspieël die gevoelens van sy mede-dorpenaars wat hulpeloos toekyk hoe hulle dorp deur sand oorgeneem word.

In die nabygeleë Dalari-dorp, naby die grens van Niger, is die woestyngroei nog duideliker: 'n vier meter hoë boom is geheel en al onder die sand terwyl tientalle hutte ook deur die sand ingesluk is, volgens Ali Habou Yunusari, 'n amptenaar van die ontwikkelingsprogram vir die droë sone in die noordooste. (NEAZDP)

'n Vrou in Kaska, ook in Yobe, sê sy, haar man en vier kinders leef die afgelope vyf jaar soos vlugtelinge in hul eie dorp nadat hulle huis vyf jaar gelede onder sand begrawe is.

Regeringspogings die afgelope 40 jaar om die probleem hok te slaan het geen noemenswaardige resultate gelewer nie en "die woestyn wen steeds", sê Alhaji Bukar Abba Ibrahim, die goewerneur van Yobe, tydens 'n ontmoeting met 'n afgevaardigde van die Europese gemeenskap, Balduin Zimmer.

**ZIMMER, IN YOBE OM DIE** implementering van NEAZDP se program te moniteer, is 'n Duitse akkerboukundige en 'n kenner van landelike ontwikkeling.

Plaaslike inwoners is Yobe sal die impak van die program oor vyf tot tien jaar begin voel, maar die bedrywighede van NEAZDP wat in 1990 begin is, is 'n "druppel aan die emmer", sê hy.

Die Europese Ontwikkelingsfonds het verlede jaar, volgens die Lome III-konvensie, $42 miljoen aan dié projek geskenk.

Woestyngroei het van landbou 'n "nagmerrie" gemaak, sê 'n amptenaar van die program. Hy sê derduisende diere vrek jaarliks as gevolg van water- en voertekorte.

"Die koms van NEAZDP het die lewenstandaard in my dorpie heelwat verbeter, veral op die gebied van gesondheidvoorsiening en die motivering van dorpenaars om selfhelpprogramme op die been te bring," sê Wakil Grema Usman, 'n segspersoon van Kaska.

Omtrent 50 miljoen Naira ($5 miljoen) is begroot om meer as 3 000 projekte in 342 van dié staat se 2 000 dorpies te finansier, sê die programbestuurder, Jens Christensen van Denemarke.

"As die program in dié staat slaag, kan dit as voorbeeld dien vir vier ander noordelike state van die federasie, wat ook deur woestyngroei bedreig word," sê Zimmer. - AFP

# Tronk toe omdat hulle vryheid wou hê

## Die onlangse beweging na groter ekonomiese vryheid in China beteken nie 'n beweging na groter politieke vryheid nie, wou die owerheid in dié land blykbaar vandeesweek wys. WILLIAM BRENT doen verslag

**BEIJING** - 'n Voormalige redakteur van China se Kommunisteparty-mondstuk, Die *Volksdagblad*, en ses ander mense is Dinsdag tronk toe gestuur weens hul rol in die pro-demokratiese beweging van 1989.

Die sewe is skuldig bevind aan "kontra-revolusionêre propaganda en aanhitsing".

Hul vonnisse is bekendgemaak op dieselfde dag dat die Amerikaanse Senaat gestem het oor wetgewing wat Amerikaanse hernuwing van China se handelsstatus as MFN ("most-favoured-nation") afhanklik maak van die vordering van menseregte in dié land.

Die redakteur, Wu Xuecan, 40, is vier jaar tronk toe gestuur - volgens familielede omdat hy 'n spesiale uitgawe van die dagblad sonder amptelike goedkeuring uitgegee het waarin die gediskrediteerde partyleier Zhao Ziyang verdedig is.

'n Studenteleier van die Beijing Universiteit, Peng Rong, 24, is twee jaar tronk toe gestuur - volgens sy ma omdat hy 'n onwettige meningspeiling onder studente gedoen het. Sy gaan appelleer.

Die ander vyf, wie se vonnisse nie onmiddellik bekendgemaak is nie, is Zhai Weimin, Li Minqi, Dong Huaiming, Wang Zhongxian en Wang Guoqing.

Zhai, 23, was sesde op 'n lys van 21 studenteleiers na wie die polisie op soek was ná die klopjag op die demokratiese beweging op 4 Junie 1989. Hy het hulle byna 'n jaar lank ontduik en 'n geheime anti-kommunistiese party op die been gebring.

**LI, 22, HET OP DIE EERSTE** herdenking van die klopjag 'n protesoptrede by Beijing Universiteit gelei waarin studente gemarsjeer, protesliedere gesing en bottels uit koshuisvensters gegooi het. Li het China se leiers uitgekryt as "wilde en barbaarse outokrate".

Die agtergrond van die ander drie is nie bekend nie, maar baie werkers wat gevang is weens hul deelname aan die deur studente geleide 1989-opstand is nog in die tronk.

Die sewe se vonnisse is bekendgemaak op plakkate wat buite die Intermediêre Volkshof in Beijing opgeplak is - maar kort daarna het hofpersoneellede die plakkate bedek en familielede en vriende van die sewe geteister wat met buitelandse joernaliste gesels het.

Net sommige familielede is in die hof toegelaat - nadat hulle die vorige dag oor die hofverrigtinge ingelig is. Ander moes ure lank buitekant wag op die uitslag.

"Hulle moes hom glad nie tronk toe gestuur het nie," het een van die mense buite gesê oor die vonnis van Wu, die redakteur.

Die laaste keer dat 'n groot groep andersdenkendes in China gevonnis is, was op 12 Februarie 1991, toe die joernaliste Wang Juntao en Chen Ziming albei 13 jaar tronk toe gestuur is omdat hulle "die swart hande agter die swart hande" sou wees wat die 1989-beweging beplan het.

**VOLGENS WESTERSE DIPLOMATE** was dit nie in China se belang dat die vonnisse bekendgemaak is op die dag dat die Amerikaanse senaat hul MFM-stem sou uitbring nie. Hulle meen die vonnisse is 'n poging deur Beijing om dit duidelik te stel dat 'n onlangse beweging na groter ekonomiese vryheid nie groter politieke vryheid beteken nie.

Sommige van die andersdenkendes wat gevonnis is, is tot twee jaar sonder verhoor aangehou. Die tydperk wat hulle in die tronk was, sal van hul tronkstraf afgetrek word. Peng Rong, byvoorbeeld, sal nog net drie maande agter tralies moet sit, terwyl Wu Xuecan nog 18 maande van sy vonnis van vier jaar sal moet uitdien.

Van die andersdenkendes wie se lot nog in die weegskaal is, is Bao Tong, die voormalige private sekretaris van die uitgesette partyhoof Zhao, Bao se vertroueling Gao Shan en Wu Jiaxiang, 'n voormalige lid van die navorsingskantoor van die Kommunisteparty se Sentrale Komitee wat bekend was vir sy voorstanding van "nuwe outoritêrisme" in China.

Bao is verlede maand gevang en sy verhoor word binnekort verwag.

• China het nege mense vrygelaat van die 21 andersdenkendes op 'n Amerikaanse lys van mense wat sonder verhoor aangehou is weens hul deelname aan die 1989-beweging, het 'n kampvegter vir menseregte in Amerika verlede maand gesê. - AFP



**Bedelende silhoeëtte.** 'n Ou man met net een been ontvang 'n aalmoes in St Petersburg, Rusland. Die ekonomiese wurggreep in dié land het talle pensioentrekkers en afgetrede ou mense sonder inkomste gelaat om vir die hemelhoë kospryse te betaal (Foto: AP)

# Kinderlose pare beproef Chinese tradisie

PASCALE TROUILLAUD

**BEIJING** - Al meer jong Chinese pare besluit om kinderloos te bly en sodoende word die bestaansreg van die gesin bevraagteken in 'n land wat tradisioneel hul kinders verafgod.

Dié verskynsel het in 1980 begin, net nadat China sy deure vir die buitewêreld oopgemaak het.

Die meeste van dié pare is intellektuele wat in China se groot stede woon. In Sjanghai, byvoorbeeld, volgens dié stad se inligtingsentrum oor bevolking, het 160 000 van die pare wat tussen 1979 en 1989 getrou het - 14 persent van alle huwelike - nog nie 'n kind nie.

Die besluit om kinderloos te bly word deur finansiële, lewenstyl- en beroepsoorwegings - en dikwels liefde - gemotiveer.

"Kyk net hoeveel kos 'n kind: ten minste 100 yuan (22 dollar) per maand," sê 'n 41-jarige kinderlose verpleegster van Beijing wat reeds nege jaar getroud is.

As gevolg van China se een-kind-gesin-beleid moet "elke kind nou soos 'n klein keisertjie behandel word", sê sy.

Sy en haar man verdien 460 yuan per maand, 'n redelike inkomste in China.

"Ons kan 'n bietjie geld spaar en af en toe reis. Na werk kan ons gaan fliek en die lewe 'n bietjie geniet," sê sy.

**ANDER PARE HET BESLUIT OM** kinderloos te bly omdat dit hul beroepslewe sal kniehalter. 'n Navorser van China se Akademie vir Wetenskap het onlangs aan die pers gesê sy verkies haar navorsingswerk bo bottels en doeke.


Maar dan is daar mense wat sê dat hulle net liefde, nie kinders nie, nodig het om gelukkig getroud te wees.

Dié kinderlose pare se lewe is egter nie sonder probleme nie. Dikwels moet die paar groot druk van hul familie verduur omdat dié nuwerwetse gewoonte indruis teen die eeue oue Chinese tradisie dat 'n seun die familienaam moet voortdra. 'n Kinderlose vrou word steeds as 'n "slegte vrou" beskou.

"Die vroue wat nie kinders wil hê nie is meer progressief," sê 'n inwoner van Beijing. Altesame 60 persent van China se "dinks" (double income no kids)-pare is gegradueerdes.

Die owerhede is nie in die minste besorg oor dié verskynsel nie.

"Dit is goed vir die land se bevolkingsprobleem," sê Li Yanhe, 'n professor in sosiologie aan die Universiteit van Beijing. "Selfs al neem die getal kinderlose pare toe, sal hulle steeds in die minderheid bly," sê hy. - AFP



Guy Tillim (Southlight)

# 'n stil revolusie in afrika

**PIERRE PRADERVAND,** nadat hy meer as 100 dorpies in Wes-, Oos- en Suider-Afrika besoek het, sê daar word 'n nuwe revolusie op dié kontinent gevoer. 'n Revolusie van samewerking en ondersteuning onder die kleinboere

**DAAR** word 'n revolusie gevoer op Afrika se bodem: 'n stil revolusie in die dorpies oor die hele kontinent, 'n revolusie waarin miljoene kleinboere hulself en hul gemeenskappe in selfhelpgroepe organiseer. Dit weerspreek die algemene opvatting van Afrika as 'n gebied met onoorkombare probleme, 'n hopelose geval.

Kleinboere in Afrika word toenemend deur uitdagings en probleme in die gesig gestaar. In sekere Afrika-lande het die agteruitgang van die omgewing ongeëwenaarde afmetings aangeneem. Vir elke boom wat op dié kontinent geplant word, byvoorbeeld, word tien ander afgekap.

Die gevolg was 'n werklike en soms dramatiese daling in lewensgehalte, en die vroue veral het as gevolg daarvan gely. In sommige gevalle loop hulle tot 30 kilometer om hout te soek, 40 kilometer om water te gaan haal, en tot 70 kilometer om hul produkte te gaan verkoop.

Kleinboere in Afrika het egter nie passief gewag vir hulp van buite nie. In die laat-sestigerjare, maar veral in die vroeë sewentigerjare, het vernuwers (wat nie altyd boere was nie, maar onderwysers, teruggekeerde emigrante, ensovoorts) begin om die mense op grassroots-vlak te organiseer.

**AANVANKLIK HET HULLE KLEIN** selfhelpgroepe in hul eie dorpies op die been gebring om 'n verskeidenheid van projekte aan te pak: die grou van putte en steengroewe, asook die bestuur van kommunale landbougrond. Die groepe het gewissel in grootte van tussen 20 en 30 deelnemers tot meer as 100. In die meeste gevalle het die groepe grotendeels uit vroue bestaan - tot 90 persent in gebiede soos Gambië en Kenia.

Teen die middel-sewentigerjare het plaaslike kleinboernetwerke begin ontstaan en later het hulle hulself in kleinboer-federasies georganiseer. Van die federasies is vandag invloedryke organisasies, soos Fongs in Senegal met 100 000 lede wat al die kleinboer-organisasies in dié land verenig het. Dan is daar ook die Naam-beweging in Burkina Faso, wat met 300 000 lede spog. 'n Mens moet egter byvoeg dat dié soort ontwikkelings oneweredig oor Afrika versprei is, en in sekere lande glad nie bestaan nie.

Een van die mees beduidende faktore in dié stil revolusie is die rol wat vroue speel, nie net in getalle nie, maar veral op die vlak van aktiewe deelname. Die manlike kleinboere van oor die hele kontinent wys daarop dat vroue beter georganiseer en gedissiplineer is, dat hulle harder werk, beter spaar as mans en ook meer betroubaar is. Daar is talle voorbeelde van vroue wat 'n onsuksesvolle projek by die mans oorgeneem het en dit laat slaag het.

**DIE LANDE WAAR 'N MENS** die bes-georganiseerde kleinboerorganisasies kry - Burkina Faso, Senegal en Zimbabwe - is ook dié lande waar die regerings 'n vennootskap met die kleinboere aangegaan het. Die betrokke regerings het besef hulle moet die boere toenemend motiveer, nie inmeng by die boere se sake nie en hulle los om hul eie ding te doen.

In teenstelling hiermee is daar ander lande waar ontwikkeling versmoor word deur eenpartystate wat enige landwye kleinboerorganisasie wantrou en eerder probeer om dié boere in staatskorporasies - dikwels duur mislukkings - te dwing.

In die Sahel (die suidwestelike grense van die Sahara wat van Mali tot die Soedan strek), waar boere beter georganiseer is as elders, is daar een organisasie wat 'n sleutelrol gespeel het. Dit is die "Ses S", na aanleiding van die Franse naam, Se Servir de la Saison Sèche en Savane et au Sahel (die gebruik van die droë seisoen in die savanna en die Sahel). Die Ses S is 'n internasionale nie-regeringsorganisasie (NGO) wat grootliks deur boere beheer en uit Europa befonds word.

Die Ses S, wat in 1977 gestig is, het 'n unieke stelsel van "buigbare befondsing": boere-organisasies ontvang geld wat nie tot spesifieke projekte verbind is nie, en hulle kan dit aanwend op maniere wat hulself definieer. Dit het dié organisasies in staat gestel om hul eie ontwikkeling, opleidingskursusse en konsultante te finansier. Die Ses S snoer tans federasies met 'n ledetal van 500 000 boere uit agt lande saam.

**DEUR OP GEMEENSKAPSVLAK TE BEGIN** en self te organiseer, het boere vir die eerste keer sedert die pre-koloniale era begin om hul eie lot te bepaal. Op plaaslike vlak kan hul demokratiese besluite neem wat hul eie ontwikkeling raak. Dit is 'n belangrike deurbraak, veral in dié gebiede waar vroue geen sê had, en dikwels nie eens in die openbaar mag gepraat het nie. Ontwikkeling word nie bloot as 'n doel beskou nie, maar ook as 'n proses, 'n proses wat hulle wel kan bemeester.

In die onlangse verlede het NGO's 'n belangrike rol gespeel, terwyl hul ondersteuning in sekere gevalle egter nadelige gevolge gehad het: nie net omdat hulle met mekaar kompeteer nie, maar omdat hulle soms, sodra hulle sien 'n groep boere begin organiseer, te vinnig is met hul finansiering - 'n goeie manier om die geesdrif in die kiem te smoor.

Daarom is dit belangrik dat NGO's daarop konsentreer om gemeenskappe te help om op grassroots-vlak te organiseer, sodat hulle so gou as moontlik finansieel onafhanklik kan word van hul vennote in Europa. Daar kan geen ware vennootskap wees waar 'n verhouding van finansiële afhanklikheid bestaan nie. Intussen moet stelsels van buigbare befondsing - geskoei op die Ses S-beginsel - eerder as projekbefondsing (wat dikwels paternalisties is of neerkom op beheer van buite) geïmplementeer word.

Nog belangriker, in dié lande waar kleinboerorganisasies goed ontwikkel is, sal dit wys wees om hulle te betrek by alle nasionale, streeks en plaaslike beplanning. Daar is baie te leer by die kleinboere.

(Dié artikel is verwerk uit *Africa Recovery,* Desember 1991, Volume 5:4 - 'n publikasie van die Verenigde Volke se Departement Openbare Inligting)

# die grond behoort aan die gode

## Wanneer die herverdeling van Suid-Afrika se grond ter sprake kom, word algemeen aanvaar dat een van die twee groot ideologiese uitgangspunte - die Sosialisme/Kommunisme/Kollektivisme of die Kapitalisme - die oplossing moet bied. Maar volgens **PROFESSOR GABRIEL M SETILOANE,** nasionale direkteur van die Luthuli Memorial Trust in Kroonstad en kenner van die Afrika-teologie, is daar 'n derde uitgangspunt wat dikwels geïgnoreer word: dié van Afrika self.


Prof Gabriel M Setiloane

**D**IE tradisionele beskouing van grond in Afrika is, soos in die geval van die oerinwoners van Australië en Amerika, dat dit nie individueel besit kan word nie. Die populêre Westerse beskouing is dat die hoofman die grond besit en dit na willekeur toeken of verdeel. Maar dit is nie die geval nie. Die hoofman besit nie die grond nie: dit is sy en sy hof se taak om toe te sien en te verseker dat die grond regverdig aan dié mense wat wetlik daarvoor kwalifiseer, toegeken word.

Om vir grond te kwalifiseer moet 'n mens tot die betrokke groep behoort en 'n familie hê om te onderhou. Dit is die rede waarom Afrikane die lappie lewensvatbare grond (die tshimo) wat 'n huishouding toekom, in die naam van die vrou plaas.

In Afrika is die grond 'n lewensmiddel wat in stand gehou word deur diegene wat dit bewerk. Grond is nie rykdom soos beeste of skape nie. Dit kan nie besit of ten koste van die gemeenskap se voortbestaan bewerk word nie. Die grond is soos reën, of rivierwater of hout in die veld - 'n natuurlike voedingsbron!

Groot dele van wat as Suid-Afrika bekend staan, word vandag nog beskou as behorende aan 'n besondere groep mense. Dit word veral duidelik uit die orale tradisie van die Afrikane.

**DIE BAROLONG TSWANA** bied 'n goeie voorbeeld van Afrika se begrip van wie waar gewoon het. (Terloops: Revill Mason van Wits sê die BaRolong woon reeds sedert 500 nC in "hul land".) Die patroon waarvolgens die oerinwoners van die land versprei was, volgens die BaRolong, lyk soos volg:

*BoRwa* (Suid) - letterlik "Die land van BaSarwa".
*Die San BoKone* (Oos tot noordoos) - letterlik "die land van die Nguni-mense".
Maar selfs binne dié deel van die land wat in wese deur die Sotho Tswana bewoon word, word duidelik uitgestip watter deel behoort aan wie:
*BoPedi* - "Die land van die Pedi".
*BoSotho* - "Die land van die Sotho".
*LeHurutshe* - "Die land van die BaHurutshe".
*MoKwena* - "Die land van die Bakwena".

Die grond behoort aan dié betrokke mense omdat hulle dit vanaf die vroegste tye bewoon en bewerk het, daarop gebore is én geboorte aan hulle kinders gegee het, hulle ouers het daar doodgegaan en lê daar begrawe. Hulle is inheems aan daardie betrokke gebied op dieselfde wyse as wat die Skotte inheems aan Skotland, die Duitsers aan Duitsland, en die Franse aan Frankryk is.

Maar dit hou nie hier op nie. Volgens die tradisionele Afrika-beskouing - wat weer eens aansluit by dié van die inboorlinge van ander kontinente - verbeur die gestorwe voorouers nie hul reg op die grond nie: "Die dooies is nie dood nie; hulle is altyd met ons."

Die voorouers word gedien in en deur alle menslike aktiwiteite, van die familielewe tot met nasionale reënfeeste en die aanstelling van 'n koning. Want in Afrika is die persoonlike en familie-heiligdom die huis waar die voorouers begrawe is, in die lapa en die beeskraal. Daarom is die geweldige skok en weerstand teen die sogenaamde "stamverskuiwings" en "anneksasies" verstaanbaar. Grond is die heilige besitting van die gemeenskap: die heiligdom van die mense se siel. Om mense van hulle grond te beroof is om hulle van hul siel te vervreem, om hul lewensaar af te sny.

**DIT IS DIE ALGEMENE** gebruik onder die meerderheid van Afrikane, ongeag hul vlak van verwestering, opvoeding of sofistikasie, om gereeld pelgrimstogte na die grafte van hul voorouers te onderneem. Dié grafte is dikwels op grond wat volgens wet eintlik "wit grond" is ('n plaas of, soos dié van my voorouers aan moederskant, 'n kleinhoewe). As dit nie so tragies was nie sou 'n mens kon lag vir dié toneel: 'n internasionaal erkende akademikus en gerespekteerde man, 'n professor, staan en smeek 'n so te sê ongeletterde witman/vrou vir toestemming om die grafte van sy voorouers te besoek: net om weer "go gata mabala" - om op dieselfde grond as hulle te loop, dieselfde lug in te asem!

Maar ander sulke grafte - soos dié van my voorouers aan vaderskant in die Vrystaat - is vernietig en geskend deur die witman se "ontwikkeling", soos die myne.

**IN DIE GODSDIENSTE VAN** die "inheemse" of "primitiewe" (in der waarheid, "oorspronklike") mense is die gode die werklike eienaars van die grond. Daar word op die gode vertrou om vrugbaarheid en welvaart terug te bring tydens natuurrampe. Daarom word daar na dié godsdienste verwys as vrugbaarheids- en/of natuurgodsdienste. Dit is die soort godsdiens wat die Israeliete, volgens die Bybel, in Palestina gevind het. Hulle het ook vinnig uitgevind dat die "almagtigheid" van Jahweh, wat hulle deur die skroeiende son van die woestyn gelei het, nie opgewasse is teen die onvoorspelbaarheid en wispelturigheid van die natuur in die land van melk en heuning nie. Om te oorleef moes die magtige veroweraars, net soos die plaaslike inwoners, hulself tot die Baalim (vertaal as "die gode van die land") wend. Die Hebreeuse woord "Baal" beteken "eienaar". Die meervoud "Baalim" = "eienaars", en die Bybelse vertaling "gode van die land" moes regstreeks uit die oorspronklike "Eienaars van die land" gespruit het. Die monoteïstiese Israeliete moes, tot ergernis van die priesters en profete (Amos, Hosea, ens), Baalim begin dien om te oorleef en werklike voorspoed te beleef.

Dit stem ooreen met die godsdienstige tradisies van Afrika: Khoi-Khoi, Sotho-Tswana, Nguni, Venda en, noord van die Limpopo, die Sjona. Onder die Sotho-Tswana word geen ritueel of diens as doeltreffend beskou as dit nie ook gerig is nie tot die "Beng ba lefatshe": "die eienaars van die land" = Baalim. Die Nguni-uitdrukking "Abaphanzi" sluit hierby aan.

**DIT IS NIE LANGER MEER** 'n kwessie van Sosialisme, Nasionalisasie, Kapitalisme of die vryemarkstelsel nie. Nou beweeg ons op die terrein van die godsdiens. En dit is wat die Afrika-teoloë nog altyd sê: Die sogenaamde bevrydingstryd op dié deel van die kontinent, is in wese 'n godsdiensstryd. Geen onderhandelings oor 'n "Nuwe Suid-Afrika" sal aanvaarbaar wees, indringend genoeg, of enige blywende strukture skep om vrede te bewerk nie - en dié waarskuwing is veral gerig tot Afrikaners wat namens ons om die onderhandelingstafel sit - indien die tradisionele en fundamentele konsepte van grondbesit, wat steeds deur die meerderheid van ons Afrikane gehuldig word, nie die aandag kry wat dit verdien nie. Al die witman se teorieë oor grondbesit is van begin tot einde 'n regverdiging vir die feit dat hulle die regmatige eienaars van hul grond beroof het. Die inheemse volke is afgemaak as minderwaardig, nomadies en mense met geen respek vir die grond of eiendom nie, en dié land van melk en heuning is amper 'n woestyn as gevolg van die witman se onvriendelike boerderymetodes en behepheid met "vooruitgang".

Maar dit is vinnig besig om te verander. Oral ter wêreld is die "inheemse" mense besig om hul grond terug te eis: in die Amerikas, Kanada, Engeland, Brasilië, Australasië en die Suidsee-eilande.

**DIE WITMENSE HOEF NIE** beangs te wees nie. Eksklusiwiteit was nog nooit 'n kenmerk van die Afrikaan nie. Die teendeel is eerder waar. Mededeelsaamheid en naasteliefde is die grondslag van Botho-Ubuntu. Dit was juis dié bereidwilligheid om sy grond te deel wat Afrika die prooi van Westerse plunderaars gemaak het. 'n Mens hoor nêrens pleidooie, nie eens vanuit die mees radikale hoek nie, dat die plunderende, oneerlike, verowerende en destabiliserende witman in die see gedryf moet word nie.

Maar sedert ons eerste kontak met die witman is ons voorvaders (Nxele, Mosjoesjoe, Sekhukhuni, Sekonyela, Dingana, Mzilikazi) en hulle seuns - ons vaders - ná hulle (Plaatje, Dube, Mahabane, Luthuli), en in ons eie lewe, Mangaliso Sobukwe, Steve Biko, en talle ander wat hulle lewens in tronkselle en martelkamers vir "die stryd" afgelê het, deur een enkele oortuiging en waarheid voortgedryf: Lomhlaba ongowethu - Dié land behoort aan ons.



Philip Richotso used to grow roses in West Park Cemetery. Now he makes wooden sculpture which is inspired by African folklore. (see above) He hails from Dzumeri in Gazankulu andtakes a utilitarian approach to his work: many of the carved figures contain speakers in their bellies. His work can be viewed at the Everard Read Gallery in Rosebank.

Pic: Steve Hilton-Barber

# 'n louis spohr -renaissance

HENNING VILJOEN

**LOUIS SPOHR** was tot die middel van die 19e eeu van die heel gewildste komponiste in Duitsland en die meeste van sy werke is meestal met groot sukses uitgevoer. Vandag is hy egter 'n minder bekende komponis wie se werk net sporadiese uitvoerings beleef. Een van sy operas *Jessonda,* is egter 'n werk wat nie net om musiekhistoriese redes uit die vergetelheid geruk behoort te word nie, maar dit is 'n baie melodieryke werk wat beslis meer aandag verdien. Na die première in 1823 is die opera baie opgevoer en was dit een van die heel gewildste operas van die vorige eeu. Die gewildheid van die opera was veral te danke aan die skouspelagtige seremoniële danse en oorlogstonele wat deel uitmaak van die opera. Die opera laat 'n mens in struktuur baie dink aan Schubert se opera Fierrabras wat ook hoofsaaklik uit ensemble-werk saamgestel is met 'n taamlik swak dramatiese struktuur. Gedurende die 20e eeu is dit die swak dramatiese struktuur van die opera wat dit - nes *Euryanthe* van Weber - in onguns laat verval het. Dit is vir die eerste keer dié eeu weer in 1990 in Duitsland in Hamburg konsertant uitgevoer. Dié gedenkwaardige geleentheid is deur die Orfeo-platemaatskappy op plaat vasgelê (ORFEO C 240 912 H).

Die opera word in die nuwe opname uitstekend uitgevoer. Die dirigent, Gerd Albrecht, en die Filharmoniese Staatsorkes van Hamburg lewer 'n besielde vertolking. Dietrich Fischer-Dieskau en sy vrou, Julia Varady, wat onderskeidelik die hoofrolle Tristan en Jessonda vertolk, beywer hulle oënskynlik vir 'n Louis Spohr-renaissance, want hulle het vroeër reeds 'n baie genotvolle opname van Spohr-lieder uitgegee (ORFEO C 103841 A). Hier lewer Varady 'n musikaal aangrypende vertolking van die titelrol en Fischer-Dieskau se sang verraai nog geensins sy ouderdom nie. Die rolle van Amazili en Nadori is ook optimaal beset met twee uitstekende jong opkomende sangers, Renate Behle en Thomas Moser. Te oordeel na die opname is Moser hopelik die ster op die horison vir 'n helde-tenoor van die toekoms. Klanktegnies is die opname puik met bykans geen aanduiding dat dit 'n lewende opname is nie.

**DIE BYKANS TWEEUUR LANGE REQUIEM** "Messa per Rossini" wat ter herdenking van Rossini se dood deur 13 Italiaanse komponiste gekomponeer is, was die geesteskind van Verdi. Hy het vier dae na Rossini se dood aan die uitgewer Ricordi voorgestel dat die belangrikste Italiaanse komponiste gesamentlik 'n dodemis vir Rossini moet komponeer.

Die werk wat bekend staan as *Messa per Rossini* is in 1869 voltooi, maar dit is eers 119 jaar later in 1988 in Stuttgart tydens 'n Europese Musiekfees uitgevoer. Dié geleentheid is ook op plaat vasgelê en die opname (HANSSLER CLASSIC 98.949) is 'n waardige kultuurhistoriese dokument van die eerste uitvoering van die saamgestelde werk ter ere van Rossini. Televisiekykers het reeds twee jaar gelede die gedenkwaardige musiekuitvoering op ons plaaslike televisie te siene gekry.

Die hele onderneming is te danke aan die musikoloog en dirigent Helmuth Rilling wat die werk uit 'n honderdjarige dodeslaap gewek het om dit tydens die 1988 Europese Musiekfees uit te voer. Hy het vir die geleentheid 'n uitgelese groep sangers byeengebring om saam met die Radio-orkes van Stuttgart en die Praagse Filharmoniese Koor en die Gächinger Kantorei van Stuttgart op te tree. Die Tjeggiese sopraan Gabriela Benackova, die alt Florence Quivar en die bas Aage Haugland lewer skitterende vertolkings, terwyl ek persoonlik minder beïndruk is deur die toonkwaliteit van die tenoor James Wagner en die bariton Alexandru Agache.

Die werk weerspieël, nes Rossini se Stabat Mater en Verdi se Requiem, sterk opera-agtige styleienskappe. (Die Responsorium wat Verdi vir die samegestelde werk gekomponeer het, het hy later in sy eie *Requiem* as die *Libera Me* geïnkorporeer). Hoewel dit nie Rossini se eie musiek is nie, is die opname van *Messa per Rossini* 'n interessante versamelaarstuk wat kan dien as 'n toevoeging tot Rossini se musiek in 1992 wat as die Rossini-gedenkjaar bekend staan.

## drie eietydse komponiste

**OBELISK,** 'n organisasie wat gestig is om Suid-Afrikaanse "eietydse klassieke" musiek te bevorder, bied vanaand (Vrydag) 'n konsert in die Tauromenium, Derricklaan 33, Waterkloof, Pretoria aan. Die werke van drie komponiste, met uiteenlopende benaderings van musiek, word aangebied: In *Vier Elegieë* gebruik Alexander Johnson die kombinasie van viool en klavier om musiek met 'n byna salonmatige atmosfeer te skep; virtuose klavierwerk en wisselende emosionaliteit kenmerk Christopher James se *Three Jazzy Interludes,* terwyl Etienne van Rensburg se *Kwintet* die klarinet en 'n groep strykers gebruik. Vir meer besonderhede bel Johannes van Eeden (012) 344-5803 of Etienne van Rensburg (012) 43-4750.

# 'n verdienstelike poësie-oes

**PARTE SPEEL**
Deur Barend J Toerien
Tafelberg (R34.55)

**OGGENDVUUR**
Deur Wium van Zyl
Tafelberg (R29.95)

**DOOIEMANSDEUR**
Deur Daniel Hugo
Tafelberg (R26.95)

**CHARL-PIERRE NAUDé**

**DIE** drie boeke wat gelyktydig heel aan die einde van verlede jaar verskyn het, is uiteenlopend in toon, tema en formaat. Al drie beloof 'n hoogs genotvolle leeservaring aan lesers van gedigte.

Van Zyl se verse is minder strak, redelik konvensionele, dikwels humoristiese kontreiverse meestal, wat nie té hoë eise aan die leser stel nie. Hier is 'n bittersoet bessie of twee te pluk in 'n leeswandelinkie deur die Karoo en ander streke van die digter se lewe.

'n Paar van die verse kon gerus maar bundeling vrygespring het want hulle herinner te veel aan die selfingenome publikasie-eksesse van die opgesmukte, ondigterlike, sewentigerjare. In die geheel gesien egter, 'n deurwerkte bundel met 'n eenvoud wat dit verloën.

**TOERIEN IS EEN** van die eerste Afrikaanse digters wat jare gelede die rasse-kwessie op betekenisvolle manier aangeroer het, en as sulks 'n baie belangrike digter. Daar is een of twee juwele in dié boek van persoonlike herinneringe en besinnings oor Suid-Afrika van iemand wat ná lang jare weer terugkeer.

Die onbetwisbare waarde lê egter in die vertalings van Bertolt Brecht-gedigte. Die verstommende metaforiese impak van Brecht se bedrieglik-doodgewone stelswyses kom goed oor. Net hier en daar is 'n geforseerdheid te bespeur. Ek kan die vertalings aan Brecht-liefhebbers, en die koop van die bundel, ten sterkste aanbeveel.

Vergelyk jy egter die belangrike gedig Legendariese ontstaan van die boek *Tao-Te-Tsjieng van Lao-Tse op pad na ballingskap*, met 'n onlangse vertaling van dieselfde gedig deur Gunther Pakendorf, verkies ek laasgenoemde se vertaling.

Die styl is minder "gewerk", meer aards en dus meer gepas, sonder die argaïese verbuiginkie of twee van Toerien se vers, en vang die oënskynlike prosa-agtigheid van Brecht se streng poësie ten volle vas.

Dié vertaling is ook toegankliker. Nietemin, 'n verdienstelike poging van Toerien en heerlik om te lees.

Die gedig *Ontdekking omtrent 'n jong vrou* vertaal Brecht se melankoliese bewustheid van die verbygaan van tyd te midde sy besef van die oomblik se duursaamheid op skitterende wyse. *Koei by die voerkrip, Masker van die Bose, en Van die verdrinkte meisie*, is nog 'n paar juwele uit die poësieskat van die groot digter van die proletariaat.

**HUGO DURF MET SY** jongste bundel 'n veel emstiger, melankoliese vers as gewoonlik aan met die Dood as oorkoepelende tema.

Wat oorspronklike werk betref is dit die indrukwekkendste bundel van die drie. 'n Paar van dié verse, soos *Ontnugterde digter*, is sekerlik van die heel beste onlangs gepubliseerde Afrikaanse gedigte. Hugo se kenmerkende ritme, soms effens geleen by Van Wyk Louw en ander meesters van die Afrikaanse vaste vers, gaan soms effens in die langer gedigte verlore. Die korter vers lyk steeds na sy forté. Maar dit lyk of enigiets verder van dié digter verwag kan word wat nou die fleur van sy loopbaan nader. 'n Goeie koop, 'n effe depressiewe lees.

'n Vers soos *Af-spraak* kom nie heeltemal uit die verf uit nie, en *Agterdeur* is soetsappig en 'n goedkoop traan.

Maar proe 'n bietjie aan die puik Dooiemansvlooie: "Ons besoek die verlate huis/ van die dooie/ en vind daar sy herinnering en sy vlooie"///"gelate laat ons die goggas rond-/wip- te verskrik/ons stort dalk sy bloed as ons hul/ daadlik dooddruk."




'N VOORBEELD VAN RALPH NOLTE SE WERK IN STET

# iets om aan te proe

**NEW CONTRAST (No 76)** het pas verskyn en beloof om die literêre fynproewer tevrede te stel. Daar is nuwe fiksie deur **Breyten Breytenbach, CJ Driver, Hennie Aucamp, David Medalie** en **Kobus Moolman. Martin Versfeld** skryf oor die boeke wat hy gelees het, en **Christine Winberg** skryf oor Satire, Slavery and the Ghoemaliedjies of the Cape Muslims. Aan gedigte skiet dit ook nie tekort nie: daar is gedigte van onder andere **Don Maclennan, Phil du Plessis, Sipho Sepamla, Mark Swift, Koos van der Riet** en vele ander.

New Contrast kos R10 in boekwinkels en jaarlikse intekening (BTW en posgeld ingesluit) vir vier uitgawes van New Contrast én SA Literary Review kos R40.

Skryf aan: SA Literary Journal, Posbus 3841, Kaapstad 8000.

Die jongste **Stet (7.1)** het ook pas verskyn, en dit wil lyk of die grafiese kortverhaal stadig besig is om sigself in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld in te grawe.

Stet (7.1) bevat onder meer bydraes deur **Ralph Nolte** (Crack-up, 'n grafiese kortverhaal), **Sheila Roberts, Dirk Winterbach, Prevot van der Merwe, Jonathan Preece, James Sey, Hennie Swart, Nikodemis, Paul Riekert**, asook 'n vertaling van Longinus se Franz de Backer deur **Alexis Retief.** Die toekoms van die SAUK word deur **John van Zyl** van nader beskou.

Stet kos R6 en kan bestel word by: Stet, Posbus 39400, Bramley 2018.

# skool vir skrywers

**SKRYFKURSUSSE** in prosa, poësie, kinder- en jeugliteratuur word van 30 Maart deur die ATKV-Skryfskool aan die Potchefstroomse Universiteit aangebied.

Van 30 Maart tot 3 April word 'n prosa-skryfkursus aangebied deur Chris Barnard en Alexander Strachan, met werkwinkels gelei deur prof Hans du Plessis, hoof van die Skryfskool, en 'n bespreking van kreatiwiteit deur dr Kobus Neethling.

Van 6 tot 8 Julie word 'n poësiekursus aangebied deur Antjie Krog, Lucas Malan, Rika Celliers en Petra Müller.

Van 13 tot 15 Julie word 'n kursus in kinder- en jeugliteratuur aangebied deur Elsabé Steenberg, Maretha Maartens, Verna Vels en Dolf van Niekerk.

Kontak Hans du Plessis, Leentjie Theron of Melinda Redelinghuys by (0148) 99-1781/2/3; of skryf aan **Die Direkteur, ATKV-Skryfskool: PU vir CHO, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.**

# kleinadvertensies

## PERSOONLIK/PERSONAL

Die Takhare vir Vrede sê ja-nee, weg met die Staat!

Elizabeth, die Kaap is nou eenmaal moer ver, maar die passie bly verterend, Bertien.

Zuzu: Ek weet die son skyn nog steeds, maar die nagte is nou donkerder en langer. Nooit is 'n lang tyd. Ek sal wag - Ouboet.

Annie: Die dae is warm en ons is f'kk'n arm, maar ek bly lekker - Spliffie se stiefpa

Martie Martelgat: Ek wonder of Koekie Zuurvogel haarself in Igoli bevind? Pasop vir skilpaaie inni paaie -
Die Bombastiese Blêrende Blou Lammertjies.

Aan Reinhardt: Poor is the man whose pleasures depend on a permission of another - Martin

Yster: Misbruik my gerus in die Kaap! Jou amptelike waaier, gidshond, pakesel, second, cook, biegmoeder, fan club-sekretaresse en vriendin for life!

Slow dancing gay man, 37, besoek Johannesburg in Maart. Soek Fusion Jazz lovers. Skryf met telefoonnommer aan Posbus 6230, Bloemfontein 9300.

Explore the world of m2m's/zines/apa's/correspondence addiction/mail art. For free information write: Rhino Ballet Company, Box 7120, Bloemfontein 9300

Models needed for Painting Department, Technikon Witwatersrand - 8am to 3pm. Phone 615-3454.

## VERBLYF/ACCOMMODATION

Huisvesting vir betroubare huishulp gesoek in Melville, Brixton of Mayfair. Skakel Desmond na-ure by 837-4498

Huis te huur in Rossmore. Drie slaapkamers met matte, groot kombuis, kaggel, Origen-vloere, staalplafonne ens. Groot tuin en bediendekamer, veilige parkering vir 3-4 motors. Okkupasie 1 Maart 1992, huur R1 600 per maand, plus R1 600 deposito, betaalbaar by okkupasie. Skakel Jacques by (011) 837-6346

## DIENSTE/SERVICES

Het jy 'n paar hande, 'n begeerte om te help en 'n oop gemoed? Leer REIKI: 'n eenvoudige, sagte, dog diepgaande tegniek vir hulp met ongesteldhede, liggaamlik, emosioneel, verstandelik of geestelik. Bring met blote liggaamlike kontak ontspanning, versterking, suiwering en vernuwing - sonder spesiale vaardighede of kennis. Naweekklasse binnekort deur opgeleide en ervare Nederlandse meester op besoek in Suid-Afrika. Bel Kaapstad: Michelle Stalling (021) 439-5610 of Johannesburg: Tineke Harvey (011) 680-7562. Almal welkom vir 'n gesonder Nuwe Suid-Afrika!

Afrikaanssprekende Rus bied klasse aan in Russies - skakel Albert (011) 482-3838.

Take A Japanese Ofuro
Intensive weekend of Japanese language, culture & education. Enrol for March & April. Tel: (011) 393-1020 code 64861 (24 hrs.)

Redigering, proeflees, vertaal- & tikwerk op rekenaar - Bel Nico Roos by (021) 948-8456.

Let us help you with your washing & ironing. See Ethel, 7A Hendon Street, Yeoville (just after the Harrow Rd intersection). We are open 7 days a week, 7am to 7pm. Our prices are reasonable, our service is excellent - especially for single people.

FLOTATION TANK: relax body and mind in a warm peaceful zero-gravity environment. SHIATSU THERAPY - Japanese therapeutic system - improves health, by removing fatigue causing elements and stimulating the body's innate recuperative powers. Tel Jen (011) 435-7721.

Translations done in Afrikaans, English, French, Spanish & German. Tel: (012) 546-1925.

ACUPUNCTURE: Calms, strengthens & stops pain. It can treat or prevent many illnesses by addressing their root causes. Tel: (011) 643-4418 Sarah Hewland, Dip.Ac (UK), Clin, Cert (Nanjing).

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577.

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel:
Durban - (031) 301-5663 Richard (w)
Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm)
Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm.

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345.

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm.

## EVENTS/GEBEURE

AIDS FORUM: Dr Clive Evian will give a report on the 6th International AIDS in Africa Conference which was held in Dakar, Senegal in December 1992 at the Community AIDS Information and Support Centre, 17 Esselen Street, Hillbrow. Tel: 725-6710, on the 6th March 1992 at 12h00. Refreshments will be served. All welcome.

IRENE VILLAGE MARK - Smuts Huis-museum, Irene.
Is jy op soek na iets anders of voel jy lus om net in 'n rustige atmosfeer te kuier. Besoek ons die tweede Saterdag van elke maand vanaf 9vm - 2nm. Vir verdere besonderhede skakel (021) 667-1659.

UBUNTU COUNTRY MARKET
Every Saturday 9am - 3pm. Bio-dynamic & organic farm produce, as well as leading craftsmen exhibiting & selling wares. Live entertainment and good food - take the N4 Highway to Witbank and the Boschkop/Donkerhoek turnoff, or phone (012) 802-0733 for more information.

## MARK/MARKET

STET STET STET
Die jongste Stet (7.1) is uit/in. Dis hou min verband met die konsensus-werklikheid. Dis 'n crack-up-uitgawe. Kry dit in die hande. Stet kos R6 (R24 vir een jaargang van vier tydskrifte) - posgeld ingesluit. Tjeks of posorders moet uitgemaak word aan Stet. Stuur aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2018.

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00.

F U T O N S
Genuine 100 percent pure cotton mattresses. Finest quality and SA Cotton Mark. Bases, side tables, screens, therapy pillows, and other accessories available from
THE JUNGLE BOX (011) 487-3530

Om 'n advertensie op dié bladsy te plaas, bel vir **Louwrins Potgieter** by (011) 836-2151, stuur 'n faks na 838-5901 of skryf aan **Kleinadvertensies,** Posbus 177, Newtown 2113. Dit kos R16.50 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan. Persoonlike advertensies korter as 25 woorde word gratis geplaas. Die spertyd is Dinsdagmiddag voor publikasie om 12 uur die middag.

## Ons tyd het aangebreek

Die jaar 1988 was 'n donker een vir Suid-Afrika: vasgevang in die brutale bewind van PW Botha en 'n streng Noodtoestand. Op 4 November dié jaar het 'n nuwe publikasie die lig gesien wat dié nasionale swartgalligheid uitgelag en uitgedaag het: *Vrye Weekblad*, die eerste Afrikaanse koerant wat hom vir 'n volwaardige demokrasie en 'n oop, nie-rassige gemeenskap beywer het. ("Die Nuwe Stem vir 'n Nuwe Suid-Afrika", het ons ons self toe al genoem - meer as twee jaar voor die FW de Klerk-weergawe daarvan populêr geword het.)

Miskien was ons ons tyd 'n bietjie vooruit. Maar ons het bly vaskleef aan ons beginsels en ons reguit styl, en vandag kan ons met trots en met reg sê: Ons tyd het aangebreek.

Geen denkende Afrikaanssprekende - regs, links of op die draad - kan regtig meer sonder die prikkeling, inligting en vermaak van die nuwe *Vrye Weekblad* klaarkom nie.

En hier is nou 'n laaste geleentheid om dit goedkoop in die hande te kry, want ons verkoopprys styg binnekort.

Teken in op *Vrye Weekblad* vir net R110 per jaar, of probeer dit net vir ses maande teen R60 (BTW en aflewering ingesluit). Vul dié vorm vandag nog in en stuur met 'n tjek of poswissel aan:

**VWB Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113**

Naam.......................................................................................

Adres.......................................................................................

.............................................................................................

..............................................................Poskode..........................

# Is die méns die kroon van God's skepping?



vra **RIANA SCHEEPERS**

in dié week se

## Geselsrubriek

**SIT** ek langs Groenpunt se atletiekbaan. Trotse ma van twee atlete wat deurgedring het na die interskole-byeenkoms.

Sit ek en verkyk my aan die laerskoolatlete. As hulle nie heen en weer oor die tartanbaan draf om hul 3mm spykerskoene en tungsten-wegspringblokke vir die killing reg te kry nie, dan sit hulle op die pawiljoen met hul WP-sweetpakke en sluk presies-afgemete hoeveelhede adrenalien-gelaaide mengeldrankies af. Elke derde, vierde atleet het 'n persoonlike afrigter wat hom nie 'n oomblik alleen laat nie. Of hy is besig om met 'n ernstige gesig sy atleet te staan en oppsyche, óf hulle verdwyn na 'n afgeleë hoek van die veld waar die spiere met allerlei vreemde liggaamsbewegings losgemaak word. Laaities van so 10, 11 jaar oud. Atlete. Toekomstige steroïde-slukkers.

My twee het vanoggend 'n ontbyt gehad van Pronutro en rou eiers in melk opgeklits en gerasperde biltong. Die biltong is sekerlik ondenkbaar vir 'n atleet wat die atletiekgeskiedenis moet herskryf, maar die luukse daarvan was op sigself uitsonderlik genoeg om die erns van die oomblik onder hulle aandag te bring.

Die Groot Atletiek word vandag ondersteun.

**EK HERINNER MY AAN 'N GLORIERYKE** dag in 1964 toe ek die 60 tree dogters o/7 gewen het. (Die enigste keer dat ek gewen het.) Toe ons agter die streep gaan staan het, het ek my skoolrok se soom by my skoolbloomer ingedruk, met die een voet voor die ander een gereed gestaan, stip na die meneer se vlaggie gekyk en weggespring toe hy dit laat sak. Die ma's het aan die ander kant van die wenpaal gestaan en vir ons met swaaiende arms geskrou. Ek het soos die wind gehol. Verby die wenstreep, reguit in my ma se arms in. Sit en vertel ek dit vir 'n vriendin langs my. Ja, sê sy, sy het nog gala geswem met 'n swembroek wat so 'n harde bra ingehad het en 'n swempet met 'n crystelene-blom bokant die een oog. Sit ons en lag terwyl haar dogter met slanke bene oor die hekkies vlieg en eerste by die wenpaal aankom. Ons staan op en juig haar toe, gaan sit weer tussen die toksakke en die tjipspapiere en die blobbe gesmelte roomys toe die opwinding verby is.

Wil jou dogter ernstig aangaan met atletiek?

Ja, haar droom is om Springbok te word.

Kry sy professionele afrigting?

Nee nog nie, maar dit sal sekerlik eersdaags moet gebeur as sy kompeterend wil deelneem.

Wat maak jy as sy die dag steroïdes begin sluk? As sy met gesmokkelde urine of ander kerpatse die ondersoekbeamptes probeer fnuik?

Gits, ek weet nie. As 'n daaglikse handvol pille in die sportwêreld die eenvoudige verskil is tussen roem en vergetelheid, tussen wen en tweede kom, kan 'n mens die top-atlete seker nie kwalik neem as hulle die kans waag nie. Daar is 'n paar wat slimmer as slim is en wegkom daarmee.

En as 'n klomp pille ook nog die verskil is tussen armoedige onbekendheid en mega-rykdom, dan sóék en kry jy daardie slimmer maniere.

**SIT ONS EN BESPIEGEL.** Wat sal gebeur as álle atlete vrylik gebruik kon maak van chemiese hulpmiddels en opkikkers? Sou dit 'n geval wees van "mag die sterkste opkikker/kombinasie van opkikkers wen"? Laboratorium-atlete? En hoekom nie? As die mensdom die wetenskaplike tegnologie kan inspan vir surrogaat-moederskap en in vitro-bevrugtings en die bekamping van Aids en die verryking van uraan en die splitsing van die atoom en allerlei anderlike prestasies, hoekom dan nie die menslike vermoë tot sy maksimum eksploiteer nie? Ons is mos die kroon van God se skepping en ons heers mos oor die wêreld waarin ons geplaas is. Of hoe?

A nee a, sit ek hardop en dink, ek begin dit al hoe meer betwyfel. Daardie ding dat die mens die kroon van God se skepping is - al is ek 'n Christen. Ek weet ons kan abstrak en genuanseerd dink, ek weet ons het die vermoë om skeppend met die omgewing om te gaan, maar daar is 'n ander kant van die munt ook. Gee maar net aan die mens 'n stuk ongerepte natuurskoon, en gou-gou bemors hy elke krans en klip met graffiti-verf. Of hy begin kaolien myn en gooi cokeblikke en plastieksakke in die riviere. Net vir sommer net. Gee hom 'n ondeurdringbare woud, en hy kap dit binne 'n ommesientjie uit en laat die onkruid oorneem. Gee vir die mens die vryheid van die sewe Seë, en hy besoedel dit met olie en roei die seelewe uit. Laat 'n klomp mense bymekaar in een land woon en geweld en moord en doodslag breek uit. Kroon van God se skepping? Aikôna.

**NOU WAT IS DAN DIE KROON** van Sy skepping as dit nie die mens is nie?

Ek sit en wonder juis.

Ek sit en kyk na die gedeelte van Leeukop wat ek kan sien vanwaar ons is. 'n Woedende wolk begin oor die Leeu se maanhaar bondel. Miskien gaan dit môre reën.

My een seun kom vierde in die 100m seuns o/11. Die ander een kry nie eens 'n plek in die verspring nie. Maar hulle is wonderlik. Hulle kom sit by my toe hulle klaar gehol en gespring is. Ek gee vir elkeen R2,00 en hulle gaan koop roomys en tjips. Hulle lek en lek maar die roomys smelt oor hul hande.

Die kroon van God se skepping?

Miskien tóg.

Sit ek en dink.

**(Riana Scheepers is die skrywer van *Die ding in die vuur* en *Dulle Griet*)**



## sportrubriek

deur

tim sandham

# GRAND PRIX: Nóú is die isolasie eers verby

**SONDAG** se Grand Prix op Kyalami is die eerste daadwerklike bewys dat Suid-Afrika se sport-isolasie verby is. Die krieketspelers het nou wel in Indië en Australië gaan deelneem, maar die res van ons moes sover droëbek sit en tweedehands daarvan verneem.

Sondag kan almal wat kens genoeg is oor vinnige motors langs die baan stelling inneem en 'n adrenalien-inspuiting kry as die manne mekaar die stryd aansê. Grand Prix is sekerlik die toppunt van sport. Superfikse renjaers met blitsige reflekse en kort humeure in helderkleurige motors wat miljoene kos wat mekaar oor 'n kronkelende baan van vier kilometer aandurf om te bepaal wie het die beste kombinasie van vaardigeid en hoë-tegnologie.

Daar word verwag dat ongeveer 80 000 mense die wedren by die nuwe verbeterde Kyalami gaan bywoon, en dit lyk belowend vir Suid-Afrikaanse motorsport in die algemeen. Of Suid-Afrikaanse motorwedren-geesdriftiges egter gelate gaan wees om slegs op die pawiljoene te sit, is 'n ope vraag. Vir baie is 'n Grand Prix die lekkerste wanneer die skouspel vanaf die enjinkap van 'n Ford bekyk word.

Die borge en vervaardigers beweer soos altyd dat die geld wat op dié eksotiese motors spandeer word uiteindelik in die vorm van verbeterings in gesinsmotors tog vir die algemene publiek van waarde is. Tog is dit nie waaraan ons dink wanneer ons kyk hoe die jaers teen 250 km/h mekaar verbysteek nie. Ons dink aan hoe ons dit self sou wou doen volgende keer as 'n BMW voor ons indruk op die snelweg. Ons dink aan die gevaar en die opwinding, aan wat sal gebeur as een van hulle se bande bars, as een van hulle net té naby aan die ander een kom. En as een van hulle wel in vlamme uitbars en oor die baan tol, hou ons ons asems angstig op en juig stilletjies dat ons gekry het waarop ons gehoop het.

### Volbrecht en sy bokser

Daar's verlede week in die rubriek genoem dat Jackie Gunguluza teen John-John Molina om die junior middelgewigtitel sou veg, terwyl dit in werklikheid die junior liggewigtitel was. Hoe dit ookal sy, Gunguluza het verloor. Hy't sleg verloor.

Sy afrigter, Harold Volbrecht, het sedert die neerlaag beweer dat sy voorbereiding van Gunguluza in die laaste ure voor die geveg omver gewerp is deur die bokser se wangedrag. Die jong bokser van Oos-Londen het tussen 'n klomp slegte vriende beland en party gehou in sy hotelkamer kort voor hy tussen die toue moes klim, sê Volbrecht. Dit het hom die geveg gekos.

Dis die flouste verskoning wat nog voorgehou is vir 'n bokser se swak vertoning. Dis klink soos 'n verhaal van die Broers Grimm: talentvolle dog naïewe seun van die platteland word deur die boosheid van die grootstad verlei.

Selfs al was dit waar, hoe is dit dat Volbrecht so min beheer oor sy bokser het? Al het hy ander boksers en sake om na om te sien, hoekom het hy nie iemand aangesê om Gunguluza op te pas nie? Gunguluza het immers 'n kans gehad om 'n wêreldtitel te wen, dit was nie net nog 'n geveg in 'n ontspanningsaaltjie nie. Hy was self al in die situasie en het al ander boksers in wêreldtitelgevegte bygestaan. Hy behoort van beter te weet.

Miskien behoort die skuld tog op Volbrecht en ook die promotors gepak te word. Dit was van meet af duidelik dat Gunguluza nie opgewasse was teen Molina nie. Deel van die verskil in kwaliteit is dat Gunguluza baie onlangs 'n gewigsafdeling opgeskuif het en bitter min ervaring as junior liggewig gehad het toe hy teen Molina kragte gemeet het. Kortom, die plaaslike bokser moes nooit die geleentheid gekry het om om die vakante titel mee te ding nie.

Ongelukkig is promotors daar om geld te maak, en dit gebeur soms ten koste van boksers. Een van twee dinge gebeur gewoonlik met Suid-Afrikaners wat talent toon. Hulle word toegelaat, soos Gunguluza, om te vinnig teen te ervare boksers te veg en is hulle loopbane gou kwyt. Daarteenoor veg hulle, soos Pierre Coetzer, vir jare lank teen paloekas sodat niemand uiteindelik regtig kan peil hoe goed hulle werklik is nie en geen promotor die kans wil vat om uit te vind nie.

### Langafstand demokrasie

'n Mens sou dink dat die Suid-Afrikaanse krieketspan in Australië met die nat weer teen die tyd al 'n paar dobbel- en seksskandes gepleeg het, maar hulle is die voorbeeldigheid van self. Dit in 'n land wat nie vir sy goeie maniere bekend is nie. Nou poog Ali Bacher om politieke munt te slaan deur te belowe dat die spanlede kans gegun sal word om in die referendum te stem. Eerstens is dit 'n klap in die gesig vir Omar Henry en die ander twee nie-spelende, nie-blanke toerlede. "Jammer Omar, jy's goed genoeg vir die span, maar jy's nog nie wit nie hoor." Tweedens, gaan die ekstra dosyn of wat stemme werklik 'n verskil maak? Laat ons maar hoop nie, anders is hierdie stellig ons eerste en laaste deelname aan die Wêreldbeker.

# televisie programme

## vrydag 28

### TV1
5.55 Morning Message
6.00 GMSA
9.00 CTV
9.30 Topsport
11.30 No Jacket Required (repeat)
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
3.30 Denver The Last Dinosaur
4.00 Bible Story
4.05 Captain Power and the Soldiers of the Future
4.35 Another Life
5.00 The Legend of Prince Valiant
5.30 Fast Forward
5.57 Compass
6.00 News
6.15 Topsport
6.30 Gillette Sport
7.00 Tropical Heat - Action series
8.00 Die Nuus
8.30 Voorblad - Koerantdramas
9.30 Derrick VIII - Speurreeks
10.30 Spies en Plessie
11.30 Borg, Christian Borg - Avontuurreeks

### CCV
11.00 Footsteps
12.00 Telerama
12.30 Who Needs Computers?
12.50 Front Runners
1.00 Tsa Sechaba (Sotho)
1.30 New Times (Nguni)
2.00 Ezodumo
2.30 Need to Know
3.00 School Talk
3.45 Duckland
3.55 Who Saw That?
4.00 Ezoxosh' Idada, Imibala (Nguni); Lefase La Rena (Sotho)
4.30 Popeye
4.40 Days of Our Lives
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Shell Road to Fame
6.30 Imalini
7.00 News
7.30 Sport
8.00 Gabriel's Fire - Police Drama Series
8.55 News Update
9.00 Film: Held Hostage - True story of Jerry Levin, a CNN correspondent held hostage in Beirut. With Marlo Thomas and David Dukes. Director: Roger Young
10.40 The Golden Age of Rock and Roll
11.28 CNN International

### M-NET
INTEKENARE
10.30 Ski Patrol
12.00 Box Office America
3.00 Tiny Toon Adsventures
3.30 Camp Dandy
4.00 Scooby Doo, Where Are You?
4.30 Mac and Mutley
OOPTYD
5.00 Amen
5.29 Hyperama Pricebusters
5.30 Loving
6.00 Step by Step
6.30 The Simpsons
INTEKENARE
7.00 Mr Mom
9.00 Supersport: Krieket
9.20 Lady In White
11.00 Supersport: Krieket

## saterdag 29

### TV1
6.25 Oggendboodskap
6.30 Agriforum
7.00 GMSA
9.00 TV-Tuiskombuis
9.20 A New Vision
9.30 Training and Development
10.00 Scuba Diving
10.05 Youth Scene
10.35 Onderste Bodem
10.45 Duckland
11.00 Robbie
11.10 Biekie in Speelgoedland
11.30 Ter Wille van Oorlewing
12.00 Tekkies
12.30 The Top Cat and the Beverly Hills Cat
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Op Versoek - Musiekvideo's
7.00 Operasie Kobra - Aksiereeks
8.00 News
8.30 Seinfeld
9.00 Film: A Friendship in Vienna.
10.45 Aaron's Way - An Amish family adapts to California

### CCV
9.00 Disney Educational Series
9.35 Educational Rendezvous
10.30 Eduspectrum
11.00 Mazondi's Shop
11.10 The Great Outdoors
11.35 DIY Building
11.40 Bona Celebrity Cooks
11.45 Living and Loving Baby Series
11.50 SOS
12.10 Just for You
12.55 Agriforum
1.25 Road to Health
1.35 Cross Over
2.00 Sport
5.57 Devotion
6.00 Family Matters - Sitcom
6.33 Ngomgqibelo/ Ka Mokibelo
7.00 News
7.30 Ngomgqibelo/ Ka Mokibelo
8.00 Film: Houdini - The life story of the great escape artist, played by Tony Curtis.
9.47 Knightwatch
10.37 Pick a Tune
11.37 Sport

### M-Net
INTEKENARE
6.40 Parade Ring
7.00 Mousercise
7.30 Wake Rattle And Roll
7.55 The Little Flying Bears
8.20 Captain Zed and the Zee Zone
8.45 Alf Tales
9.15 Teenage Mutant Hero Turtles
9.40 Ewoks
10.05 The New Archies
10.30 The New Generation
11.00 Rent-A-Cop
1.00 Shirley Valentine
2.40 Supersport
OOPTYD
5.00 Supersport
INTEKENARE
7.00 Casey's Gift: For the Love of a Child
9.00 Supersport: Krieket
10.00 Too Good To Be True
11.25 Supersport
11.50 By Dawn's Early Light
1.35 Black Widow
3.15 Rocky II
5.15 Imagination



## sondag 1

### TV1
8.00 CTV
10.00 Topsport
11.00 Music and the Spoken Word
11.30 Pumpkin Patch
11.40 Wielie Walie
11.50 Zet
12.00 Zapmag
12.30 Remi
1.00 Topsport: Kyalami
5.00 Beyond 2000
5.45 Streetwise
6.00 Life Style
6.30 Face to Face
6.40 Thy Kingdom Come
7.00 50/50
8.00 Nuus
8.15 Agenda
9.00 Film: Moeders en Dogters - 'n Ma en haar drie dogters ontmoet vir die eerste keer in jare by die pa se begrafnis. Met Joey de Koker, Rina Nienaber, Grethe Fox, Tess van Staden en Sharleen Surtie-Richards
10.30 Sounds Country
11.00 Topsport: Springbok Cricket Saga

### CCV
10.00 Impressions
12.00 Magnificat - Classical music
12.30 Gospel Gold
1.00 Emmanuel - Church service (Sotho)
1.30 Sport
6.00 Masakhane, Masidumise (Nguni); Tumelo, Ichtus (Sotho)
7.00 News
7.30 In Depth
8.00 Enter the Natural World
8.30 227 - Sitcom
9.00 Booker - Action series
9.57 Jazz Jazz Jazz
10.54 Knightwatch (Repeat in Xhosa)

### M-Net
INTEKENARE
7.00 East-Net open
7.01 Police Public
9.30 Essence
10.00 Bangladesh - The Fury of the Floods
10.30 Canal Português
1.30 The Campbells
2.00 Treasure Seekers
3.00 Blind Justice
4.35 Box Office America
OOPTYD
5.00 Ducktales
5.30 Chip 'n Dale
6.00 Hacksaw (1)
INTEKENARE
7.00 Carte Blanche
8.00 Floyd on Oz
8.30 Twins
10.15 Supersport: Krieket

## maandag 2

### TV1
5.55 Morning Message
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
2.30 I Need To Know
3.00 Youth Scene
3.30 Barney
3.40 Tiny Tales
3.45 Pumpkin Patch
4.00 Bible Story
4.05 Bravestarr
4.30 The Mysterious Cities of Gold
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose Jare
5.57 Compass
6.00 6 on 1
6.30 Katts and Dog
7.00 Murder, She Wrote
8.00 Die Nuus
8.30 Agenda
9.00 Die Guldenburgs
10.00 Nuus
10.05 Topsport
11.00 Eureka - Avontuurreeks

### CCV
11.00 Footsteps
12.00 Telerama
12.30 Dealing with Dogs
12.40 The Art of Retail Selling
12.50 Succeed, Success
1.00 Toyota Top 20
2.00 Movie Focus
2.30 Need to Know
3.00 School Talk
3.45 Stress - Are You Coping?
4.00 Smoggies
4.30 Popeye
4.40 Days of Our Lives
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Crime Watch
6.30 In Depth
7.00 News
7.30 ZD - Music videos
8.25 Murphy Brown
8.55 News Update
9.00 Head of the Class
9.26 Knots Landing
10.22 Wise Guy - Action Series
11.17 Dancin' to the Hits
11.37 CNN International News

### M-Net
INTEKENARE
10.30 Rocky II
3.00 Tiny Toon Adventure
3.30 Slimer
4.00 Scooby Doo, Where Are You?
4.30 Talespin
OOPTYD
5.00 Drexell's Class
5.30 Loving
6.00 Fresh Prince Of Bel Air
6.30 Duet
INTEKENARE
7.00 The Devil and the Song
8.45 Dairybelle Health Club Challenge
9.00 Supersport: Krieket
10.00 A Judgement in Stone
11.40 Sea of Love

## dinsdag 3

### TV1
5.55 Oggendboodskap
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
2.30 Psychology of the Air
3.00 Disney
3.30 Ovideo
3.35 Wielie Walie
4.00 Dis Waar
4.05 Die Ander Ek
4.30 Tekkies
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose Jare
5.57 Kompas
6.00 6 op 1
6.30 Legkaartbonansa
7.00 Agter Elke Man
8.00 News
8.30 Agenda
9.00 Rescue 911
10.00 News
10.05 Film: Dinner at Eight - An elaborate dinner party turns into an unmitigated disaster. With Lauren Bacall, Charles Durning, Ellen Green, Harry Hamlin, John Mahoney and Marsha Mason. Director: Ron Lagomarsino.
12.00 Sex Talk - Casual Sex

### CCV
11.00 Footsteps
12.00 Telerama
12.30 Crossover
12.55 Scuba Diving
1.00 Pick a Tune
2.00 After 8 (Magazine)
2.30 Need to Know
3.00 School Talk
3.45 Use or Abuse? Drugs and alcohol in SA
4.00 Tom & Jerry
4.30 Popeye
4.40 Days of Our Lives
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Siyaphi (Nguni); Madireng II (Sotho)
6.30 New Times (Nguni); Ntome Tsebe (Sotho)
7.00 News
7.30 526 (Nguni); Di Wele Makgolela (Sotho)
8.00 Velaphi II (Nguni); Tsa Sechaba (Sotho)
8.30 Regional Magazine
8.55 News Update
9.00 Cheers - Comedy series
9.28 Film: Return To Green Acres - Oliver and Lisa Douglas love their farm, but a real estate developer has other plans for it. With Eddie Albert and Eva Gabor. Director: William Asher. (1990)
11.06 Dragnet - Detective series
11.30 CNN International

### M-Net
INTEKENARE
10.30 Force 10 From Navarone
3.00 Tiny Toon Adventures
3.30 Slimer
4.00 Scooby Doo
4.30 Talespin
OOPTYD
5.00 Blossom
5.30 Loving
6.00 Midnight Caller
INTEKENARE
7.00 Warlock
8.45 60 Minutes: An Offer They Couldn't Refuse
9.00 Supersport: Krieket, Best of English Soccer
11.00 Blind Justice
12.31 Mr Mom

# Elmari Rautenbach skryf oor die week se TV

## Woensdag 4

**TV1**
5.55 Morning Message
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.00 Telerama
2.30 Need to Know
3.00 Educational Rendezvous
3.30 Winnie the Pooh
4.00 Bible Story
4.05 Zorro
4.30 Zapmag
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose jare
5.57 Compass
6.00 6 on 1
6.30 The Van Dyke Show (1) - Nine-part comedy series with Dick van Dyke
7.00 Reap the Whirlwind (1) - Historical drama series set in the Cape during the period 1820 tot 1880. French/South African co-production
8.00 Nuus
8.30 Agenda
9.00 St Eligius - Hospitaaldramas
10.00 Nuus
10.05 Kuns op Een / Arts on One

**CCV**
11.00 Footsteps
12.00 Telerama
12.30 Sharp - Educational series
1.00 Ngomgqibelo / Ka Mokebelo
2.00 526
2.30 Need to Know
3.00 School Talk
3.45 Dealing with Dogs
3.55 Allied World of Money
4.00 C.O.P.S.
4.30 Popeye
4.40 Days of Our Lives - Soap opera
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Guinness Book of Records - Amazing feats
6.30 Drive-O-Mania - Game show
7.00 News
7.30 In Depth
8.00 Alien Nation
8.55 News Update
9.00 Broken Badges (3) - Off-beat police mini-series
9.52 Cop Rock - Police dramas with music, a new genre
10.42 CNN International News

**M-Net**
INTEKENARE
10.30 Body of Evidence
12.00 Dairybelle Health Club Challenge
3.00 Tiny Toon Adventures
3.30 Slimer
4.00 Scooby Doo
4.30 Talespin
OOPTYD
5.00 Three's Company
5.30 Loving
6.00 Get A Life
6.30 Designing Women
INTEKENARE
7.00 Moon Over Parador
9.00 Supersport: Krieket
10.00 Ghettoblaster
11.25 Supersport: Krieket

## Donderdag 5

**TV1**
5.55 Oggendboodskap
6.00 GMSA
9.00 CTV
11.30 Santa Barbara
12.00 Larry King
1.00 Headline News
1.30 Business Day
2.03 Telerama
2.30 Psychology of the Air
3.00 Eduspektrum
3.30 Walter, die Wasbeer
4.00 Dis Waar
4.05 Die Tweede Vrou
5.00 Santa Barbara
5.30 Rustelose Jare
5.57 Kompas
6.00 6 op 1
6.35 Brakanjan en die Drie Musketiers
7.00 Arende II
8.00 News
8.30 Agenda
9.00 The Golden Girls
9.30 FBI: The Untold Stories
10.00 News
10.05 Diagonal Street
10.30 The Kennedys of Massachussets - Kennedy family saga
11.20 The Leading Edge - Technology

**CCV**
11.00 Footsteps
12.00 Telerama
12.30 Moving On
12.50 Road to Health
1.00 ZD - Music videos
2.00 Ntome Tsebe
2.30 Need to Know
3.00 School Talk
3.45 Mazondi's Shop
3.55 Living & Loving
4.00 Mon Pe
4.30 Popeye
4.40 Days of Our Lives
5.30 The Bold & The Beautiful
5.57 Devotion
6.00 Toyota Top 20
7.00 News
7.30 Ke Nyala Mang - Sotho drama series; Ezodumo (Nguni)
7.45 Hlala Kwabafileyo (Nguni)
8.00 After 8
8.25 Royal Family - Sitcom
8.55 News Update
9.00 Broken Badges (4) - Police mini-series
9.52 Good Sports - Sitcom
10.19 Movie Focus
10.49 CNN International

**M-Net**
INTEKENARE
10.30 Sea of Love
3.00 Tiny Toon Adventures
3.30 Camp Candy
4.00 Scooby Doo
4.30 Dog House
OOPTYD
5.00 Charles In Charge
5.30 Loving
6.00 The World of Panasonic
INTEKENARE
7.00 The Shadow Box
9.00 Supersport: Krieket
10.00 A Judgement In Stone
11.40 Too Good To Be True

## Heritage se halsbandjie verslete en die hondjie bra maer

**VAN** uitstel kom afstel. Maar in die geval van *Heritage* - oftewel *Reap the Whirlwind,* die titel waaronder ons dié reeks vyf jaar nadat dit gemaak is uiteindelik gaan sien - is "uitstel" 'n eufemisme vir vertragings wat veroorsaak is deur die vervanging van een regisseur deur 'n ander skaars halfpad deur die reeks, 'n benoudheid by die SAUK-base oor die kwansuis omstrede tema van liefde oor die kleurgrens heen (iets wat hulle nou heftig ontken), en 'n geskaaf en herskaaf om 'n vrot eindproduk 'n bietjie op te dollie met 'n oorsese klankbaan, allerhande oorgeklankte nuwe stemme, en 'n pretensieus-elegante nuwe titel. Laasgenoemde is die enigste afleiding wat 'n mens kan maak as jy na die powere gehalte kyk van wat aan ons opgedis word onder die vaandel van "Suid-Afrika se eie *Gone with the wind.*

Ongelukkig kan geeneen van die duur kombersies waarin *Reap the Whirlwind* toegerol word, wegsteek wat nou alte duidelik blyk nie: dat al wat die reeks ironies genoeg vyf jaar gelede sou verkoop het die eksplisiet seksuele verhouding tussen 'n wit baas en sy bruin slavin is; dat die ontwikkelinge in die politiek en die land oor vyf jaar toon dat dié tema niks meer is nie as net 'n verslete halsbandjie, terwyl die ou hondjie self bra verdrietig en verwaarloos is.

*Reap the Whirlwind* (reap the what, wil ek telkens vra) is in 1987 geskiet en toe al is dié Franse en Suid-Afrikaanse "ko-produksie" (destyds dié buzz-woord onder televisie-fundis) beskryf as Ons Groot TV-Deurbraak Oorsee. Die Sondag-agterblaaie het die belangstelling wakker gehou: die soektog na die regte aktrise vir die rol van die slawe-meisie Eva, 'n leeftyd se veroudering wat met die grimeerkwas aangebring moes word, en die sensuele Franse op stel. Maar agter die glans en reklameveldtogte het skindertonge geklap: oor Philippe Monnier wat halfpad deur die reeks met Pierre Lary as regisseur vervang is, die plaaslike rolprentmaker wat eers as regisseur genader is maar uiteindelik as net een van drie vervaardigers genoem word, en die redes vir die voortdurende gesny en hersny van die eindproduk.

**HOE DIT OOK AL SY:** *Reap the Whirlwind,* die Suid-Afrikaanse weergawe, begin Woensdagaand om 7nm op TV1. Dié weergawe is die vierde (so lei ek af uit die inleiding) van die reeks, die een wat uit dertien episodes van 48 minute elk bestaan en die oorspronklike Engelse klankbaan het. Die eerste Franse weergawe se episodes was elkeen 52 minute lank en het 'n nuut oorgeklankte Franse klankbaan gehad. Vir die Suid-Afrikaanse Engelse klankbaan is die stemme van die oorspronklike Suid-Afrikaanse akteurs gebruik, maar dié van die twee Franse akteurs, Jean-Pierre Bouvier wat die hoofrol van Jaques (sic) Beauvilliers speel en Sylvia Zerbib, in Engels oorgeklank (Bouvier s'n in 'n aksent wat telkens wissel van amateur-Duits tot amateur-Frans...)

*Reap the Whirlwind* is deur Luanshya Greer geskryf en vertel die verhaal van drie geslagte van die Beauvilliers-familie van die Kaapse wynplaas Bonne Esperance tussen 1820 en 1880. Vir die opstaltonele is die pragtige Blaauwklippen as agtergrond gebruik.

Die storie skop af met die geboorte van die Franse heer en meester se enigste seun, Jean-Jacques, 'n toneel wat sy oudste dogter Clara sien. Ongelukkig is Jean-Jacques bruin en die kind van Jaques Beauvilliers se bruin slawe-minnares Eva, terwyl Clara die verpersoonliking van boosheid is. Sy sweer sy sal alles in haar vermoë doen om haar halfbroer nie 'n halwe kans in die lewe te gun nie - en dit doen sy... vir die volgende twaalf episodes.

Wonderlik is wat Vader Tyd met die karakters in die reeks doen. Al die kinders in die reeks word groot. Die buitengewoon bose wraakengeltjie van 'n klein Clara (uitstekend gespeel deur Lisa Pringle) verander ongelukkig in 'n bra vaal ouer Clara (Trish Downing) wie se byt heelwat flouer is as haar blaf, terwyl 'n muisgesiggie van 'n klein Jean-Jacques 'n jong Griekse god word, kompleet met skouerlengte swart lokke. Maar minstens wys die jare. Die volwassenes aan die ander kant word nie 'n dag ouer in twintig jaar nie. Wanneer Jean-Jacques as 'n volwasse jong man sy ma konfronteer oor haar komende troue met sy pa lyk hy na haar ouer broer.

**SKANDE EN SKANDAAL** is volop in dié verhaal wat sterk herinner aan van die stouter weergawes in die slapbandboekies met die roos voorop. In bykans elke tweede episode word 'n vrou in barensnood gewys, maar tyd word ook nie juis gemors nie. Dié ou babatjies, meestal buite die heilige huweliksverband en oor die kleurgrens heen verwek, word sommerso in 'n paar sekondes gebore. Voorts is daar die onontbeerlike verkragtingstoneel, die baltonele (waar die mense wals dat dit klap skaars 'n jaar of wat nadat die wals vir die eerste keer in Wenen gedans is en nog steeds as not the done thing in Londense sosiale kringe beskou is), 'n paar Afrikaner/swart slaaf-konfrontasies, verbode ontmoetings tussen verbete minnaars, perdry, en 'n flouerige stryd om die erfreg op die plaas.

*Reap the Whirlwind* is pragtig verpak. Die statistiek, wat getrou deur elke koerant herhaal word, is imposant: oor die 2 000 vroue-kostuums is gemaak, oor die 1 000 manskostuums en 500 militêre uniforms. Meer as 200 gewere is gebruik en meer as 2 000 byspelers opgelei. Met Blaauwklippen as die agtergrond is meer as 50 binnestelle ekstra gebou en meer as 20 buite-stelle. Maar niks hiervan maak van *Reap the Whirlwind* meer as net 'n duur, uitgerekte, derderangse seks-en skandesage nie.

### Daardie twee gesigte

**OF** 'n mens nou daardie twee gesiggies wil sien wat al die banale, nuttelose brokkies inligting oor 'n fliek of komende program op M-Net kwytraak, is nie ter sprake nie. (Ook nie die redes hoekom M-Net volhard met die gebruik van twéé aanbieders gelyktydig nie. Die twee het die meeste van die tyd geen nut vir mekaar nie, daar is geen rapport nie en elkeen sê net sy voorgeskrewe stukkie op.) Wat wel waar is, is dat menige kontinuïteitsaankondiger al "ontdek" is in daardie einste stoel.

Kyk maar vir Suanne Braun, Ashley Hayden (hoewel haar en Scot Scott se aankondiging van *The Fabulous Baker Boys* - 'n gekriewel op 'n klavier en al - heelparty kykers se hare laat regop staan het) en boweal Doreen Morris. Doreen, wat die SAUK se eerste swart kontinuïteitsaankondiger was, het sedert daardie dae - en veral sedert sy haar by M-Net se span aangesluit het - werklik van krag tot krag gegaan. Sy is nou ook die gelukkige aanbieder wat binnekort met 'n span van M-Net se Spesiale Produksies na Hollywood vertrek om 'n voorskou vir M-Net se uitsending van die Oscars te maak wat na bewering hier, in Thailand, Kenia, Skandinawië, België, Holland en Suid-Amerika vertoon sal word op Oscar-aand, 30 Maart.

Drie van die vyf nuwe aanbieders wat hulle binnekort by M-Net aansluit, is egter reeds bekende name. Shado Twala en Dan Moyane is al geruime tyd aanbieders op Radio 702, terwyl Zanelle Tutu, die vrou van Trevor en skoondogter van aartsbiskop Desmond Tutu van Kaapstad, onder meer naam gemaak het as model en skoonheidskoningin. Dié drie, Steven Ross en Maurice Mtshali ondergaan nog opleiding, maar sal van middel Maart op die betaalkanaal te sien wees.



**SOUTH AFRICAN** photographer **Gideon Mendel** has been awarded second prize in the *World Press Photo of the Year* in the category *People in the News Stories* for his series on Ethiopian Jews arriving in Israel during the Gulf War.

The winning picture was taken by David Turnley of Sgt Ken Kozakiewicz grieving as he learns that his best friend was killed by friendly fire on the last day of the Gulf War in Iraq. Many of the pictures chosen in the various categories were taken during the war. Mendel's pictures, collectively titled **Immigrants in Israel**, are a poignant portrayal of the arrival of the Falashas from Africa. He was keen to document the event because he is "also a Jew from Africa".

Mendel, who is known for his pictures of township unrest and his photo essay on the 1986 Great Trek commemoration festivities, is now based in London and says no one was interested in the assignment when he offered it to them, but the *Independent* Magazine eventually gave him a six picture spread.

He was struck by the poignance of the arrival of the "tribal desert people" into the alien environment of Israeli society. "They were entering a cultural vacuum. It might work for the younger generation, but the old people, who are respected in their society, must have been thrown by the youthful brashness of Israeli society," he explains.

Mendel was on an assignment for *Stern* Magazine and had lots of time to kill: "I didn't want to take on the West Bank... There is a lot more possibility for reconciliation here than there. The level of separation and antagonism between Israeli's and Palistinians is far worse. Here black and white people are far more part of each other's lives." He spent many days at Ben Gurion Airport watching the arrival of both Ethiopians and Russians.

Mendel is back to do a portrait on Johannesburg and Soweto. "I am obsessed with being back in my city. There is so much which is remarkable right under our noses." He says having a fresh outside approach has helped him find new images. Documentary photography here, he believes, is stuck in the ideological and aesthetic forms of 50s American concerned photography. ANDREA VINASSA


**market theatre**

832-1641

**Word of Mouth Productions**
MALOMBO with
Nothemba & the Siblings
Mon-Fri; Sa 6pm to 9 pm

**UPSTAIRS AT THE MARKET**
The Market Theatre and Mouthpeace present
Andrew Buckland's **BLOODSTREAM**
**Directed by** Janet Buckland
**Starring** Andrew Buckland **and** Li Newman
Mon - Fri 8.15pm, Sat 6.15pm and 9.15pm

**THE LAAGER**
**THE MEETING**
**By** Jeff Stetson
**Directed by** John Kani
**Starring** Sydney Chama, Louis Seboko and Seputla Sebogodi
Mon - Fri 8.15pm, 6.15pm and 9.15pm

Kippies at the MARKET
Rene McLean Quintet

**MARKET GALLERIES**
Peter Ntobeni - eclectic utilitarian objects


# between apocalypse and utopia

**Avant garde German playwright Heiner Muller** is not a stranger to South African audiences. Wits lecturer and Columbia University graduate David Peimer directs Wits students in a production of The Task. **CHARL BLIGNAUT** throws some light on Müller's theatrical and political origins

**AFTER EXPERIENCING** Heiner Müller's world in a theatre, one is left with little other than the complex and ongoing memory of which it is bred. His masterful collision and simultaneous fusion of antithetical notions is too often simply dismissed as incomprehensible and avant garde. The truth is that South Africa, with its history of conquests, its revolutionary undercurrents, its sexual awakenings, its conflict between State power and cultural forms, its socialist ambitions and its supreme contradictions, serves as the perfect playground for Müller's work.

Born in 1929, Müller has witnessed the full eclecticism of East German history - from the rise of Nazism to the failure of a Marxist revolution and the unification of Germany. It would be superfluous to attempt a neat, chronological overview of the playwright's work for his literary development has never been linear.

He has work under pseudonyms, mixed old material with new, continuously rewritten his texts and always been somewhat erratically published and translated.

Although only approximately half of his 42 plays and performance pieces have been presented outside Germany, it seems significant that Müller has never been marginalised by the theatre world and has managed to attain international recognition with his plays Philoctetes, Mauser, Der Auftrag (The Mission or The Task) and Quartett. His dramatic style has covered a spectrum of severe realism, poetic reworkings of Greek myths, the Brechtian Lehrstück, didactic pantomimes, adaptations of Shakespeare and various experiments in montage. What is possible, however, is an attempt to note some common strains which recur in the provocatively merciless dialectic of his plays.

Müller is a confirmed Marxist and is, particularly in East Germany, regarded as a "disciple" of Brecht - a label which is seldom conducive to a fuller understanding of his work, for, from the mid-Seventies onward, he appears to have shrugged off much of the Brechtian influence (and has, in fact, professed a keener interest in Beckett, Genet and Bond).

He does, however, share much with Brecht, including the ability to employ contradiction as a means of engaging an audience by way of alienation, the constant reminder that we are socially responsible beings watching a performance of social import and humanity. Yet Müller does not attempt to moralise or provide formulated answers, sooner displaying the psychological dilemma of man when confronted by (opposing) control systems. His socialist convictions have never fallen short of realising the restrictions inherent to any political or anthropological system and these he presents as fervently as his hope that he is simultaneously able to offer the subjective potential of socialism.

His primary message is quite simply one of emancipation from authoritarian and submissive cultures. As did Marx, Müller wishes to stimulate emotional creativity and an awareness of the dangers of being hypnotised by dominant ideology. For what good is a person without a consciousness?

One of Müller's most clearly realised themes is his belief that Marx's socialist revolution is a continuous process far from completion. Much of his work speaks directly to a revolutionary or post-revolutionary society. In this regard, his writing represents some of the finest artistic expression of protest theatre, for there are surely as many forms of revolution as there are voices of protest.

What makes his vision so refreshing is his conviction that "the advent of a classless society does not necessarily mark the demise of dramatic anti-thesis".

Revolution is a continuum that offers both apocalypse and Utopia, because "revolutionaries" must make certain sacrifices in order to become emancipated bearers of meaning, yet must at the same time realise that they are the disturbance which destroys the revolution.

Catch 22: "To what end the dead and to what end dying when the price of revolution is revolution?" The theatrical absurdity of existence levitates between such parallel extremes and one doubts whether Müller would want us to miss out on the ironic comedy of his philosophical reversals. Ich war Hamlet. Contradictions are presented as an open and active element of the dialectic.

Müller has also frequently explored the theme of sexuality as a factor which traditional socialism has failed to acknowledge. He regards sexuality as yet another means of potential emancipation and he questions the partriarchal assumptions and norms regarding male sexual aggression and female sexuality. He shows, more than others, how oppressive attitudes toward women are integrated into restrictive social practices.

Eroticism, relationships and conflict between the sexes form a sizeable section of his work. Müller regards sexuality as a potentially meaningful driving force, yet once again, the antithesis is presented by the lingering and violent threat of social rejection, sterility and loss of individualism.

• The Task is on at the Wits Theatre, Jorissen Street, Braamfontein, Johannesburg until March 7. See review on page 39.

# From culture to sport - in five easy committee meetings

**The recent withdrawal of Rembrandt from the Cape Town Triennial exhibition seems likely to be merely the beginning of a funding drought in the arts. But we have only ourselves to blame for the lack of interest in cultural sponsorship, writes HUFF PRYCE; trying to enhance your corporate image through art funding is a bit like trying to polish badges with mud.**

**IT WAS** a terse announcement: the Rembrandt group of companies was withdrawing its funding for South Africa's most prestigious art competition, the Cape Town Triennial at the end of the current show's run.

The reason, it suggested, was that art was a luxury that corporate sponsors could no longer afford in the face of more immediate and practical economic realities. For its part Rembrandt would be taking the money from the sponsorship - and more besides - and pumping it into housing.

The news fell in the art world like a bombshell. Hadn't Rembrandt committed itself, at least semi-formally, to a fifteen year sponsorship period, embracing five triennials? And wasn't this only the fourth? And didn't that leave one to go if the company were to fulfil its commitments?

Why the seemingly sudden announcement? Why the sudden shift, by a corporation whose public image has always been intimately tied up with the arts, to such a basic and unadvertorial field of philanthropy? Did this also mean it would put its massive collection of South African art on hold?

Before anyone really had answers to these questions, another bombshell dropped. A second major corporation associated with the arts was following suit, withdrawing entirely from long term sponsorship commitments. Two major cultural institutions could die, more or less overnight.

(*Vrye Weekblad* knows the name of the sponsorhip, and has received official confirmation that the company in question is in fact pulling out. However, since negotiations to find a replacement sponsor are currently in a delicate phase - and because corporate sponsors tend to be more skittish than buck in a thunderstorm - we have agreed to keep the identity confidential for the time being.)

The reason given for the second company's withdrawal was that it was going through a rough financial period and was in the process of rationalising its expenditures. The withdrawal of its arts sponsorship, it was claimed, had nothing to do with the competition itself, nor with the way its funding was being administered. And in truth, the competition in question has been relatively free of scandal and serious criticism.

But even so, it is known that the sponsoring company has been in difficulties before and yet never in the past resorted to the grim expedient of withdrawing its funding.

And the situation could get worse; there are unconfirmed and rigorously denied rumours that yet another major arts sponsor is considering withdrawing.

The truth is that corporate sponsorship of culture - which, because of its relatively high media profile and relatively low financial costs, used to be mooted as the most cost-effective form of tax-deductible advertising available - has lost all of its lustre.

In the case of Rembrandt, the decision to withdraw apparently followed a squabble over the role played by host institution, the National Gallery in Cape Town, over administrative issues. Gallery director Marilyn Martin had - first in an interview in *Vrye Weekblad* - indicated her dissatisfaction with the fact that she and her staff were expected to bear the burden of organising the competition, of liaising with artists, and of seeing that everything happened on schedule, but were given little or no reward for doing all this. The workload, she said was unreasonable and prevented her staff from doing the work for which they were employed. Either Rembrandt should make some compensatory gesture of a financial kind or supply additional staff.

At the same time a squabble arose over a special Triennial supplement which ran in *Die Burger* at the time of the current exhibition's opening last year. Martin presented Rembrandt with a bill running to tens of thousands for the supplement, a bill which the corporation refused to pay on the grounds that such expenditures were already provided for in the generous lump sum allocated to the event.

Shortly afterwards, and without warning, Rembrandt apparently developed a sudden urge to move from high cost fine art into low-cost housing.

Only fools or angels would rush into a conflict like this one making judgements as they go.

But in fact the explanation raises more questions than it answers. By the time the disagreements between Martin and Rembrandt began to come out in the open, there was already a strong move, supported by local culture director Christopher Till, to move the Triennial up to the Johannesburg Gallery. If the relationship between the sponsors and the National Gallery was no longer workable there seemed to be no good reason why this plan should not simply have been put into effect.

Except that Rembrandt had by this stage had a bellyful. Sources close to the corporation confirmed that the real reasons for the pullout went deeper than differences with the gallery director.

"In the final analysis sponsorships are exercises in advertising. As a means to polishing Rembrandt's corporate image, the Triennial has been about as effective as mud," as one source put it.

For the last decade the show has been dogged by controversy, and critics and commentators (not least the present writer, I feel obliged to note) have relentlessly singled it out for the most savage of criticism. Attacked as elitist and unrepresentative, as discriminating against blacks, especially rural blacks because of the way it was organised, as being Eurocentric and as promoting a (putatively bad) culture of competitions, the Triennial later became of a focus of "democratic, people's culture" and of the restless efforts of its commissars.

Responding to growing pressure from rapidly mushrooming but dubiously representative cultural pressure groups, the Triennial organisers bent over backwards to democratise the way the current show was put together. Selections were made by relatively wide consensus, just about everyone who had anything at all to do with art in the country had a voice on one committee or other. The show was a model of participatory democracy.

But the result was sadly predictable, a show made up of least common denominators, maybe correct but universally noted as drab and unremarkable.

And Rembrandt had moved from outright bad publicity to something even worse -mediocre publicity. It should not have surprised anybody that they decided to call it a day.

And who can blame them? The industry of the cultural boycott refuses to die and its commissars refuse to go back into the woodwork. Visiting artists and performers, as much as local sponsors, increasingly find themselves thrashing away in webs of internal powerplay and naked greed - the bottom line is becoming increasingly clearly drawn these days: give money and/or credibility to our organisation and you're okay even if you were Hitler's muralist; don't give us money and/ or credibility and you're politically dead.

But you also have to take on your shoulders the guilt of centuries, that's also part of the deal.

Who needs it? Not Rembrandt. Not Company X.

With a bit of redirection of resources they could end up being associated with a world-class game of cricket or rugby instead of a not even bad exhibition.

# van boerewors tot skipskop

**ELZABÉ ZIETSMAN IN CLICHÉ**
The Black Sun
11nm Dinsdag tot Sondag

**MARLENE WINBERG**

**DIE GEHOOR** ontspan terwyl die "titless wonder" - Elzabé Zietsman - haar kop agteroor gooi en daai yslike stem van haar in die Black Sun se bedompige lug instoot. Sy is 'n gesoute vermaker - dis nou maar klaar. Sy beweeg netjies van een karakter tot die volgende - nou's dit 'n Afrikaans-Franse poppie wat van boerewors hou, veral as dit nog vars is en aan die boer hang, en dan is dit Sonja Herold wat oor Skipskop se duine loop.

Dit is haar groot verhoog-persoonlikheid, eerder as die inhoud van die kabaret, wat boei. Haar vermoë om emosie deur middel van haar gesig en stem uit te druk, is dikwels baie aantreklik. Soos wanneer sy 'n raunchy en has-been gatvol-vir-mans blond speel.

Sy terg ligweg terwyl sy die gek skeer en stereotipes skets. Elke af en toe is daar oomblikke wat 'n mens wel dieper raak. Haar Afrikaanse "bedelares" is 'n puik stukkie teater. Die onskuld van 'n jong dogtertjie en beelde van 'n straatkind deur die stem van 'n opgesmukte kabaret-sangeres is treffend. "Maybe God loves the kids in the park but it's dark..."

Die "orkes", (Rocco de Villiers) word totaal deur die vreeslike kabaretsangeres geïntimideer. Die arme ou kan skaars praat... maar klavierspeel kan hy wel. Sy draai hom selfs in doeke toe totdat ons slegs 'n paar sexy nipples kan sien en dan word hy weer eens tot die klavier verban...

As jy van ligte laatnagvermaak hou teen R10 'n kaartjie én bereid is om lank te wag (daar is wel drankies by die kroeg beskikbaar en op die aand wat ek daar was, het die bestuurder se ma 'n groot bord chocolate clusters verniet vir die gehoor saamgestuur) - is *Cliché* 'n goeie keuse.


NICO
NICO BEL-'N-SITPLEK (kredietkaart) ☎ 21 7695 NAVRAE 21 7839
BLAKES RESTAURANT ☎ 21 7478
MAKESHIFT MOON & KRUIK-TONEEL
Arena
SKY EN CZECH
5 - 21 MAART
met ANDRÉ ROOTHMAN en GÉRARD RUDOLF
"'n Merkwaardige stuk" - Vrye Weekblad
Spesiale studente- en groeppryse beskikbaar -
Navrae: ☎ 21 7839
Skrywer & regisseur
ASHRAF JAMAL

# Prince Nick keeps things afloat



**THE PRINCE OF TIDES**
Met Barbra Streisand, Nick Nolte, Blythe Danner, Kate Nelligan and Jeroen Krabbé
Director: Barbra Streisand

**ANDREA VINASSA**

**MAKE** way for the Streisand ego... and stay out of the way lest she poke your eyes out with those ridiculous Seventies nails. There must be some subliminal message encoded in her vampirish nails, her neat suits and her high-heeled shoes. I think Barbra's crying out for help.

Nevertheless, she does a pretty good marketing campaign for New York's shrink business.

And Nick Nolte is a real prince for putting up with Streisand's excesses on this rather mediocre film which has predictably been showered with Oscar nominations. The films tackles all the right issues: child abuse, emotional repression, domestic violence, dysfunctional families, but does so in a very pedestrian fashion.

The bearlike Nolte, who is remarkably agile of body and of mind, keeps *The Prince of Tides* afloat with a myriad tricks... but he never lets you forget that he's working very hard to healthe Wounded Man. He's like a Pandora's box of gestures and defenses made by the emotionally repressed. His efforts go a long way to counteract Streisand's compendium of acting and directing clichés, and her manipulative use of the classical score. Streisand used so many wild crane shots in the opening scenes that I felt like I had been on a dive-bomber ride before I got a chance to reach for the Kleenex.

One is usually inclined to forgive Streisand her indulgences, because she is courageous and something of a crusader - with *Yentl* she became the first woman ever to produce, direct, write and star in a major film; this she followed up with *Nuts*, which she produced against almost insurmountable odds. *Nuts*, incidentally, tackled equally acute social ills in a more powerful way than does *Prince of Tides*, but was ignored by critics and Oscar-judges alike. In *Nuts*, partnered by that shrewd old ham, Richard Dreyfuss, Streisand gave a performance of great force... without make-up nails or designer outfits she got to grips with her disturbed character's inner turmoil.

Watching *Prince of Tides* I felt like I was watching two different films - one about Tom Wingo's (Nick Nolte) journey through pain and the other about Barbra Streisand's quivering bottom lip.

The film takes us through the therapeutic process, where a patient is forced to confront childhood incidents which shaped and distorted his adult psyche. When Nolte is on the screen giving us denial, anger and acceptance, it is possible to forget that one is watching Streisand's ego at work.

Streisand uses a backflash technique, which is not too corny, to involve us totally in Tom's memories. But, by comparison, she seems to have far more problems than Nick.

The "subplot" in which the psychologist is forced by her interaction with her patient to confront her dysfunctional marriage and her inability to communicate with her son, is less convincing, largely because Streisand's acting is so terrible and because she seems not to have thought it out well enough.

Streisand's single greatest achievement with this film was to trivialise an important topic.

# Revolution is a whore

**THE TASK**
By Heiner Müller (translated by Carlotta von Maltzen and adapted by David Peimer)
With Alf Lekalakala, Yona Sakelaris, Tracey Webster, Francois Venter, Debbie Bell, Jason Kennett and others
Directed by David Peimer
Downstairs at the Wits Theatre

**CHARL BLIGNAUT**

**MANY** OF Heiner Müller's dearest themes find expression in *The Task (Memory of a Revolution)*, a play based on a story by Anna Seghers and is a fine choice for student work. The bulk of the action is a memory (of Utopian/Marxist ideas) of a slave uprising in Jamaica soon after the French Revolution. The great black hope, Sasportas, is countered by the ideologically torn Debuisson. The European emissaries incite the local population to political upheaval until news of their leaders results in a feeling of isolation, a sense of being stranded in Utopia. They have become slaves in their role as oppressors. The plot becomes secondary to the stream of images and increasingly irrational confrontations which ensue.

Revolution, with her seductive lure of freedom and detached, her violent duty, is a whore.

David Peimer's production is very interesting. It is a highly pleasing and beautifully staged piece of theatre which deserves considerable attention. He and Sharon Cort have constructed a rich, earthy set, not without its surrealist imagery. The cast throw themselves into the production, offering sustained and concentrated performances.

The lighting design is unconventional and dramatic, effectively complimenting the play and the translation is excellent, void of the usual jarring rhythm of many English translations of Müller's work.

**PEIMER HAS** reinscribed the play. He has chosen to cut the character of Antoine, and with it some of the intellectual dialectic. He has also placed four actors in the role of Debuisson and opted for a more Brechtian reading of the work. The production is brimming with physicality, contorting each other's masks and saturating the politics with almost ritualistic eroticism.

As a result, strong emphasis is placed on a smooth flow of images and often absurd verbal banter. Deintellectualised, it makes for an easier perception of the work and highlights its primordial qualities without losing its dramatic challenge.

The negative effects of the approach are that Müller loses some of his intellectual punch and pathos. The threatening German theatrical aggression is doused and the central turmoil of Debuisson's dilemma loses some of its visceral expression. This is the price paid in order to make the work both educative and united in its comtemporary appeal. The production constantly strains against the boundaries of conventional notions of theatre, offering the audience a politically bold and visually high-strung experience.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## VYFSTER VIR 'N TREAT

### maar hotelkos is steeds salad cream

**WATTER** wonderlike maaltyd vir 'n somersdag langs die swembad, onder die pienk sonsambrele, glasies koel wit wyn in die hand en kelners wat hover soos naaldekokers.

Uit die buffet-tafel rangskik ons 'n bordjie met viel heel garnale, 'n paar aspersies, artisjok-harte, mossels in die skulp, gerookte salm en brood en botter. Baie peper en suurlemoen.

Dit was die voorgereg. Toe gaan ons terug na die buffet om die verskeidenheid vleisgeregte te beproef, plus nog slaai. Koue roast beef, 'n sny ham, 'n paar blokkies feta-kaas, sampioenslaai, Russiese slaai en blare. Daarby skaai ek 'n gebakte Yorkshire-poeding van die warm vleistafel, waar 'n groot tollieboud ook deur die chef gesny word ingeval jy nog honger is.

Daarna het ons die poeding deurgekyk, maar dit lyk ietwat soos neef Dawie se ma se verkiesingveldtog-poeding (verkeersligte-jellie), toe los ons dit maar.

Ek noem dié ietwat vreemde maaltyd as 'n perfekte voorbeeld van 'n vyfster-hotel se idee van 'n somerbuffet. Die hotel noem ek nie, nothing wrong with them, maar wat wel verstommend is, is dat daardie chefs en spyseniers onwrikbare gelofies het in wat mense wil eet. Dalk is hulle reg, en om natuurlik die goue middeweg te kies waarin mooi kos, wins, almal-se-smaak en gerief vir die kombuis saamgevoeg word, is bleddie moeilik.

**MAAR SAL EK** die kos wat ek daardie middag gehad het, van voor af bespreek?

Die garnale, mooi pienkes so groot soos my duim, was plain gekook in water, heeltemal smaakloos. Selfs dié Pikeur weet 'n garnaaltjie het 'n wyn of 'n stock of peper of iets nodig as hy bevrore was.

Daar was 'n indrukwekkende array van asyne, suurlemoensouse, ses soorte olie, piri-piri en so aan op die trollie, maar die mayonnaise in 'n mooi hotel-sousbak was helaas salad cream, daardie onsmaaklike Engelse asynbottelsous. Jy ken hom aan sy kleur: roomgeel, soos outydse kombuisverf. Dit hoort nie in 'n vyfster-restaurant nie.

Die aspersies en artisjokharte was geblik, en ek het geen stry daarmee nie. Toor hulle self om met 'n druppel olie, balsemasyn en peper. Die mossels in skulpies was sag en heerlik, so ook die klein oestertjies.

Ek weet hotelle kan nie Skotse of Kanadese topklas-salm aanbied nie, dis te duur, maar die salm wat ons had, was plain oranje, olierig en vol chemikalieë. Chef, as jou inkoopgoed nie lekker smaak nie, sal die gaste jou mos meer waardeer wanneer jy sê "quality smoked salmon was unavailable today, madam."

**DIE VOLGENDE BORD:** Ons Pikeurs sal nooit, ooit leer om roast beef of 'n buffet te vermy nie. Ons eet dit altyd, en ons is altyd jammer. Die slaai met feta-kaas hoort in growwe klonte, nie einaklein fyn blokkies nie, maar ek gee tien uit tien vir die idee van 'n enorme bakvol feta. My compagnon se aartappelslaai was oortrek met die spesiale hotelsous, wat 'n kombinasie is van salad cream, room, dalk jogurt, en niks anders nie.

Die beste deel van bordjie twee was die ham, fyn, geurig, klam en dun gekerf, perfek met 'n tikkie mosterd en peperwortelsous. Die gesteelde Yorkshire-poeding, warm en lig, was perfek hierby. Die sampioenslaai was weer eens smaakloos, waterig, nie 'n kruid in sig nie.

Omdat die maaltyd reeds ryk was aan viskos en vleis, wou ons nie kaas of beskuitjies of die basaarpoeding hê nie. Vars vrugteslaai het ons bederf teen die wonderlike somervrugte wat ons deesdae rand-a-bag in die straat koop. Jy eet jou druiwe, nektaryn en spanspek smôrens vir ontbyt, en basta die room bo-oor.

Die onderliggende klagte oor die peperduur hotel-ete is dat ons nie werklik gehalte-kos kry nie, en hulle kierang met dinge wat saak maak, soos mayonnaise. Ek sal 'n groot bakvol regte egte olyfolie-mayonnaise, asook 'n stewige tartare-sous met agurkies, veel meer waardeer as die versameling potjies en bekertjies souse en olies wat duidelik daar is om jou plain ou kossies op te tooi.

**DIE BROOD WAS** nie vars nie. Moet ek hier vir 'n kok verduidelik dat as jy restaurant-brood gaan maak, dit binne vier uur oud word? Franse weet dit, dis dié dat hulle twee maal per dag brood koop. As jy tafel dek, monsieur, is jou broodrolletjies binne driekwartier no good.

Mies Pikeur se gripe het natuurlik nie alles met die kos te doen nie. Ek is na die smart hotel genooi vir 12.15nm, ons moes vroeg eet. Ek arriveer 11.55, en vertel die hoofkelner ek is 20 minute vroeg, en weet sy of my gasheer dalk nog in die swembad is?

Sy kyk my grou en beleef aan, vra of ek 'n tafel bespreek het (nee, nie ek nie, die professor het), vra of ek weet of hy in die hotel bly (ja), roep die kelner en vra om sy gastelys, wat sy in stilte noukeurig deurgaan.

Sy vra nie of ek dalk wil sit nie, sy vra nie of ek 'n glas wyn wil drink terwyl sy die professor gaan soek nie, sy kyk dwarsdeur my asof ek nie daar hoort nie.

En Mies Pikeur dra nie eens hoëhakskoene nie.

FOR THE FIRST TIME IN SOUTH AFRICA:

# WORLD MUSIC

MANU DIBANGO, KAFALA BROTHERS, BONGA, FRANCO, TABU LEY, ALPHA BLONDY, SONNY OKOSUNS, MBILIA BEL, SAM MANGWANA, ASTER AWEKE, ISMAEL LO, KANDA BONGO MAN, PAPA WEMBA, PEPE KALLE, RAY LEMA, SALIF KEITA, KASSE MADY, BAABA MAAL, ALI FARKA TOURE, SUPER MAZEMBE, KOFFI OLOMIDE, FELA KUTI, CHEB TATI, CHEB KHALED, OFRA HAZA, 3 MUSTAPHAS 3, SE ROGIE, BHUNDU BOYS, STELLA CHIWESHE, KASSAV, MOUTH MUSIC, MUZSIKAS, IVO PAPASOV, MARTA SEBESTYEN, VOIX BULGARES, LATA MANGESHKAR, NAJMA, NUSRAT FATEH ALI KHAN, ABDEL AZIZ EL MUBARAK, JOE ORROYO, RAY BARRETTO, RUBEN BLADES, FANIA ALL STARS, ORCHESTRA BAOBAB, TITO PUENTE, SONGHAI, KETAMA, KING SUNNY ADE, BUCKWHEAT ZYDECO, FLACO JIMINEZ, RORY MCLEOD, NICK DRAKE, SANDY DENNY, MICHELLE SHOCKED, KLEZMER CONSERVATORY BAND, EDDIE LEJEUNE, FLATT & SCRUGGS, SONNY TERRY, BROWNIE MCGEE, LINTON KWESI JOHNSON, MIKEY DRE[illegible] YELLOWMAN, EEK-A-MOUSE, LEE "SCRATC[illegible] BURNING SPEAR, CULTURE, BLACK UHURU, MUTABARUKA, MANU DIBANGO, KAFALA BROTHERS, BONGA, FRANCO, TABU LEY, ALPHA BLONDY, SONN[illegible] MBILIA BEL, SAM MANGWANA, ASTER AWEKE,

SHIFTY RECORDS

Hannibal Records · Stern's Records · Triple Earth · Ryko · Rounder · Workers Playtime Music Co

**PLUS PLENTY OF OLD JAZZ, BLUES AND FOLK.**

AVAILABLE AT

**Shifty Records** 59 Bezuidenhout Street, Yeoville.
Or at the Shifty stall at the Flea Market, Market Theatre
**Tel** (011) 648 1893/4 **Fax** 487 3101